# ’n Bydrae tot die Sintaksis van die Werkwoord in Afrikaans

deur

M. de Villiers.

Proefskrif ter verkryging van die graad Ph. D. aan die Universiteit van Kaapstad.

The University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

The University of Cape Town

# INHOUD.

EERSTE HOOFSTUK.

## DIE REKSIE VAN DIE WERKWOORD.

INLEIDING.


Par. 1. Algemeen........................... bls. 1.
2. Die sin en die werkwoord............ bls. 2.
3. Die sinsdele....................... bls. 4.
4. Psigologiese subjek en gesegde...... bls. 5.


DIE REKSIE VAN DIE WERKWOORD.


Par. 5. Reksie........................... bls. 7.
6. Situasiewoorde..................... bls. 8.
„Dit" as subjek.
7. Atmosferiese toestande.............. bls. 9.
Ander werkwoorde met „dit".
8. „Dit" as voorlopige subjek.......... bls. 10.
9. Dubbele reksie..................... bls. 11.
10. Onpersoonlike begrippe.............. bls. 12.
11. „Dit" as onbepaalde persoon......... bls. 13.
12. Verbindings met „daar"............. bls. 13.
13. Usurpasies......................... bls. 16.
Die Werkwoord en sy Bepalings.
14. Gebonde bepalings.................. bls. 17.
15. Gesegdebepalings.(Skeibare werkwoorde) bls. 18.
16. Ander soort werkwoordelike bepalings. bls. 23.
17. Die objek.......................... bls. 23.
18. Die noodsaaklik-wederkerende werkwoorde... 24.
19. Drie klasse werkwoorde.............bls. 24.
20. Onoorganklike werkwoorde............bls. 25.
21. Oorganklike werkwoorde..............bls. 26.
22. Neutrale werkwoorde................ bls. 27.
23. Koppelwerkwoorde................... bls. 29.
24. Woordskikking...................... bls. 34
25. Nexus. Die funksie van die werkwoord bls. 36.


TWEEDE HOOFSTUK.

## DIE INFINITIEF.


Par. 26. Die karakter van die infinitief... bls. 38.
27. Die inf. met „om te". ............ bls. 39.
28. Histories. Grammatikalisasie.... bls. 43.
29. Die inf. met „te"................ bls. 45.
30. Infinitief of selfstandige naamwoord? bls. 47.
31. Hendiadys: Die verbinding van twee
wwe deur middel van „en"......... bls. 50.
32. Hulpwerkwoorde.................. bls. 54.
33. Die hulpwerkwoorde van aspek...... bls. 55.
34. Die hulpwerkwoorde van reksie..... bls. 59.
35. Selfstandige werkwoorde + infinitief bls. 61.
36. Die modale hulpwerkwoorde......... bls. 62.
37. Woordskikking.................... bls. 64.


DERDE HOOFSTUK.

## DIE DEELWOORD.


Par. 38. Die deelwoord en sy vorm.......... bls. 67.
39. Het, word, is, was + deelwoord.... bls. 68.
Aspek.
40. Inleiding........................ bls. 71.
41. Die aspek van die deelwoord....... bls. 72.
Die Passief.
42. Waarde.......................... bls. 75.
43. Moeilikhede by die geleding van die sin... 76.
44. Die waarde van die hulpwerkwoorde.. bls. 78.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Par. | 45. | Histories.......................... | bls. | 81. |
| | | Ander werkwoorde + die deelwoord.. | bls. | 83. |
| | 46. | Inleiding.......................... | bls. | 83. |
| | 47. | Onoorganklike werkwoorde.......... | bls. | 84. |
| | 48. | Oorganklike werkwoorde............ | bls. | 87. |
| | 49. | Die verbale krag van die deelwoord | bls. | 89. |
| | 50. | Woordskikking..................... | bls. | 93. |
| | 51. | Deelwoord of byvoeglike naamwoord? | bls. | 93. |


VIERDE HOOFSTUK.

DIE HULPWERKWOORDE IN ONDERLINGE VERBINDING. DIE MODALE HULPWWE.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Par. | 52. | Inleiding......................... | bls. | 95. |
| | | Groepe II en III. | | |
| Par. | 53. | (Hww.I +) hww.III + hww.III of IV + inf. | | 97. |
| | 54. | Het + hww.III + inf............... | bls. | 97. |
| | 55. | Hww.II + hww.I.................... | bls. | 99. |


DIE MODALE HULPWERKWOORDE.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Par. | 56. | Modaliteit........................ | bls. | 100. |
| | 57. | Die tipes verbinding.............. | bls. | 101. |
| | 58. | Durf.............................. | bls. | 102. |
| | 59. | Behoort........................... | bls. | 102. |
| | 60. | Hoef.............................. | bls. | 103. |
| | | Sal en sou | | |
| | 61. | Sal + inf. ....................... | bls. | 104. |
| | 62. | Sou + inf......................... | bls. | 105. |
| | 63. | Sal en sou + ander hwwe........... | bls. | 106. |
| | 64. | Modale hwwe + deelw. + het........ | bls. | 107. |
| | 65. | Sal + deelw. + het................ | bls. | 107. |
| | 66. | Sou + deelw. + het................ | bls. | 108. |
| | | Moet en moes. | | |
| | 67. | Moet + inf........................ | bls. | 109. |
| | 68. | Moes + inf........................ | bls. | 110. |
| | 69. | Moet + deelw. + het............... | bls. | 110. |
| | 70. | Moes + deelw. + het............... | bls. | 110. |
| | | Kan en kon. | | |
| | 71. | Kan + inf......................... | bls. | 112. |
| | 72. | Kon + inf......................... | bls. | 113. |
| | 73. | Kan + deelw. + het................ | bls. | 113. |
| | 74. | Kon + deelw. + het................ | bls. | 113. |
| | | Mag en mog | | |
| | 75. | Mag + inf......................... | bls. | 114. |
| | 76. | Mog + inf......................... | bls. | 115. |
| | 77. | Mag + deelw. + het................ | bls. | 115. |
| | 78. | Wil en wou........................ | bls. | 116. |
| | 79. | Irrealis en onpersoonlike reksie.. | bls. | 117. |
| | 80. | Woordskikking..................... | bls. | 119. |

# HOOFSTUK I.

## DIE REKSIE VAN DIE WERKWOORD.

### INLEIDING.

**Par. 1. Algemeen.**

In die tradisionele grammatika wat spruit uit die studie van Latyn en Grieks vind ons gewoonlik 'n duidelike skeiding tussen die vormleer wat gaan oor die vorme van die woorde, en die sintaksis wat gaan oor die verbinding van sinne en woorde. Hoewel baie grammatici al probeer het om 'n meer rasionele afbakening van terreine te vind, glo ek dat daar noodwendig steeds 'n mate van oorvleueling of herhaling sal wees omdat woord en sin twee integrerende begrippe in die taalkunde is.

Die beskrywende taalkunde het slegs twee geskeide studiegebiede: die (fisiese en fisiologiese) leer van die klanke, en die leer van die betekenisse.

Die betekenisleer kan sinteties of analities beskou word, d.w.s. as 'n opbou van gehele met behulp van woorde, of as 'n ontleding van gehele in hulle dele. Om alle verwarring te vermy moet ek daarop wys dat die betekenisleer of semantiek ook anders beskou kan word, nl. as 'n versameling van los, onsamehangende feite. Dit is die metode van die woordeboek.

In hierdie monografie oor die werkwoord in Afrikaans wil ek probeer om sowel sinteties as analities te werk te gaan. Ek raak aan kwessies soos rededele, sinsleer, fleksie, funksie van vorme, woordorde, kongruensie, en bring ook die semantiek te pas. In soverre woordvorming fleksie is, word dit ingesluit.

Omdat ek die aspekte van woordvorming wat nie die verbindings beïnvloed nie, uitsluit, noem ek dié werk <u>sintakties</u>. Trouens dit lyk my dat die Afrikaanse grammatika baie probleme wat in die verwante tale ook as morfologie voorkom, slegs sintakties kan behandel.

Met die oog op die waarde wat 'n geleerde soos Prof. Overdiep in sy „Stilistische Grammatica" aan die term sintaksis heg, lyk dit my gewens om die verskil tussen my metode en dié van Prof. Overdiep aan te dui:

Weens die defleksie van baie Europese tale meen sommige taalkundiges dat die studie van die „grammatika" uitgedien is. So veral Brunot en in 'n sekere sin ook Overdiep. In sy groot werk „La pensée et la langue" gaan Brunot streng volgens hierdie beginsel te werk: Hy deel al die materiaal in volgens logiese of ontologiese (Jespersen noem dit „notional") kategorieë en bepaal dan oor watter middele die taal beskik om hierdie begrippe uit te druk. Hierdie metode moet noodwendig stilisties of individueel wees, want elke individu beskik oor sowel algemene as persoonlike middele om die begrippe uit te druk.

My studie is egter grammaties en gaan dus slegs die algemene wetmatigheid na; ek moet dus sommige stilistiese feite verwerp as nie horende tot die grammatika nie. Tereg sê Jespersen: „Grammar deals with the general facts of language". (Phil. of Gr. bls.32)

## Par. 2. Die sin en die werkwoord.

Die leer van die rededele hang baie nou same met die leer van die sinsdele, en veral die ww. word gewoonlik bepaal in terme van 'n sinsdeel.

Maar wat is 'n sin?

Indien 'n woord pas in 'n sin sy waarde (betekenis en funksie) kry, kan ons verder redeneer dat 'n sin pas waarde het in 'n verband of situasie. Maar dit is onmoontlik om uit te gaan van 'n situasie, want iedere situasie is anders. Ons moet dus die term „sin" a priori vaslê.

Ek verwerp dan die opvatting dat 'n sin slegs deel is van 'n handeling met sosiale gevolge, omdat so 'n definisie alles onbepaald laat. „Wat als zin gelden zal in een bepaalde taal is derhalve niet afhankelyk van de subjectieve activiteit maar

van de norm van het objectieve systeem". (Langeveld, N.Tg.29 bls.77).

Ries sê dan oor die objektieve struktuur : „Ein Satz ist eine grammatisch geformte kleinste Redeeinheit, die ihren Inhalt im Hinblick auf sein Verhältnis zur Wirklichkeit zum Ausdruck bringt". (Was ist ein Satz? bls.99). Hierdie omskrywing wil ek aanvaar met die volgende vertolking daarvan :

Die term „grammatisch" beteken algemeen, gemeenskaplik of normaal. Die tweede deel van die definisie beteken dat die verstaan of vertolking van die sin nie afhanklik moet wees van uiterlike faktore soos die spreker of die situasie nie. Hier lê egter die knoop: elke sin het sy ontstaan te danke aan een bepaalde, konkrete situasie en word deur 'n bepaalde spreker met die oog daarop vir 'n bepaalde hoorder uitgespreek.

Dog daar bestaan die verskil tussen die volkome situasiegebonde uiting en die sin, dat eersg. se struktuur verander moet word sodra dit herhaal word in 'n ander situasie terwyl die sin sy struktuur behou in so 'n geval. (Ek sê met opset struktuur en nie woorde nie omdat daar woorde is wat volgens die situasie gewysig moet word. Dié situasiewoorde bespreek ek in par. 6 ).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Bv. | A. | Soe! | B. | Dit is warm vandag. |
| | A. | Kyk daar! | B. | Jy moet daar kyk. |
| | A. | Kwaai, die Piet! | B. | Piet is baie kwaai. |

Die verskil tussen A en B is telkens dat wat implisiet in A is, in B in woorde gestel word. In die sin is daar noodsaaklik 'n werkwoord wat met 'n ander woord verbind word.

1) Bestaan daar sinne sonder ww?

In Afr. bestaan daar 'n aantal spreekwoorde sonder ww. Bv. Gou by die bak lui by die werk. —— Stille waters diepe grond. —— Klein begin, aanhou win. ---.
Sulke konstruksies is egter uitsonderlik en dien nie as model vir gewone sinne nie.

2) Bewys die aanwesigheid van 'n ww. dat die konstruksie 'n sin is?

Gewoonlik bevat 'n bevel 'n ww., maar bevele is geen sinne nie omdat die toegesprokene geïmpliseer word.

Jespersen noem 'n ander geval „We have verbal sentences without subject of different kinds p.e. cantat - who it is that sings appears only from the context, whether a name has just been mentioned ..... or is clear from the situation only. The form of the verb shows nothing but the negative fact that the singer is neither identical with the speaker or the spoken-to". (Anal. Synt. bls.137)

A priori durf ons dus sê dat die sin - soos ek dit bepaal het - in alle tale minstens tweeledig moet wees. Die sinsdeel waarvan die ww. die kern is, noem ons die gesegde en die tweede sinsdeel die onderwerp. Ons moet die verleiding weerstaan om die ww. eenvoudig gesegdewoord te noem om die rede wat Broendal so helder stel: „Ce qui doit amener encore à condamner toute définition syntaxique d'un mot en tant que mot c'est l'extrême variabilité des systèmes de mots en regard de la grande constance, déja constatée des éléments de la phrase". (Psychologie bls. 219). M.a.w. ons mag nie die analitiese metode met die sintetiese verwar nie.

## Par. 3. Die sinsdele.

Sonder 'n bepaalde aanleiding of prikkel spreek geen mens 'n sin uit nie en sonder objektiewe elemente d.i. woorde, kom geen sin tot stand nie.

Dit kan dien as gedeeltelike antwoord op die vraag wat altyd weer gestel word: wat kom eerste, die sin of die woord?

Hierop bestaan daar geen nadere antwoord nie omdat die vraag te vaag is. Wat ons wel kan vra is of die spreker eers woorde in sy gees het of sinskemata (d.i. patroon van sinsdele).

So is die vraag gestel deur Reichling (Het Woord bls. 391-434) en van Ginneken (Onze Taaltuin V blss 97, 193, 235 vlgg.)

Van Ginneken ontleed die dink-en spreekprosesse in 'n

hipotetiese geval en verklaar dan dat die skemata (leë hokke of nette) die spreker voorweef nog voordat hy aan een woord gedink het. Reichling daarenteen verklaar dat die gebruiksmoontlikhede van 'n woord die skemata bepaal. Sodra die spreker een woord (of woordgroep) uit, beperk hy die moontlikhede t.o.v. die volgende woord (of woordgroep).

Vir die hoorder is dit natuurlik anders „Comprendre une phrase, c'est donner leur valeur de signification directe et leur valeur fonctionelle, syntaxique, aux mots d'une phrase, en réalisant la construction, c'est -à-dire en rétablissant le jeu de rapports qu'elle figure; c'est comprendre et le sens des mots et la construction de la phrase." (Le langage et la pensée bls. 459).

Waar die spreker dus opbou, ontleed die hoorder, maar steeds gaan die prosesse saam soos Delacroix duidelik verklaar. Dit is dus sinneloos om te sê dat die woord voor die sin is, of omgekeerd.

Indien ons terwille van die uiteensetting van bv. die woord uitgaan, is dit duidelik dat die ww. (in Latyn verbum=die woord) die belangrikste is by die bepaling van die skemata. Dit is juis wat ek onder die benaming reksie wil behandel. Aan die ander kant vind ons gevalle waar die spreker blykbaar nie van die ww. uitgaan nie en sinskemata en woordmoontlikhede nie in harmonie met mekaar is nie.

## Par. 4. Psigologiese subjek en gesegde.

By gebrek aan iets beters kan ons sê dat die „psigologiese" subjek en gesegde nie hoef saam te val met die grammatiese subjek en gesegde nie. W. de Vries gee die volgende treffende voorbeeld: „Zwarte zwanen zie je niet veel". Dit beteken dat swart swane nie veel voorkom nie „maar dat zegt de zin slechts middellyk; deze zin wordt door iets ander veroorzaakt dan door deze bedoeling". (N.Tg.16 bls. 19 vlgg).

Van die onharmonieuse (in Eng. incongruent) funksie sê Gardiner tereg dat die grammatika hom in die algemeen

besig hou met „congruent function", en „incongruent function" behandel slegs as dit 'n nuwe vorm opbou wat „congruent function" sal hê. (Speech and Language par. 61. Vgl. ook Hfst. IV.)

In Engels begin ons inderdaad nuwe vorme sien soos V. Mathesius dit uiteenset in „On linguistic characterology with illustrations from modern English" (Actes du le congres des linguistes. 56-63).

Hy verklaar: „In languages with developed verbal systems there very often appears a vacillation between two different conceptions of the grammatical subject, that of the doer of the action expressed by the predicative verb and that of the theme (psychological subject) of the enunciation contained in the predicate" (bls. 58) Hy verklaar dat moderne Eng. by voorkeur die tema tot subjek maak ten koste van onpersoonlike e.a. konstruksies. Bv. „I was shown the town. —— He had a leg put off. —— He is sure to come. —— He had seen his wealth engulfed".

Ph. J. Simons gee treffende staaltjies uit Ndl. hoe die sielkundige subjek telkens as 'n ander sinsdeel optree:

1. Over die kist had ie vroeger nooit een kleed liggen. (bep.)
2. Die kist had ie vroeger nooit een kleed over. (?)
3. Die kist had ie vroeger zomaar zonder kleed op z'n kamer staan. (obj.)
4. Die kist was vroeger onbedekt. (subj).+

In Afr. vind ons voorbeelde hiervan in parr. 8, 10, 12. 'n Gewone tipe is bv. „Daardie emmer is gate in —— Ons berg is blomme op"

Die taal beskik egter oor taalmiddele om die hoofandag op ander sinsdele as die gesegde te laat val:

1. Die subjek, bv. Dit is Jan wat dit gedoen het.
2. Die objek, bv.: Dit is oorlog wat ons almal vrees.

---

\+ (N.Tg. 16 bls. 84 vlgg)

3. 'n Bepaling. : Dit is gelukkig dat hy gekom het.
Vgl. par. 23.

---

## DIE REKSIE VAN DIE WERKWOORD.

### Par. 5. Reksie

Ek het reeds 'n terloopse definisie van reksie gegee nl. die gebruiksmoontlikheid van 'n ww. Dit hang natuurlik baie nou saam met sy betekenis. Die betekenisse van die meeste wwe. word saamgevat onder die algemene begrippe „handeling of toestand". In verband hiermee sê Bühler: „(Das Verbum) ist der Ausdruck einer bestimmten Weltauffassung im ursprünglichsten Wortsinne einer Auffassung, die Sachverhalte unter dem Aspekte des (tierischen und) menschlichen Verhaltens begreift und zur Darstellung bringt". (Sprachtheorie bls. 249). Daarom kan 'n kind vra „Wat doen die wind as hy nie waai nie?"

Dit is tans ons taak om na te gaan hoe die betekenis - in die wyer sin - van die ww. die tipe verbinding by voorbaat bepaal, onafhanklik van die spreker se bedoeling.

Daarby moet dan blyk of die ww. „animisties" is soos Bühler sê, d.w.s. of dit 'n lewende wese as subjek (agens) impliseer, en of daar ook wwe is wat ander soorte subjekte neem. Daarby betrek ons dan nie alleen die verhouding van ww. tot subjek nie maar ook tot objek en bepaling. Dit sluit selfstandige, onpersoonlike, oorganklike, onoorganklike, koppel-en hulpwwe in.
Vgl. Tipes Werkwoorde in par. 23.

Par. 6. Situasiewoorde.

Die twee belangrikste woordsoorte wat as subjek optree is die snw. en die sg. vnw. Vir die reksie is die vnwe van groot betekenis.

Die vnwe van die eerste en tweede persoon is nl. situasiewoorde, (Bühler noem hulle „Zeigworter") en dit is volkome vals om hulle as plaasvervangers van 'n snw. te bestempel. Dit is woorde wat verwys na konkrete persone of dinge in die situasie, en dus slegs waarde het waar die hoorder in direkte kontrak met die spreker is. Hulle betekenis is egter uiters abstrak soos blyk uit die bekende feit dat kinders reeds lank name kan gebruik voor hulle in staat is om die situasiewoorde reg te gebruik. Die kleuter kan die waarde (betekende) maar nie die betekenis verstaan nie.

Met die vnwe van die derde persoon is dit heel anders gesteld. Wel is hulle ook dikwels situasiewoorde - veral in die beklemtoonde vorm - maar hulle slaan dikwels op die „context" of woordverband. In dié geval verwys hulle dikwels na 'n bepaalde begrip wat deur een woord aangedui word. Vandaar dat hulle beskou word as plaasvervangers, maar hierdie kenmerk is sekondêr en word ook nie eens konsekwent toegepas nie. Jespersen sê tereg: „In this way we should get a class of substitute-words which might be subdivided into pro-nouns, pro-adjectives, pro-adverbs, pro-infinitives, pro-verbs". (Phil. of Gr. bls. 83)

Wat die toon- of situasiewoorde na verwys in die geval van die derde persoon is dikwels niks konkreets nie maar 'n abstrakte begrip wat in die woorde wan die sprekers opgesluit lê.

Bv. Hoe laat het jy gisteraand gaan slaap? Ek dink dit was so teen twaalfuur. --- Hierbinne het iemand hardop gesnik. Dit was vir my onverstaanbaar. --- Ek was bang. Dit was die vrees wat 'n mens by 'n sterfgeval voel.

Vgl. ook „dit" as objek: Ek is dit eens met jou.

Terwyl dit 'n globale aanduider is, dra hy en sy die kenmerke van sekse en getal, en hulle die kenmerk van getal. Hoeseer dit verskil van die ander toonwoorde blyk uit die wisseling van dit, daar, hier, so.

Bv. Drink jy dit? Ja, maar ek hou nie daarvan nie. --- Dit is my man, hier is my man. --- Doen dit; maak so.

In Ndl. „Je broer is jarig. Ga je'm feliciteren? Nee, daar kom ik nooit". (N.Tg. 16 bls. 84)

## „Dit" as subjek.

### Par. 7. Atmosferiese toestande.

'n Aantal wwe het steeds „dit" as subjek: reën, motreën, sneeu, hael, ryp, dou, kapok, donder, weerlig, skemer, ens.

Waar ons in ander soort sinne 'n toonwoord het, kan ons die situasie verder objektiveer deur bv. te vra „Wie sê so? Wat staan op die tafel?" ens., maar dit is onmoontlik om te vra „Wat reën, hael, donder ? ens.

Die woord „dit" slaan dus nie op enige subjek wat as agens in 'n animistiese sin te beskou is nie, dog op die situasie of plek waar die spreker hom bevind. Ons mag dit ook beskou as 'n stoplap wat moet dien om te beantwoord aan die gewone skema Subjek-Gesegde. As ons die implisiete element in die sin wil objektiveer dan moet ons vra „Waar reën, hael, donder, ens. dit?"

Die gebeure of toestand moet dus ruimtelik beskou word. Of dit vroeër animisties beskou is as „(Jovis) pluit, tonat, ens." wil ek nie bespreek nie. Interessant is die sitaat wat Jespersen aanhaal: In his pamphlet „Les Langues Ourala-altaiques" (Bruxelles 1893) W. Bang thinks it incontestable that the human mind before having the conception

of I and thou had that of here and there".
(Phil. of Gr. bls. 214)

'n Enkele keer kan ons na analogie van die animistiese wwe ook vind: „Die velde skemer voor my oë. --- Slae hael op hom neer. - Die koeëls reën op ons. --- Die kanonne donder aan alle kante."

Omgekeerd kan ook 'n gewone ww. gebruik word met „dit" om atmosferiese gebeure aan te dui, o.a. sous, stort, stroom, bulder, weergalm, dreun, [stroom, bulder, weergalm, dreun,] knetter, waai, ens. Dit gebeur egter selde dat die wwe 'n egte ruimtelike toestand aandui sodat ons kan vra „Waar sous, stort, ens. dit" Meestal word die plek in die sin aangedui deur 'n bepaling, bv. „Dit dreun in die strate. --- Hoog in die bome ruis dit. --- Dit weergalm tot in die verste kranse".

<u>Ander wwe met „dit"</u>.

In teenstelling met die atmosferiese wwe vind ons wwe wat soms met „dit" verbind word en soms nie.

<u>Par. 8.</u> „<u>Dit" as voorlopige subjek</u>.

Iemand stamp teen 'n ander op straat en sê „Dit spyt my, meneer". Die hoorder sal nie begryp waarop „dit" slaan nie tensy hy die stamp gemerk het en dus in dieselfde situasie is. Dan moet die spreker dit objektiveer: „Dit spyt my dat ek teen u gestamp het".

Hieruit blyk dat „dit" wat eers na die uiterlike situasie verwys het nou slaan op die taalverband en wel op die woorde wat nog moet volg. Ons noem „dit" dan <u>voorlopige subjek</u>.

Die bestaan van die voorlopige subjek kan aan verskeie faktore toegeskryf word:

(1) Die formele subjek word pas geformuleer in die gedagte nadat die sin uitgespreek is. Bv.: Dit is mooi nê? Die versameling blomme.
(2) Die sinsdeel wat as subjek moet optree, is te lank of omslagtig vir die aanhef. Bv.: Dit kom my voor dat hy nie van die voorstel hou nie. --- Vgl. verder par. 10.
(3) Die sinsdeel wat as subjek moet optree, het 'n afwykende vorm wat nie die subjekfunksie mag hê nie, dog bv. altyd as bepaling optree. Bv.: In die huis is dit stil. --- Dit slaan twaalfuur. --- Dit sneeu groot vlokke. --- Dit reën oumeide en knopkieries.

Par. 9. Dubbele reksie.

'n Aantal wwe is wat Jespersen noem „double-faced" (Essentials bls. 107) d.w.s. die proses word soms ruimtelik en soms persoonlik voorgestel. Bv. Dit wemel van visse in die stroom. --- Die stroom wemel van visse -- Die visse wemel in die stroom. Dit swerm van bye in die tuin. --- Die tuin swerm van bye. --- Die bye swerm in die tuin.
Dit krioel van mense op straat. --- Die straat krioel van mense. --- Die mense krioel op straat.

Miskien kan ons die volgende as analogiese uitbreiding beskou: Dit sit vol mense in die saal. --- Die saal sit vol mense. --- Die mense sit die saal vol.

Tot hierdie groep hoort ook: Dit spook in die ou meule.--- Die ou meule spook. --- Spook u senuwees?

'n Ander groep druk sintuiglike waarneming uit, o.a. ruik, voel, jeuk,brand.
Bv. Dit ruik na kruisement in die tuin. --- Hy ruik na drank. --- Die honde het iets geruik.
Dit voel vir my of dit gaan reën. --- Die vloer voel nat. --- Voel jy nie die koue nie?

Dit jeuk op sy vingers. ---- Die wond jeuk. ---- Die arme kind jeuk oor sy hele lyf.

Dit brand op my tong. ---- Die peper brand my tong. ---- My tong brand.

Wackernagel merk op dat ons by wwe wat gevoelens en gedagtes uitdruk dieselfde verskynsel as by atmosferiese omstandighede vind t.w. persoonlike en onpersoonlike uitdrukkings. „Je nachdem die eine oder andere Auffassung überwiegt, haben wir persönlichen Gebrauch; den letztern aus dem Bewusstsein heraus, dass Gefühle über uns kommen und Gedanken auf uns einströmen ohne dass wir selbst die Urheber und Schöpfer dieser Gedanken sind". (Vorlesungen bls. 117)

Par. 10. Onpersoonlike begrippe.

By 'n aantal wwe vind ons dat die sielkundige objek optree as voorsetselbepaling, infinitief of bysin. Hierdie groep wwe simboliseer 'n onpersoonlike krag wat op die belanghebbende persoon inwerk. Soos Brunot sê: „La pensée se présente souvent comme ayant pour base, non plus l'idée d'un être, d'une chose etc. marqué par un nom, mais l'idée de l'existence, de necessité, de conveniance, de suffisance etc. en tout cas une idée exprimée soit par un verbe accompagné d'un nom, d'un adjectif etc". (La pensée .... bls. 13, vgl. ook bls. 283)

In Afr. word hierdie begrippe uitgedruk deur o.a. behaag, mishaag, betaam, misluk, geluk, gebeur, kom voor, spyt, traak, spreek vanself, lyk, blyk, ontbreek, makeer" ens. Bv. Dit betaam hulle nie om te spot nie. ---- So het dit gebeur dat twee tiere hulle daar gevestig het. ---- Dit lyk my dat Elsie siek is. ---- Dit traak my nie of julle die plan goedkeur nie. ---- Wat makeer jou? Wat makeer jy?

Al hierdie wwe kan ook met gewone snwe verbind word maar die meeste kan nie met 'n toonwoord van die eerste of tweede persoon verbind word nie.

Tot hierdie groep hoort ook die modale wwe behoort, hoef, kan, mag, moet, sal. (Vgl. parr. 36, 59-77.)

Par. 11. „Dit" as onbepaalde persoon.

„Dit" kan soms dien as wat Jespersen noem die „generic person".

Bv. En toe val dit in met kitaar en ramkie --- Nou saal dit perde op vir die beker. --- Dit wil net maak en breek, en wat klaar is, jaag uit agter ons. --- Dit lag en gesels, en hulle weet van geen gevaar nie.

Dit is 'n impressionistiese stylmiddel om alle aandag te laat val op die handeling; soms glip die subjek uit soos in die laaste sin.

Hierdie soort sin kan willekeurig in die aktief of passief voorkom.

Bv. Van agter af word dit opgedruk dat dit so bars. --- Waaroor word dit dan so diep gedink?

Ons sou ewe goed kan sê: Van agter af druk dit ..... Waaroor dink dit dan so diep?

Tereg sê Paul: „Im unpersönlichen Satze ist es an und für sich einerlei ob man das Akt. oder das Pass. setzt". (Prinzipien bls. 279)

Par. 12. Verbindings met „daar"

Wanneer ons die twee volgende sinne vergelyk: „Dáár kom die karre" en „Daar kom elke jaar baie voëls in die tuin", dan is dit duidelik dat die toonwoord „daar" heel verskillende funksies het in die twee sinne. Trouens die twee sinne verteenwoordig twee verskillende tipes: die eerste is situasie-gebonde, dit verwys na iets wat voor ons

oë gebeur, en die spreker kan net die beklemtoonde „daar" gebruik as die hoorder die rigting van sy stem, oë, of gebaar self kan waarneem. Die tweede „daar" is abstrak.

Van Engels sê Jespersen „The word there which is used to introduce such a sentence though spelt in the same way as the local there has really become as different from it as the definite from the indefinite article; it has no stress and is generally pronounced with the neutral vowel (     ) instead of (     )". (Phil. of Gr. bls. 154-156). In Ndl. is die ooreenkomstige vorme er (d'r) en daar.

Ek wil vervolgens die belangrikste kenmerke van „daar" in die abstrakte sin aanstip; oor die lokale bywoord „daar" hoef ek niks te sê nie.

1. Die woord dra nooit 'n sterk aksent nie.

2. Dit lui steeds die sin in.

3. Die grammatiese subjek is steeds onbepaald, d.w.s. met 'n of sonder enige lidwoord.

Bv. Binne in hom is daar opstand, dreig daar 'n begeerte om af te snou.---Is daar nie lammers weg nie?

4. Die wwe wat in die abstrakte sinne met „daar" verbind word, is onoorganklik. Die belangrikste is wees, dan kom, en verder bestaan, ontstaan, lê, sit, gebeur, ens.

Bv. Daar het 'n deurdringende reëntjie geval. --- Daar sal weer rus kom. --- Vanaand volg daar 'n onheilspellende stilte. --- Daar kraak iets. --- Daar spook wraakgedagtes in hom. --- Daar lê dun lyne om sy mond. --- Daar bestaan beswaar teen kritiek van alle aard.

Jespersen wys daarop dat hierdie tipe sin die bestaan van iets verklaar of ontken (existential sentences) en dat hulle in verskeie tale besonderlike kenmerke het. In Deens bv. het die formele subjek die vorm van 'n objek.

In baie tale staan die ww. in die enkelvoud selfs voor 'n subjek in die meervoud. In Duits word die begrip uitgedruk deur „es gibt"; Fr. „il y a"; It. „vi ha (hanno)" ens. (Phil. of Gr. 155-6)

Die waarde van „daar" is maklik te begryp. In konkrete sin dui dit aanwesigheid aan, in abstrakte sin abstrakte aanwesigheid, d.w.s. bestaan.

Natuurlik vind ons geen bepaalde subjekte in die sinne nie, want wat bepaald is, bestaan vanselfsprekend. Die voortbestaan van 'n bepaalde subjek mag wel verklaar word. Bv. „Daar is nog die ander lastige vraag: wat gaan sy moeder sê".

Al die wwe wat in die abstrakte sin gebruik word, bevat implisiet die begrip bestaan, terwyl die ander elemente van die betekenis op die agtergrond geskuif word. Ons kan dit vergelyk met die ontleding van die ww. deur die skool van Port Royal. Bv. marcher=être marchant.

In konkrete, beskrywende sinne kan die onbepaalde subjek natuurlik sonder „daar" staan. Bv. Ver oor die vlaktes trek 'n enkele warrelwind. —— Hekkies klap... ouers roep.

'n Besondere geval is die verbinding van „daar" met „word" in die passief. Meillet verklaar „Le vrai rôle du passif est d'exprimer le procès là ou l'agent n'est pas considerée p.e. dicitur. Ce qui donne au passif son utilité, c'est que au lieu de présenter le procès comme résultant de l'intervention d'un agent il le présente en lui-même, sans aucune notion étrangère. "(Ling. Hist. bls. 196)

Hierdie is egte „existential sentences" wat die blote handeling, sonder opgawe van agens of rigting voorstel. Die meeste wwe. wat so gebruik word, is onoorganklik maar dit is nie noodsaaklik nie. (Vgl. parr. 39, 42, 43)

Bv. Daar word geklop. —— Daar word gedans en gerook.

'n Spesiale geval is die omsetting van 'n inf. met „om te + objek" Paul gee as voorbeeld: „Die Stellung des Fürsten wird zu untergraben versucht".

In Afr. word dgl. sinne ingelei deur „daar". Bv. „Daar word probeer om die plan te dwarsboom".

**Par. 13.** **Usurpasies.**

Dit is moontlik om 'n proses voor te stel as afhanklik van die bepaalde omstandighede of voorwerp betrokke by die proses, sonder om die agens in aanmerking te neem, deur genoemde sake as grammatiese subjek te gebruik. Dan het ons 'n usurpasie van die subjek-funksie. (Vgl. W. de Vries. Tydschrift voor Ndl. Taal-en Letterkunde 29 bls. 122 vlgg.) Bv. Ja, Hans, boerbrood en roostervis met 'n bekertjie swart koffie - hy eet lekker en hy smaak vol. (H.G.) --- Stoetvee verkoop goed op Elsenburg. (D.B.) --- Die verhaal lees vlot en aangenaam. (H.G) Die graan behoort gou te trap. (Boerneef) --- Daardie boek sal verkoop (Langenhoven) --- Hoe goedkoper die papier hoe lekkerder skryf hy vir my. (Langenhoven). --- Die mousia is beter vuurmaakhout, maar kap swaarder en brand gouer uit. (H.G.)

Uit die spreektaal en antwoorde op vraelyste haal ek die volgende:
Die pyp rook lekker. --- Die stoel sit ongemaklik. --- Nuwe skoene loop swaar. --- Die bed slaap sag. --- Die grond ploeg maklik. --- Die sak dra swaar. --- Die blomme rangskik uitstekend. --- Die berg klim maklik. --- Die baan speel goed. --- Die pad ry sag. --- Die geweer hanteer maklik. --- Die skoene dra lank. --- Die hout saag taai. --- 'n Skerp ysterpaal slaan maklik in. --- Die perd ry sleg. --- Die vark slag goed. --- Die klavier speel mooi.

In Ndl. word die ww., volgens de Vries, dikwels verbind met <u>dit</u> en die bepalende omstandighede as sulks bewaar. Bv. „Het woont daar rustig".

In Afr. is die tipe seldsaam. Ek het slegs twee voorbeelde opgeteken: Dit kook goed op die stoof. --- Dit slaap lekker op die bed.

Die opvallendste van hierdie usurpasies is dat dit meestal tipiese <u>menslike</u> bedrywighede kombineer met 'n lewenslose subjek. Daarenteen klink die volgende sinne normaal omdat ww. en subjek in dieselfde sfeer val.
Bv. Die mes sny aan albei kante. --- Jou geweer skiet nog eersteklas. (Vergelyk verder par. 15)

## Die Werkwoord en sy Bepalings.

### Par. 14. Gebonde bepalings.

In parr. 2 en 3 is die verhouding van die ww. tot die sin en die ander sinsdele aangestip maar ons moet tans die kwessie verder voer.

Om nogeens die sinsstruktuur duidelik voor oë te hê, sluit ek aan by 'n sitaat uit Junker se opstel oor die Idg. en algemene taalwetenskap: „(Das Mehrwortgebilde) ist nichts als die mehrfache Benennung einer, wenn auch sehr inhaltsreichen Erscheinung. Die (einzelnen Worte) sind wie die Achsen eines Koordinatensystems. Für den Sprecher ist ein in einem bestimmten Sinne erlebter Sachverhalt der Ausgangspunkt. Dieser Sachverhalt wird durch jedes einzelne der Worte des (Mehrwortgebildes) einfachsten Baues (also mehrmals) genannt und gemeint, d.h. auf die durch die Worte dargestellten Achsen bezogen, so dass es auf diese Weise möglich wird einen individuellen Sinn, der als solcher ohne eigenen Namen ist, mit Hilfe vieldeutiger Worte eindeutig zu bestimmen. Nur dadurch, dass die erlebten Sachverhalte in verschiedener Weise "angesehen, aufgefasst", und dass sie überhaupt gedeutet werden können, kann, was sie dem Ich bedeuten, sprachlich zum Ausdrucke gebracht werden. Der Hörer vermag den Redner zu verstehen, weil er die gleiche Koordination der Worte vollzieht und so den Kreuzungspunkt

der durch den Wortinhalt gegebenen Beziehungen als den gemeinten Sinn erfasst." (Die idg. und allgemeine Sprachwissenschaft bls. 46);

(Uit my standpunt het die woord „Sachverhalt" hier ongeveer die waarde van „situasie").

Uit bostaande sitaat is dit duidelik dat waar spreker en hoorder hulle in dieselfde konkrete situasie bevind daar waarskynlik minder woorde nodig is om alles aan te dui as wanneer die spreker hom bv. deur middel van die geskrewe woord tot 'n leser rig. Die situasie kan steeds verder uitgebou word deur bepalings.

Naas die faktor van die situasie hang die bepalings egter ook af van die ww. en hoe ons hom gebruik.

Daar bestaan nl. bepalings wat deel uitmaak van die gesegde omdat hulle gebonde is aan die ww. deur a) gewoonte, b) 'n „totale" betekenis, c) sintaktiese eienaardighede.

## Par. 15. Gesegdebepalings. (Skeibare werkwoorde).

By alle woordsoorte behalwe die ww. beteken „samestelling" die onskeibare samevoeging van twee of meer woorde, maar die tradisionele grammatika (van Afr. Ndl. en Duits) praat ook van „skeibare" wwe. Volgens Potgieter is die kenmerke van dié soort samestelling as volg:

1. Hulle het die klemtoon op die eerste deel.
2. Hulle voeg in die verlede deelwoord „ge"- tussen die dele en dit word dan as een woord geskrywe.
3. Die dele word altyd geskei behalwe
   a) in die inf. sonder „te" of „om te."
   b) in die onvoltooide deelw.
   c) in 'n bysin in die onvolt. teenw. tyd.

(Nuwe Afr. Grammatika bls. 163)

Die probleem is dus dat hierdie woorde soms 'n lineêre eenheid vorm en soms nie. Hulle word aan mekaar geskrywe omdat hulle - volgens die meeste grammatikas - een begrip uitdruk.

Ek wil hier a priori vasstel dat ek alleen as woord beskou klankverbindings wat steeds 'n lineêre eenheid vorm, d.w.s. nie geskei kan word nie. Daarom beskou ek die sg. „skeibare wwe"

as 'n besonderlike verbale woordgroep. Soms staan die woorde direk na mekaar in 'n bepaalde volgorde (bv. „dat hy weggaan" maar nie „hy gaanweg" nie) en kan dan „as een woord geskryf word" - soos Prof. Bouman sê. (Afr. Spraakkuns bls. 137). Die skryfwyse het egter niks met die woordleer te maak nie.

Die verskuiwing van die skeibare wwe van die gebied van woordleer na die leer van woordverbindings los natuurlik nie die probleme op nie, dit stel hulle egter in die juiste raamwerk.

Prof. le Roux sê: „Die werbale komposita het ontstaan deur samestelling van die begrip van die Werkwoord met die van die bepaling of voltooiing tot 'n nuwe eenheid, soms met verbleking van die betekenis van die Werkwoord." (Sint. bls. 147;,vlg., bls.172).

W. de Vries gee treffende staaltjies van hoe die betekenis van die ww. verbleek terwyl die bepaling oorheersend word bv. „nevelen tot, wegpilaren" waar die groep beteken „weggaan of verbygaan soos newels of pilare." By sulke woordvormings tel die betekenis van die stam nouliks mee. Dieselfde verskynsel het ons in Afr. by bepalings van kragwoorde, bv. af-, op + voeter, neuk, ens.

Die bepalings wat aldus gebonde is aan die ww., in teenstelling met los (sins-) bepalings, toon die volgende kenmerke:

I. Soms verskil die groep semanties van die som van die dele, bv. uithou, losraak, kwytskeld, kwalik neem, lepellê, knipmes ry, klaarkom, ens.

II. Die groep toon sintaktiese kenmerke wat geheel afwyk van dié van die dele.

A. Groepe met atmosferiese wwe neem ander subjekte as „dit."

Bv. Het jy nat gereën? --- Die blare het weggewaai. --- Ek ken geen gras of bos in Argentinië wat dood ryp nie, en dit kan kwaai ryp.

B. Intransitiewe ww + bepalings neem 'n objek, of trans. wwe neem 'n ander soort objek.

(1) Die bepaling is 'n byw.

Bv. Toe gaan huil sy haar hart uit. --- Hy vrees dat Faans hom sal voorspring.

Vgl. nog „aanval, toeknik, ompraat, voorbly," ens.

Opmerking.

In sy dissertasie (par. 255-257) wys Prof. le Roux daarop dat bindwoorde dikwels voor en na die snw., vnw., of bnw., staan.
Vgl. Hy loop teen die berg op --- Spuit vir hom onder die vel in.

Die agtergeplaaste prep. kan dikwels beskou word as samegaande met die ww., maar dit kan ook beskou word as 'n gesplitste bepaling, 'n circumposisie.

Dit is moontlik dat die twee lede van die circumposisie identiek is.
Bv. Ou Sors kom op die platvorm op --- Wat nou uit die dokters se hande uit in die prokureurs s'n inval.

Verder wys Prof. le Roux op historiese analogieë wat Prof. Bosman noem: Goties -- usgaggan us; Latyn -- exire ex, ens.

Prof. le Roux gee nog voorbeelde uit Ndl. en verklaar dan dat die aantrekkingskrag van die ww. op alle adverbia aanleiding gee tot sulke kontaminasies.

Of ons dit en die dubbele ontkenning kontaminasies wil noem, is van weinig belang, mits ons besef dat dit 'n heel algemene verskynsel is wat beantwoord aan die behoefte aan nadruklikheid. (Vgl. par. 28).

'n Deel van die verwarring in verband hiermee is dat baie partikels by die werkwoordsgroep of die naamwoordelike groep kan staan.

Dit is onjuis om woorde soos bv. in, uit, oor, op, ens. in twee woordsoorte nl. byw. en voors. in te deel volgens hulle gebruik. (Vgl. Phil. of Gr. bls. 88).

Die moeilikheid lê dus nie in die ongewone funksie van 'n woord nie - vgl. „agtergeplaaste prep." - maar in die grens tussen die woordgroepe. Dikwels beslis die gebruiklikheid.

Vgl. Hy het hand uit geruk. --- Hy het die huis in gehardloop. ---

In die eerste sin is die groep „hand-uit," in die tweede sin „ingehardloop."

(11) Die bepaling is 'n bnw., bv. doodtreur, lam beur, slegsê, stukkend huil, slap lag, moeg hardloop, vrystaan, genadig wees, lam skrik.

(111) Die bepaling is 'n snw., bv. kafloop, gelukwens, dophou, snuif trap.

(C). Transitiewe wwe neem in die verbindings geen objek nie.

(i) <u>Die bepaling is 'n byw. (of partikel)</u>. Vgl. Sy gemoed skiet vol. --- Die water raak op. --- Jy moenie so gou ingee nie. --- Die koeie het vandag uitgesuip.

(ii) <u>Die bepaling is 'n snw.</u>

Eintlik spreek dit vanself dat 'n ww. + snw. geen objek kan hê nie, want die meeste van sulke snwe sal objekte wees. Hieronder reken ek sulke sg. skeibare wwe soos vioolspeel, perdry, oë knip, baasspeel, voetslaan, kennismaak, stofskop, kans kry, skuiling soek, asem ophou, vuur vat, kop wegtrek, gedagte kry, spoorsny, padgee, pypopsteek, ens. (Sint., Blss. 148-149).

Tog vind ons enkele van hierdie verbindinge wat transitief is, en waar die snw. dus as 'n bepaling moet beskou word.

Bv. 'n Mens word gedurig dopgehou. --- Hulle word gelukgewens. --- Die plek moes stormgeloop word.

Prof. le Roux verklaar „Behalwe die eenheidsaksent, is...... 'n ander uiterlike kenmerk van die samestelling dat in die reël geen Lidwoord of Voorsetsel by die nominale gedeelte gebruik word nie". (bls. 149). Om hierdie rede word die volgende tot samestellings verklaar: hoop opgee, handeklap, woorde hê, ens.

M.i. is dit nie nodig om hier die bestaan van 'n besonderlike verbinding te erken nie omdat die geheel hom goed uit die dele verklaar soos ook bv. hoog ag, swart smeer, ens. nie.

Spesiale vermelding verdien „honger, dors, spyt, skaam, lus + kry," wat in gebruik heeltemal afwyk van Ndl. Veral die verbinding van die woorde met <u>wees</u> het egter uitvoerige bespreking uitgelok van Proff. Hesseling, Bosman, Boshoff en le Roux.

M.i. is dit geen buitengewone vreemde verskynsel as ons dit vergelyk met die tipes wat reeds bespreek is nie. Dit is verder ook geen vreemde verskynsel dat ons nouliks kan bepaal tot watter woordsoort die bepaling hoort, want dit is juis die kenmerk van die verbale groep dat die geheel anders is as die som van die dele. (Vgl. ook par, 23).

(D). Tenslotte kan ons tot hierdie groep ook reken alle wwe met 'n <u>vaste voorsetsel</u>. Of baie van die verbindinge te verklaar is uit ou verdwene naamvalle het niks te maak met die sinchroniese beskrywing nie. In hierdie verbinding „ww. + vaste voorsetsel + snw.(vnw.)" word die voorsetsel nooit beskou as deel van 'n samegestelde transitiewe ww. nie omdat die voorsetsel <u>steeds</u> voor die snw. of vnw. staan. Tog hoort die voorsetsel tot die verbale groep en nie tot die substantivale groep nie. Bv. hou van, kyk na, dink aan, begin met, glo aan.

Selfs wanneer ons een voorsetsel kan vervang deur 'n ander, bv.„wag op," of „wag vir," doen dit nie afbreuk aan die gebondenheid van die partikel nie.

Hoewel ek die verbindings nie as transitief beskou nie, kan hulle soms in die passief voorkom. Bv. Die slawe moes na gekyk word.
W. de Vries (Opmerkingen over ontleding N. Tg. bls. 19 vlgg) verklaar dat dit te danke is aan die ooreenkoms met sinonieme trans. wwe en hy wys op die gewoonheid daarvan in Eng.
Vgl. „ It is being paid attention to. --- He was taken care of."

In Afr.: Stoom is mé gespot. (Sint. bls.137) ---
Die vee is om geloop.

Ek glo dat sulke konstruksies eenvoudig te danke is aan die neiging om die sielkundige subjek voorop te plaas. (Vgl. par 4).

<u>Slotsom</u>.

Hoewel hierdie opmerkings nòg 'n volledige oorsig nòg enige verklaring aanbied, toon dit wel in watter rigting baie moderne tale - o.a. Afrikaans - ontwikkel.

Die sg. skeibare wwe en verwante verbindings toon reksiekenmerke wat net so 'n ingewikkelde struktuur het as die fleksiestelsel van die ouer Indogermaanse tale. Hier lê die studiegebied van ons grammatika.

Vir die verdere indeling van die verbale groep vergelyk parr. 19-23.

Par. 16. Ander soort werkwoordelike bepalinge.

Prof. le Roux verklaar: „As 'n ww. in 'n sin gebruik word, kan dit die draer van 'n volle begrip of van 'n relatiewe begrip wees. 'n Werbale volbegrip kan vergesel gaan van nadere bepalinge wat dien tot verenging van sy betekenis. 'n Relatiewe werbaalbegrip word deur middel van ander woorde voltooi en die aldus voltooide relatiewe begrip kan dan op dieselfde manier nader bepaal word. Dikwels word ook nog gepraat van leë begrippe; daaronder verstaan ons sekere werbaalvorme wat deel uitmaak van 'n kompositum." (Sint. bls. 126).

Hoewel my indeling geensins ooreenstem met dié van Prof. le Roux nie, het dit sy waarde om te wys op die skeiding in wat ek beskou as grade van gebondenheid. (Vgl. par. 14). M.i. kan ons die derde groep „leë begrippe" vergelyk met die skeibare wwe, en tans wil ek die groep bespreek wat ongeveer moet ooreenstem met die „relatiewe begrippe."

Par. 17. Die objek.

Die belangrikste voltooiing is die direkte objek. (Die indirekte objek is - soos die naam aandui - 'n minder gebonde voltooiing).
Die objek onderskei hom van die bepalings wat ek in par. 15 bespreek het daardeur dat dit altyd 'n naamwoordelike groep ('n groep met 'n snw. as kern) of 'n toonwoord (vnw.) is, terwyl die bepaling van die skeibare ww. nooit 'n vnw. kan wees nie.

Jespersen gee die volgende omskrywing van die objek: "A logical analysis will in each case bring out one or more things (things or persons) having relation to the action or state implied in the verb; if there is one it is the subject, if there are two, the one that stands in the closest relation to the verb is its subject, the other the object; if three, the more or less close relation determines them as being subject, direct and indirect object." (Syst. of Gr. bls. 20). Vir die onderskeiding van die sinsdele is die woordorde van die grootste belang. (Vgl. par. 24).

Die objek kan in minstens net soveel reksieverhoudings tot die ww. staan as die subjek. (Vgl. Paul bls. 153 en Phil. of Gr. blss. 158-9).

Van werklike belang is die volgende verklaring van Paul: „Wir müssen daher unterscheiden zwischen dem freien Akk. der von der Natur des Verbums unabhängig ist, und dem gebundenen, der nur zu einer beschränkten Anzahl von Verben und zu jedem einzelnen in beschränkter Bedeutung gesetzt wird." (Prinz. bls. 153).

Hoewel Paul se bedoeling vir my nie volkome helder is nie vertolk ek dit as 'n beskouing oor die grade van gebondenheid en ek wil die objek en die wwe daarvolgens beskou.

**<u>Par. 18.</u>** **<u>Die noodsaaklik-wederkerende werkwoorde.</u>**

By 'n aantal wwe staan altyd as objek 'n vnw. wat identiek is met die subjek, o.a. bemoei, besin, besondig, beroem, besuip, beywer, gedra, haas, misgis, ontpop, ontferm, ooreet, skaam, vergis, verspreek, verbeel, vergaloppeer, vergryp, verkneukel, verknies, verkyk, verlekker, verman, verpoos.

Hierdie gebonde objek is 'n irrasionele erfenis van die verlede en 'n onnodige beslommernis omdat die objek dan eers waarde sou hê as ons ook 'n ander objek daar kon gebruik. (Taal en Denken blss. 57-58).

Inderdaad bestaan daar enkele ander wwe wat sowel 'n identifiserende as 'n ander objek kan neem.
Bv. Hy beroep hom op ons. --- Die gemeente het 'n jong predikant beroep. --- Hy bevind hom in die moeilikheid. --- Die jurie bevind hom skuldig. --- Hy verlaat hom op die wagte. --- Hulle het die stad verlaat.

In hoeverre ons hier met 'n dubbele gebruik of met homonieme te maak het, is moeilik te bepaal.

**<u>Par. 19.</u>** **<u>Drie klasse werkwoorde.</u>**

Langeveld sê na aanleiding van die irrasionele elemente in die taal: „In wezen is transitief (of intransitief)

zyn" reeds een irrationele beperking." (Taal en Denken blss. 57-58).

Behalwe die indeling in oorganklike (wwe wat gewoonlik met 'n objek voorkom) en onoorganklike wwe (wat gewoonlik sonder 'n objek voorkom) vind ek nog 'n groep wat sowel oorganklik as onoorganklik kan gebruik word. (neutrale wwe).

Dit is nie nodig om voorbeelde van die eerste twee klasse te gee nie; ek wil slegs die uitsonderinge op my reël bespreek.

Par. 30. Onoorganklike wwe is weens hulle betekenis „permanently intransitive" volgens Jespersen (Syst. of Gr. bls. 20) en tog vind ons van hierdie wwe met 'n objek. Dit is moontlik om 'n abstrakte snw. van dieselfde stam of met dieselfde algemene betekenis as die ww., as objek by te voeg. Dit word ook genoem die inhoudsobjek.
Bv. Hy kon so 'n vinnige passie trippel. --- Dan slaan die toring twaalf langsame slae. --- Hulle gaap al lang gape. --- Hy gaan rustig sy gang. --- waar jong mense drome droom.

Vir Engels noem Jespersen: „die a voilent death --- laugh a short ugly laugh. --- live the life die the death of a Christian," en vervolg „These examples make it clear that the nexus-substantive is simply introduced to give us an easy means of adding some descriptive trait in the form of an adjunct which it would be difficult or impossible to tack on to the verb in the form of a subjunct (cf. also „fight the good fight" which is different from „fight well)".

Prof. le Roux merk op na aanleiding van 'n ander soort wat hy 'n bepaling van omvang noem. „Dit traak my niks --- 'n bietjie skrik --- g'n stuk bang wees nie --- 'n sloot slaap. ..... Die Afrikaanse neologisme „'n sloot slaap, werk, praat" ens. moet teruggaan op uitdrukkings soos „'n sloot grawe, kap" ens., waar „sloot" die resultaat weergee van die handeling maar tewens as sinoniem kan opgevat word van „baie, lank, ens." (Sint. bls. 124).

Hierdie soort verbinding kan vergelyk word met skeibare wwe hoewel dit 'n aparte groep vorm.

Tenslotte kan 'n snw. met of sonder bepalings ook los by 'n onoorganklike ww. gevoeg word terwyl die verband deur die hoorder in gedagte gestel word. Vgl. „Kyk! Die voëls." Dit word „Kyk die voëls."

Soortgelyk is die stilistiese konstruksie waar oorganklike en onoorganklike wwe op 'n afwykende manier gebruik word om die direkte rede aan te dui.

Bv. „Maar jy weet dit nie" troef Faans. --- „Ek is so ongelukkig en hulle ook," hervat sy.

Vgl. verder Phil. of Gr. bls. 138; Stil. Gr. blss 132,390; W. de Vries in N.Tg. 19 bls. 82 vlgg.

__Par. 21.__ __Oorganklike wwe.__

Hiertoe hoort alle wwe wat 'n snw. of vnw. as aanvulling van hulle betekenis neem. Dié wat nie hier bespreek word nie kom voor as Koppel- en Hulpwwe.

Die verskil tussen 'n oorganklike ww. sonder objek en 'n onoorganklike ww. is dat eersg. 'n objek impliseer en dat dit in die situasie of context aanwesig is, terwyl laasg. nooit met 'n gewone objek verbind word nie.

Die objek wat verswyg word, sal natuurlik in elke situasie of verband anders wees, maar daar is 'n paar algemene taalfaktore wat ek kan opnoem.:

1. Hoe algemener of vryer die betekenis van die ww., hoe moeiliker dit is om die objek te verswyg, bv. dra, gee, gebruik, het, hou, kry, maak, neem.

Daarenteen kan ons die objek by die volgende makliker verswyg: eet, drink, rook, skryf, lees, ens.

Bv. Hy eet goed. --- Drink hy? --- Ek hou van lees. --- Kinders behoort nie te rook nie.

2. Die subjek dui soms die sfeer so duidelik aan dat die objek maklik kan verswyg word.

Bv. Die perskebome dra al mooi. --- Die kannoniers skiet akkuraat. -- Ons prinsipaal slaan hard.

'n Boeiende uiteensetting van wat hy „stoffliche Steuerung" noem, gee Bühler in sy Sprachtheorie (blss. 170-173). Ch. Bühler het 'n aantal gebrekkige tekste geneem van los woorde in willekeurige volgorde wat by juiste kombinasie en aanvulling 'n sinvolle sitaat gelewer het. Proewe hiermee het getoon dat twee van die belangrikste hulpmiddels by die begryp en rekonstruksie, was: „<u>stoffliche Ordnungshilfen</u>" en woordsoorte:

Die sfeer wat sekere woorde wek - snwe en wwe veral - help om die leser op die regte spoor te bring t.o.v. woordeskat. Op dieselfde manier werk die woordsoorte - wat ander woordsoorte impliseer (Bühler praat van „connotatio of leerstellen")- t.o.v. die sintaktiese struktuur.

3. Soms moet die implisiete objek die algemeenste wees of iets spesiaals. Brunot sê: „Essentiellement l'objet restreint la signification générale du verbe. Par lui l'action se spécialise à un nombre quelconque ou de choses parmi la série indéfinie des êtres aux quels elle pourrait s'appliquer." (La Pensée bls. 301).

Sulke sinne is:

(a) spreekwoorde wat algemeen waarhede verkondig.

Bv. Die mens wik, God beskik. --- Arbeid adel. --- Aanhouer wen. --- Wie nie hoor nie moet voel.

(b) sinne met 'n spesiale betekenis.

Bv. Drink hy (alkohol). --- Trap jy al (koring)? --- Die boere stook nie meer self (brandewyn) nie.

(c) sinne wat 'n karaktereienskap of gewoonte van die subjek aandui.

Bv. Die man skilder. --- Dink jy sy steel? --- Die hond byt.

## <u>Par. 22.</u> <u>Neutrale werkwoorde.</u>

'n Aantal wwe kan sowel oorganklik as onoorganklik gebruik word met 'n verskil in reksie.

Ons kan die wwe in die tradisionele terminologie <u>kousaal-mediaal</u> noem. Dit beteken dat die subjek van die onoorganklike (mediale) konstruksies die objek van die oorganklike

(kousale) konstruksie is.

1) Die eerste groep is <u>mutatief</u>, d.w.s. dit dui 'n verandering aan. Dit sluit in: bedaar, bederf, begin, beweeg, blus, breek, buig, genees, kraak, ontwikkel, skeur, smelt, verander, verbeter, verbrand, verkleur, vermeerder, verminder, verniel, verskuif, verslyt, versmoor.

Bv. Hy verander sy planne. --- Hy verander van mening. --- Die toestande verander. --- Jy moenie die kassie breek nie. --- Die tak het gebreek.

2) Die tweede groep is meer heterogeen. Dit sluit in woorde wat in N dl. oorganklik is - met 'n gewone of wederkerende objek - en ander wat in Afr. soms met en soms sonder identifiserende objek (dus mediaal) gebruik word. Vgl. draai, lui, weeg, kook, sluit, rol, trek, leer, stop, sleep, swaai, trou, voel, roer, versprei, vertoon, wys, ruik.

Bv. Hy draai die kar om. --- Jy moet maar omdraai. --- Hy swaai 'n kierie. --- Die neste swaai aan die takke. --- Die wêreld het baie anders vertoon van hier.

Soms is dit moeilik om by die tweede groep te beslis of dit 'n oorganklike ww. met geïmpliseerde objek, 'n homoniem of 'n mediaalgebruikte ww. is.

Bv. Hy rook 'n pyp. --- Jou seun rook tog nie al nie? --- Rook jou skoorsteen? --- Hy rook sy hamme as hulle nog vars is.

M.i. is die wwe in die eerste twee sinne dieselfde oorganklike wwe, en die wwe in die ander twee sinne albei twee aparte woorde; in totaal dus drie homonieme. Sulke onderskeidings moet egter subjektief wees, want dit hang daarvan af watter rol die etimologie van die woord in ons bewussyn speel. Dit hang ook gedeeltelik van die woordsfere (stoffliche Kreise) af. Bv. „Dryf" is vir almal waarskynlik aparte woorde wanneer dit oorganklik en onoorganklik gebruik word.

Die verskil tussen groepe 1 en 2 blyk duidelik in parr. 39 en 41.

Die toevoeging van 'n derde groep (neutrale wwe) tot die tradisionele twee hef die dichotomie aktief-passief op.

Die bestaan van die tipes wat ek in parr. 7-10 bespreek het, moet nog verder wys op die ontoereikendheid van die tradisionele indeling.

Dit is 'n verskynsel wat ook in ander tale voorkom.

Curme verklaar „A marked peculiarity of present-day English is the freedom with which a transitive verb is used without an object - either absolutely or with reflexive, transitive, or passive force." (Syntax bls. 437).

Selfs in Frans met sy meer formele stelsel kom dit voor: „Les signes indifferents (dans le jargon voces mediae) réalisent l'interchangeabilité des contraires, en permettant de faire l'economie des antonymes. Ainsi „sentir" est un verbe indifferent, parce qu'il permet de marquer aussi bien un procès qui part du sujet qu'un procès qui va vers lui p.e. Tu sens comme ca sent." (Frei in „Grammaire des fautes".) T.a.p. gee hy as voorbeeld „Ce corsage boutonne par derrière." (Grammaire des fautes blss. 140, 214-5, 221).

Meillet verklaar dat die neutrale gebruik mag verskil volgens tale „mais il existe a peu près necessairement." (Ling. hist. bls. 194).

Tenslotte moet ek wys op die artikel „Transitivum und Intransitivum" van A. Schorr von Carolsfeld. (I.F. 52 blss. 1-31), waarin hy die merkwaardige feit konstateer dat baie taalgroepe dieselfde naamval het vir die subjek van die onoorganklike as vir die objek van oorganklike wwe, terwyl die subjek van oorganklike wwe weer anders is.

<u>Par. 23.</u> <u>Koppelwerkwoorde.</u>

Onder die wwe wat „leë begrippe" aandui en dus aangewese is op bepalings of aanvullings sou ek in die eerste plek stel die koppelwwe. Hulle sou dus in parr. 15 of 21 bespreek kon word as hulle nie hul daardeur onderskei nie <u>dat die subjek en die bepaling op besonderlike wyse identiek is.</u>

Die belangrikste koppelwwe is <u>wees</u>, <u>word</u>, <u>raak</u>, <u>bly</u>, en dan in die tweede plek <u>lyk, skyn, blyk.</u>

Die koppelwwe is in oorsprong gewone wwe wat hulle konkrete waarde verloor het. Sielkundig was die proses dieselfde as bv. in die volgende sinne: „Hy staan daar, 'n verwese skepsel met wilde oë. --- Hy staan volkome beteuterd."

In die eerste sin is die bepaling geheel los, in die tweede sin vorm dit reeds 'n eenheid met die ww. terwyl die betekenis van die ww. verveag.

Die derde stadium waar die betekenis van die ww. volkome abstrak word en die bepaling die eintlike gesegde uitmaak - die sg. naamwoordelike deel van die gesegde of predikatief - word verteenwoordig deur die verbinding van koppelww. en predikatief. Soos Meillet sê: „Dans les phrases nominales.....„l'homme est bon".....il ne figure un verbe que pour la commodité". (Ling. hist. bls. 179).

Twee belangrike soort sinne waarin die koppelwwe voorkom, het ek reeds bespreek nl. die verbindings met <u>dit</u> (slot van par. 4) en met <u>daar</u> (par. 12).

Verder word die koppelwwe ook behandel as deel van 'n verbale kompleks in die tweede hoofstuk (parr. 29 en 30) en in die derde hoofstuk (parr. 39, 42-44, 47). Uit hierdie veelsoortige gebruik blyk weer eens hoe abstrak die betekenis van die koppelwwe is, sodat sy waarde steeds getoets moet word aan die waarde van die hele sin en veral van die predikatief.

Buite sy verbinding met ander verbale woorde, bestaan daar 'n hele reeks konstruksies wat ek slegs vlugtig kan bespreek.

In 'n interessante bespreking van die logiese waarde van die koppelww. <u>wees</u> sê Jespersen: „Doubt as to which word is the subject may sometimes arise when the colourless verb <u>be</u> is followed by a predicative." (Phil. of Gr. bls. 150).

Die moontlikheid van verwarring van subjek en predikatief kan slegs voorkom waar die predikatief 'n snw.

is net soos die subjek. (Vnwe. is situasiewoorde en bly dus buite bespreking).

Daar bestaan sinne waar subjek en predikatief omgeruil kan word, maar dit is heel uitsonderlik. Jespersen noem bv. „Beauty is truth; truth, beauty."

Daar is ook die tipe „Jan is die held van wie julle praat. --- Die held van wie julle praat is Jan."

Hier word die identiteit van twee vooruit gekende sake vasgestel en die verhouding is omkeerbaar, sodat daar eintlik twee subjekte is. (Vgl. slot van par. 4).

By die gewone sinne met wees,e.a. koppelwwe is die verhouding eenduidig en nie omkeerbaar nie.

1. Die predikatief is 'n snw.

Van die gewone sin van hierdie tipe sê Jespersen: „The subject thus is more special than the predicative." (Syst. of Gr. bls. 22). T.a.p. heet dit „A is comprised among the (possibly several) subjects that are equal to B." (Phil. of Gr. bls. 154).

Dit geld veral vir die logika van sulke sinne, maar blyk nie altyd uit die vorm nie. In die eerste instansie kan ons die wetenskaplike klassifikasie as voorbeeld neem. Bv. Die perd is 'n viervoetige dier. --- Die walvis is 'n soogdier.

In die omgangstaal is die subjek gewoonlik onbepaald, „'n perd, 'n walvis."

Die bedoeling word nie eksplisiet deur die vorm uitgedruk nie. Die sinne beteken nl. dat die diersoort perd of enige perd as verteenwoordiger daarvan val binne die groter kategorie van viervoetige diere.

In nie-wetenskaplike sinne dui sulke sinne aan die beroep, klas, tipe, geaardheid, ens. van die subjek, en die predikatief is òf „('n) + snw." òf „die + snw. + nominale bepaling." In elk geval dui die predikatief 'n wyer kategorie aan.

Bv. Sy gedrag is 'n skande. --- Jan is die knapste leerling

in ons klas. --- Ledigheid is die duiwel se oorkussing. --- Sy plaas is 'n mislukking. --- Hy word 'n groot man. --- Sy lyk 'n moeilike mens.

Die predikatief het dieselfde waarde as 'n bnw. Die gebruik van 'n snw. kan dikwels daardeur verklaar word dat 'n bnw. met die besonder betekenis ontbreek, òf dat daar 'n stilistiese verskil is tussen die predikatief met 'n bnw. en met 'n snw.

Vgl. Sy gedrag is 'n skande. --- Sy gedrag is skandalig. --- Hy word 'n groot man. --- Hy word groot.

Die formele verskil kan soms nog meer uitgewis word.

Bv. Hy is 'n kruppel, 'n blinde. --- Hy is kruppel, blind.

2. Die bepaling is 'n bnw.

Die verskil tussen 'n bnw. en 'n deelw. bespreek ek in par. 51. Hier wil ek slegs op ander kwessies wys. Net soos die predikatief soms 'n woordgroep met 'n snw as kern is, so kan die bnw. ook die kern van 'n predikatief, wees.

Bv. Hy is bang vir die moontlikheid. --- Lenore is bewus' van haar toestand. --- Hy is gewoond om self die werkies te verrig. --- Sy is gou op haar perdjie.

3. Die bepaling is 'n byw.

Bv. Die son is op (onder.) --- Hy is tuis. --- Die kinders is buite. --- Hy lyk hoog aan.

4. Die bepaling is 'n voorsetselgroep.

Bv. Die saak is van belang. --- Jan is op die land. --- Alles is weer in die haak. --- Sy moeilikheid is aan slegte werkevolk te danke. --- Hy is op sy hoede. --- Hy is op stryk. --- Die stad is in rep en roer.

Besonderlike vermelding verdien die verbale groepe met „aan, te, om te." (Vgl. parr. 27, 29, 30).

Uit die voorafgaande blyk hoe heterogeen die predikatief is; soms dui dit 'n eienskap aan, soms, 'n toestand,

soms 'n houding, ens.

Die opvallendste is dat die logiese waarde van die predikatief geensins ooreenstem met die woordsoort nie. Snw. en bnw. benader mekaar, 'n voorsetselbepaling kan die waarde hê van 'n byw. of bnw., ens.

Dit dui op een ding nl. dat ons baie verbindings met die koppelwerkwoorde nie anders kan beskou as skeibare wwe nie, m.a.w. die totaal laat hom nie verklaar uit die som van die dele nie.

Van groot betekenis is hierdie slotsom by die beoordeling van 'n aantal konstruksies wat in die studie van die ontstaan van Afr. baie aandag getrek het, nl. „honger, dors, spyt, skaam, lus, vaak + wees." Omdat hierdie woorde, - van oorsprong snwe. - in Ndl. alleen verbind word met „hebben" het baie geleerdes in die verbinding met „wees" 'n sekere bewys van die invloed van vreemde tale gevind. Wat die historiese argumente ook al mag wees, stem ek volkome saam met Prof. Bosman dat ons die verbindings as verbale groepe („saamgestelde werkwoorde") moet beskou en dat hulle as sulks niks abnormaals vertoon in vergelyking met konstruksies sowel in Afr. as in Ndl. (Oor die ontstaan van Afrikaans, blss. 83-86).

Wat die verskil tussen die koppelwwe self betref, kan ons sommige woorde saamgroepeer: wees as die perfektiese aspek, word die imperfektiewe, raak die ingressief-perfektiese, en bly die duratiewe aspek van dieselfde begrip. (Vgl. par. 44 en 47).

Die ander koppelwwe is veel meer konkreet in betekenis, en tree dus nie op as hulpwwe nie.

Tipes werkwoorde.

As ons Bühler se stelling dat die ww. 'n animistiese of vitalistiese karakter dra, vergelyk met al die konstruksies wat ons onder reksie bespreek het, vind ons dat baie wwe wel dié kenmerke toon, maar dat daarnaas ook bestaan atmosferiese en ruimtelike tipes. (parr. 7 en 9),

usurpasies (par. 13), onpersoonlike tipes (par. 10) en die koppelwwe.

**Par. 24.** **Woordskikking.**

Paul wys daarop dat alle tale slegs oor 'n beperkte aantal grammatiese middele kan beskik: (1) Die blote stel van die woorde naas mekaar. (2) Woordorde. (3) Die expiratoriese aksent. (4) Die tonale aksent. (5) Die tempo. (6) Verbindingswoorde. (7) Fleksie -- in twee vorme. (Prinzipien blss. 123-4).

In hierdie werk let ek veral op (1) en (7), maar van byna ewe veel belang is (2). Ongelukkig is dit om praktiese redes nodig om hierdie aspek te skei van die ander, hoewel ons steeds al drie gelyktydig in ag moet neem.

Die term „woordskikking" is onjuis omdat ons werklik te maak het met die posisie van sinsdele maar dit is reeds ingeburger en moet dus ons doel dien.

Ek onderskei die volgende sinsdele: subjek(S), gesegdewoord(Vf.), direkte objek (O), indirekte objek (IO), gesegdebepaling (Bep.), ander bepalings (A), infinitief (Inf.) en deelwoorde (Deelw.).

**Hoofsin.**

a) **Normale volgorde.**

S. word direk deur Vf. gevolg, en indien O of IO 'n toonwoord is, volg dit direk daarop.

S + Vf. + O of IO. (vnwe)

Bv. Hy slaap --- Jou raad help my niks. --- Ek belowe jou alle hulp.

Die verhouding van O en IO hang daarvan af deur watter woordsoort hulle verteenwoordig word.

Indien albei vnwe is, is die volgorde IO + O.

Bv.: „Ek vertel jou dit in alle vertroue."

Oor die algemeen vermy Afr. twee vnwe na mekaar deur IO met 'n voorsetsel te gebruik, en dan kom die voorsetselbepaling tweede. Bv.: Ek sê dit aan jou.

Indien albei snwe is, is die volgorde IO + O, soms selfs wanneer IO voorafgegaan word deur 'n voorsetsel, veral vir, maar die snw. volg die Vf. nie direk nie.

Bv. Die Jaarboek gee my leser die antwoord. --- Hy gee vir ons kinders altyd presente.

Indien een sinsdeel alleen 'n vnw. is, kry dié voorrang - soms selfs met 'n voorsetsel. (Dit kan net IO wees).

Bv. Hy gee dit aan die meisie. --- Hy vertel (vir) julle die waarheid. --- Hy gee die voorkeur aan ons.

Bep. staan altyd na O.

Bv. Hy sien nie die verskil in nie. --- Sy tel haar kop so effentjies op.

A. kan staan na Vf., na O., na IO, en ook na Bep.

b) Inversie.

'n Ander sinsdeel as S. of Vf. kan voorop gestel word. Dit heet dan die aanloop.

Inversie verander slegs in een opsig die woordskikking nl. dat die aanloop onmiddellik gevolg word deur Vf. en dié deur S.

Aanloop + Vf. + S.

Verder geld die reëls vir die normale volgorde, mutatis mutandis, ook hier.

Bv. Hoe mooi kom hulle aan. --- Hierdie keer haal die smid hom oor. --- Waarom skiet jy hom die geld dan voor?

BYSIN.

Die bysin kan begin met enige sinsdeel: S. (alle soorte bysinne), O. (byv., bysin), A. (alle soorte bysinne).

Wat die onmiddellike opvolging betref, vind ons die volgende:

Aanloop + S.

Bv. Asof 'n gordyn voor my oë wegrol. --- wat op die koppies hul ete soek.

Bep. + Vf.

Bv. wat soms deurloop. --- soos die outjie sy siel uitstort. --- waar hy vir hom plek maak. --- sover as die lys hul toelaat.

Verder vind ons dat Vf. altyd na O of IO staan. Hierdie opvolging is nie onmiddellik nie.

Bv. of hy nou nog tyd daarvoor het. --- wat met Helgaard die gesprek aan die gang hou.

Die reëls vir O en IO is dieselfde as by die volgorde van die hoofsin.

Par. 25. Nexus. Die funksie van die werkwoord.

Ek het die sin gedefinieer as 'n uiting wat buite die situasie om volledig is. Dit is 'n abstraksie wat wel nodig is vir alle taalbeskouing, maar tans moet ek die taalsituasie - of verband - ter sprake bring.

Elke sin hoef nie vir die spreker van ewe veel belang te wees nie; om 'n enkele gedagte uit te spreek, gebruik hy miskien twee of meer sinne waarby die een ondergeskik is in belang aan die ander.

Bv. Dit reën vanmiddag. Ons moet maar tuis bly.

Pas wanneer die onderskikking sintakties uitgedruk word, vorm dit deel van die studiegebied van die grammatika. Die algemeenste vorm van onderskikking is die sg. bysin, (Eng. „subordinate clause") wat geen eintlike sin is nie, maar slegs 'n deel daarvan.

Bv. Ons moet maar tuis bly aangesien dit vanmiddag reën.

Ook die hoofsin is soms slegs 'n deel van 'n sin; vergelyk die verbinding van hoof- en selfstandige bysinne.

Bv. Dit lyk asof hy dit al lank geweet het.

Die verbinding van subjek en gesegde (en ander sinsdele) wat ons in los sinne, hoof- en bysinne vind, noem Jespersen 'n nexus. Hy gaan egter verder as die tradisionele grammatika wanneer hy nie alleen dié drie

soort sinne as nexus beskou nie maar ook ander soorte verbindings.

„An infinitive, a gerund, and a nexus-substantive all of them presuppose a nexus, i.e. a combination of the verbal element with a subject. In many cases both are expressed..... But extremely often the subject is left to be inferred from the context. It may be identical with the subject of the main verb..... In many combinations the latent subject of infinitive, gerund or nexus-substantive is the generic person."

„E.g. I want him to sing S.V.O. (O. = $S^2$ + Inf.) ----
I admire his singing S.V.O. (O. = $S^2$ Ger.) ---
I admire his performance S.V.O. (O. = $S^2$ X.).
(Anal. Synt. bls. 138). In Phil. of Gr. (bls. 122) vind Jespersen ook 'n nexus in „I found the cage empty."

Hoewel ek die begrip nexus as 'n baie gelukkige vonds beskou en die term wil behou vir alle sinne en ook konstruksies met die inf. moet ek konstruksies met snwe en bnwe uitsluit. Jespersen het hom deur die logika laat verlei tot „A final series of nexuses.....which contain neither a finite verb nor an infinitive nor a verbal substantive." (Phil. of Gr. bls. 120).

M.i. het die term alleen waarde as ons dit beperk tot verbale uitdrukkings, want die ww. in al sy gebruike het nie net 'n implisiete of eksplisiete subjek nie maar kan 'n eksplisiete objek en bepalings hê. Dit geld egter nie vir snwe, bnwe, ens. nie.

Ek wil vervolgens die reksie en nexusvormende krag van die infinitief (onbepaalde wys) en die deelwoord bespreek, maar die sg. ONVOLTOOIDE DEELWOORD en die HERHALINGSAMESTELLINGE word in die werk uitgesluit omdat hulle nòg die verbale reksie nòg die nexus-vormende krag vertoon.

-----------------oOo-------------------

# HOOFSTUK 2.

# D I E   I N F I N I T I E F .

## Par. 26. Die karakter van die infinitief.

In Afrikaans bestaan daar slegs twee woorde wat ons in navolging van die tradisionele grammatika infinitiefsvorme kan noem, nl. „wees" en „hê".

Die uitgang -e in wendinge soos „Dit is te hope" - Hy gee dit te kenne" ens. verskyn veral na te, en ek glo dat ons hierdie en dgl. vorme as geykte uitdrukkings moet beskou wat geen rol speel in die lewende taalstelsel nie.

Die infinitief onderskei hom nie van die ww. as gesegdewoord (Vf.) deur enige uiterlike kenmerke nie; aan die ander kant is dit nie te onderskei van bv. 'n snw. wanneer dié sonder lidwoord (en dgl. toonwoorde) of meervouds-uitgang voorkom nie. Sy positiewe kenmerke is dat dit wel nie dié gesegdewoord is nie, maar tog 'n nexus impliseer, en - afgesien van 'n implisiete subjek - dikwels ook 'n objek en bepalings het.

Die infinitief speel 'n groot rol in baie moderne tale as voltooiing of aanvulling van die gesegde en selfs as supplementêre gesegde. Die sintaktiese en ander kenmerke van sy gebruike is so heterogeen dat geen enkele ontleding alle gesigspunte kan verenig nie. Daarom gaan ek uit van die meer uiterlike groepering:

1. Die infinitief met „om te"; 2) die inf. met „te"; 3) die blote inf.

Binne hierdie groepe wil ek wys op die sintaktiese rol van die inf., as deel van die gesegde, aanvulling, uitbreiding en ook wat Curme noem „abridged infinitive clauses".

(bls. 126). Dit kan die funksie van 'n byw., byv. of selfst. bysin hê.

**Par. 27. Die inf. met „om te".**

A. Die subjek van die gesegde of vf. (verbum finitum) is die implisiete subjek van die inf.

1. Die inf. volg direk op die gesegde as bepaling van doel of gevolg, (met die waarde van 'n beknopte bysin).

Bv. Toe trek Josua oor na Lagis om dit te beleër. --- Hulle het die balies uitgerol om dié te was. --- Om hulle belofte na te kom sou die jongspan piekniek gaan maak. --- Jy moet 'n ander mens geword het om so iets te doen. --- Wat sou sy haar verbeel om so uit die hoogte te praat? --- Hy weet genoeg om ons te help. --- Ek is 'n fyn man om 'n plan te maak. --- Hy is een van die vurigste om te begin. --- Ek was nie so dom om dit te laat merk nie. --- Ons is drie man sterk om tweehonderd ooie aan te jaag.

Opm. 1. Soms skyn die verband finaal, maar kan ewe goed konsekutief of chronologies wees. Bv. Die water spat en spoel om skuimend in die dieptes te sink. --- Dis 'n egte winterreën wat suinig begin om lank aan te hou. (Boerneef).

2. Die inf. volg direk op die gesegde as 'n soort objek of noodsaaklike bepaling.

Bv. Theunis het besluit om Fanie op te neem in sy huis. --- Hy dreig om te slaan. --- Jy moet nou ophou om vir my Boetie te sê. --- Hulle het geleer om hom lief te kry. --- Hy pla om op my tone te trap. --- Ons het gesukkel om die koring te kry. --- Sy lyf het gejeuk om te begin. --- Hy het niks tuis om te doen nie. --- Hy wil 'n stuk grond kry om vir homself te bewerk. --- Wat verwag jy om te kry? --- Sy weet nie wat om te sê nie. --- Hy weet hoe om gepas te antwoord. --- Hy waag dit nie om haar te nader nie. --- Hy het geheime planne gesmee om wraak te neem. --- Hy hou nie daarvan om uit te gaan nie. --- Hulle arms het magteloos gevoel om die sooie op te lig. --- Hy het gekom uit 'n behoefte van sy

hart om Elsie te sien. --- Ek staan op die punt om te vertrek. --- Maar om vasgebind en magteloos te wees, daarvan het ek geen ondervinding nie. --- Hy is begerig om te gaan. --- Die daglig sou skaam wees om so iets te aanskou. --- Hy was besig om die skoen te versool. --- Ek is bly om dit te hoor.

Opm. 2. 'n Aantal konstruksies moet òf aan Engelse invloed òf aan 'n neiging tot beknoptheid toegeskryf word. Bv. Hy is beveel om dit te doen. --- Selfs Shepstone wat veronderstel was om die Boerekarakter te ken, het hom vergis. --- Die skending van Hektor se liggaam is bedoel om skokkend te wees.

Hierdie sinne kan die beste ontleed word nie volgens die Grammatika nie, maar volgens die logiese indeling. Dan is die subjek telkens 'n nexus. Bv. „Hy om dit te doen" = subjek; „is beveel"= gesegde. Vgl. par. 43 (Passief).

3. Die inf. volg op die voorsetsels sonder, behalwe, as, (met die waarde van 'n beknopte bysin).

Bv. Hy het vertrek sonder om te groet. --- Hy sal alles doen behalwe om te werk. --- Hy gaan liewers weg as om in te gee.

4. Die inf. is 'n bystelling by die subjek (met die waarde van 'n beknopte bysin).

Bv. Die wanhoop het hom neergedruk dat hy, hard om trane te stort, gewens het hy kon huil. --- Bang om sy gedagtes vrye spel te gee, stap hy haastig aan.

In al die konstruksies behalwe (2) kan die inf. beskou word as gelykwaardig aan 'n bysin. Die meeste wwe is onoorganklik en die inf. neem dikwels die objek en bepalings.

B. Die objek of bepaling van die gesegde is die implisiete subjek van die inf.

1. Die subjek van die vf. is 'n voorlopige subjek, t.w. dit. (Die nexus bestaande uit objek + inf. is die egte subjek).

Bv. Dit sal jou nou benadeel om op te gee. --- Dit

verveel my om na sy praatjies te luister. --- Dit spyt hulle om van die ongeluk te hoor. --- Dit behaag sy majesteit om na hom te luister. --- Dit geluk hom om die eiland te bereik. --- Dit betaam ons om ons ouers te eer.

Die inf. met die objek wat saam 'n nexus vorm, tree veral op na die wwe., behaag, mishaag, betaam, spyt, geluk, misluk, ens. Dit is hierdie groep woorde wat Brunot in die oog het as hy praat van begrippe wat onpersoonlik voorgestel word, begrippe soos moontlikheid, noodsaaklikheid, ens. Afgesien van hierdie groep wwe. vind ons ook hierdie soort nexus by ander wwe, bv. benadeel, verveel, ens. Daarvoor bestaan 'n meer sielkundige verklaring nl. dat die inf. op sigself die sielkundige subjek is, maar deur 'n voorlopige dit aangedui word en na agter geskuif word, omdat daar in alle tale 'n afkeer bestaan om 'n sin te begin met 'n ww. Vgl. parr. 4 en 8.

2. Die subjek van die vf. is enige woord behalwe dit. (Die nexus bestaande uit objek + inf. is die egte objek). Bv. Hy wou haar dreig om met hom te praat. --- Ons kon hom nie daartoe kry om sy gedagtes te verander nie. --- Oom sal hom moet ompraat om ook te gaan. --- Ek kan mos nie ander mense keer om daar te kom koop nie. --- Hoe kan jy my sê om bedaard te wees. --- Hy smeek jou om te kom help. --- 'n Veerwaentjie het 'n goeie vrag koring gebring om gemaal te word. --- Wie gee hom die reg om te oordeel. --- Hy het my opdrag gegee om vooruit te gaan. --- Daar sou sy haar nooi besig vind om koffie te skink.

Hier het ons weer in alle konstruksies 'n nexus-infinitief met die waarde van 'n bysin.

3. 'n Bepaling van die gesegde, wat meestal bestaan uit vir + snw. of vnw., bevat die implisiete subjek van die inf.

Bv. Om Albert te klop beteken vir hom alles. ––– 'n Dag nader vir Leonore om huistoe te kom. ––– Toe kom daar 'n wilde begeerte in hom op om die man plat te slaan. ––– 'n Klerk kom aangedrentel met 'n vrag dokumente vir hom om te teken. ––– Vir Thys was dit 'n onaangename taak om te praat. ––– Dit word tyd vir ons om te loop. ––– Daar is niks kans vir hom om te praat nie.

Hierdie konstruksies is volkome heterogeen - sommige gelykwaardig aan 'n bysin, ander niks meer as 'n noodsaaklike bepaling nie.

C. Die implisiete subjek word nie aangedui nie. (Die inf. is deel van die gesegde).

1. Die implisiete subjek word nie genoem nie maar deur 'n besitlike vnw. onregstreeks aangedui.
Bv. Dis in sy mag om die familie te red. ––– Sy eerste stap was om dit by Faans uit te vind. ––– Sy eer was daarin om goed te maal. ––– So is my krag nou, om te veg en te ly.

2. Die implisiete subjek a) blyk uit die verband, b) is die „generic person", (Phil. of Gr. bls. 204, 215-6). In die eerste geval is daar 'n bepaalde hoewel ongenoemde subjek by te dink, in die tweede geval het die sin 'n algemene abstrakte waarde. Dit is dikwels moeilik om te onderskei tussen a) en b).
Bv. a). Dit help niks om te vlug nie. ––– Maar om dit te bewys, daar lê die knoop. ––– Daar het nog 'n groot stuk land oorgebly om in besit te neem. ––– Dit was swaar om te buig. ––– Daar is niks om weg te steek nie. ––– Daar is tyd genoeg om nuwe stokke te plant. ––– Hulle sal 'n moeilike span wees om te klop. ––– Dis 'n lus om te aanskou. ––– Die tuin is 'n plesier om in te wandel. ––– Dit was nou gelyk pad en lig om te betree. ––– Dit was om jou dood te lag.
Bv. b). Om altyd te kla en te sug help niks nie . ––– Om

lief te hê is om te dien. --- Dit is goed om te swyg. --- Die kuns om seuns op te voed is moeilik.

In die meeste gevalle is die vf. is of was en die subjek van die gesegde die implisiete objek. Die eienaardige karakter van die inf. blyk weer uit die gevalle waar dit „is looked upon as active and as governing a preceding item as its object". (Anal. Synt. 60). Dit is juis die waarde van die inf. dat dit so hanteerbaar is en kan dien om konstruksies in enige volgorde om te sit. Daarmee verskil die reksie van die inf. egter van dié van die ww. Logies beskou is bv. die twee volgende sinne gelykwaardig: Die aksie en handeling was genoeglik om te sien. --- Om die aksie en handeling te sien was genoeglik.

3. Die inf. is 'n geykte uitdrukking sonder verband met die res van die sin.

Bv. Om die waarheid te sê, Josie was bang gewees. --- (Om) te oordeel na die vorige taktiek sal hulle hier aanval. --- Ek was nooit siek in my lewe nie - nie om van te praat nie.

Hierdie uitdrukkings word heel treffend deur Jespersen genoem „Speaker's Aside". d.w.s. die spreker se kritiek of aanvulling vir homself op sy eie bewering. (Anal. Synt. bls. 89).

Dit is natuurlik in sommige gevalle ook moontlik om die inf. as logies gelyk aan 'n snw. te beskou, en in dié geval moet ons die begrip „implisiete subjek" uitskakel.

Bv. Om lief te hê is om te dien = Liefde is diens.

Ek glo egter dat ons selfs in so 'n geval die karakter van die inf. misken deur dit gelyk te stel aan 'n snw.

## Par. 28. Histories. Grammatikalisasie.

Oorspronklik was die inf. 'n substantief van 'n ww. afgelei. In die meeste Europese tale het die verbinding

van die inf. met 'n bepaalde voorsetsel gebruiklik geword. In Ndl. het voorgekom verbindings met te, om, en om te. Hierdie voorsetsels net soos Eng. to en Fr. à het 'n rigting, 'n doel, lokaliteit, ens. aangedui. Mettertyd het die abstrakte, grammatiese betekenis gaan oorheers, „the prep. which originally served to indicate this role of the inf., as purpose etc. tends to become a fixed part of the inf." (Anal. Synt. bls. 157). Waarnemers van die omgangstaal in Engeland, Amerika en Frankryk meld dat daar 'n neiging bestaan om die abstrakter to of à te vervang deur die nadruklike for to of pour.

Die voorkeur van Afr. vir „om te" bo „te" lê op dieselfde lyn van abstraksie na maar nadruklikheid. Meillet het hierdie verskynsel opgesom in sy opstel „L'evolution des formes grammaticales". (Ling. hist.) Hy toon aan dat dit 'n sielkundige proses is met twee pole: aan die een kant het die spreker behoefte aan nadruklikheid (expressivité) en daarom gebruik hy 'n nuwe woord of voeg 'n woord by as versterking. Deur herhaalde gebruik in 'n vaste verband verloor die woord sy krag. Hierdie proses van grammatikalisasie is die teenoorgestelde van die behoefte aan nadruklikheid. Dit beteken nie noodwendig dat 'n woord oorbodig word nie, maar eerder dat dit abstrak word. Êrens merk Vendryes op „le vrai caractère du mot vide c'est l'abstraction". Havers praat van „eine... Intellektualisierung, d.h. der konkrete anschauliche Gehalt des Ausdruckmittels ist verdrängt, und an seine Stelle ist das rein Begriffliche getreten". (Handbuch der Syntax bls. 18)

Meillet (Bls. 141) wys daarop dat hierdie proses van verslyting en vernuwing veral op sekere gebiede plaasvind, o.a. die perfek, futurum, die ontkenning, voegwoorde, ens. (Vgl. Taal en Denken blss, 60-61, en Pos in Atti III bls. 13 vlgg.)

Soos ek opgemerk het, is dit die verskynsel

wat die verbreiding van „om te" ten koste van „te"; van „pour" ten koste van „à"; van „for to" ten koste van „to" verklaar.

Par. 29. Die inf. met „te".

A. Die subjek van die sin is die implisiete subjek van die inf.

Die inf. in a) moet beskou word as deel van die gesegde.

a) Soos ek in par. 26 aangedui het, kom die uitgang „-e" by die inf. slegs in verbindings met „te" voor. M.i. moet ons die geheel bestaande uit „ww. + te + inf. op -e", beskou as geykte uitdrukkings. Daarvoor pleit die feit dat die ww. in geen uitdrukking vervang kan word nie, die „te" nie tot „om te" uitgebrei kan word nie en ons ook nie die uitgang mag weglaat nie.

Bv. Wat gee jy te kenne. --- Julle het dit aan my te danke. --- Hy gaan te kere. --- Hy het dit te hore gekom. --- Hy loop nie te koop daarmee nie.

Daarenteen kan in baie ander gevalle waar die ww. geen uitgang „-e" het nie, die „te" vervang word deur „om te" of „en".

Bv. Hy het niks te (om te) sê nie. --- Hy het niks te (om te) doen nie. --- Hy loop te (en) skel op almal.

Waar die verbinding met „te" verpligtend is, word die ww. in 'n spesiale sin gebruik.

Bv. Hy het nie een te sien gekry nie. --- 'n Mens kry nie aldae olifante te koop nie.

Vergelyk daarmee: Ek het jou gekry om die plek te ondersoek.

b) Na weet, meen, herken. Hierdie konstruksies kom nie in letterkundige werke voor nie maar veral in die pers en amptelike stukke. Die inf. het die waarde van 'n bysin.

Bv. Hulle weet te vertel dat hy verongeluk het. --- Ons korrespondent meen te weet dat die minister reeds vertrek het. --- Dit is 'n daad wat hy erken 'n skending te wees.

c) Ook die inf. na skyn en blyk kom veral in die pers en amptelike stukke voor.

Bv. Hy blyk 'n baasvegter te wees. --- Hy skyn baie geesdriftig te wees oor die saak. --- Sy skyn dit te geweet het.

d) Na hoef en behoort. Hierdie konstruksies is die enigste in Afr. wat nog steeds springlewendig is.

Bv. Ek glo nie jy hoef dit te doen nie. --- Jy behoort sy vriendelikheid te waardeer. --- Hy hoef dit nie te gesê het nie. --- Jy behoort die oubaas te gehelp het.

Die eienaardighede i.v.m. die verbindings met „'n deelw. + het", kom ter sprake by baie van die hulpwwe. in hfstk. IV. I. v.m. sekere van die hwwe in Engels sê Curme dat hulle „are not now felt as belonging to a conjugational system. They indicate present or future time when associated with the present infinitive, but point to the past when associated with the perfect infinitive, so that it is not they but the infinitive that indicates time". (Syntax bls. 410)

Van„skyn" en „blyk" mag dit waar wees, maar soos ek sal aantoon in hfstk.IV. geld dit slegs gedeeltelik vir die ingewikkelde verhoudings op hierdie gebied.

e) Na die voorsetsel deur, van, in plaas van, in stede van.

Bv. Julle het afvallig geword deur vir julle 'n altaar te bou. --- Oom sal nie ouderling word van hierlanges rond te dwaal nie. --- In stede van na die kamer te gaan, stap hy na die venster. 'n Enkele keer kom 'n ander voorsetsel met „te" voor.

Bv. Sonder te blik of te bloos het hy sy storie vertel. --- Die verbinding met „om te" is egter gebruikliker.

B. <u>Die subjek van „wees" en „staan", is die implisiete objek van die inf.</u>

Van al die konstruksies met „te" word dit die meeste gebruik, en met infinitiewe van alle wwe. Dit is by uitstek 'n onpersoonlike konstruksie waar die implisiete subjek die onbepaalde persoon (generic person) is.
Bv. Daar's 'n nasie te lei, daar's 'n stryd te stry. --- Die teenstelling is nouliks te besef. --- Die patrollie se opgeruimdheid was nie te blus nie. --- In amptelike kringe is geen bevestiging te kry nie. --- Louis is nie met haastigheid te wen nie. --- Hy was nie te beny nie. --- Aan die hof is nie te dink nie. --- Uit die tuin is iets te maak. --- Dit staan nog te besien. --- Al wat my te doen staan is om die plaas te verkoop.

<u>Opm</u>. Soms ontbreek daar by die ww. „wees" en dgl. wwe 'n subjek, soos bv. „Aan bergklim was daar vir haar nie te dink nie". Die implisiete subjek staan hier na „vir".

<u>Par. 30</u>. <u>Infinitief of selfstandige naamwoord?</u>

Soos reeds gesê, het die verbinding met <u>te</u> of <u>om te</u> mettertyd 'n tipiese kenmerk van konstruksies met die inf. geword. Wanneer genoemde voorsetsels nou ontbreek, dan is die onderskeiding tussen inf. en snw. moeiliker. Gewoonlik beskou ons as tipies van snwe die verbinding met 'n lidwoord, 'n aanwysende of 'n besitlike vnw., maar is die aanwesigheid van hierdie woordjies die bewys dat ons met 'n snw. en nie met 'n inf. te maak het nie?

Ek glo dat die aan - of afwesigheid van lidwoorde, vnwe, <u>om te</u> of <u>te</u> nie beslissend is by die onderskeiding tussen snw. en inf. nie. Die enigste betroubare maatstaf

is die reksie van die inf. en sy vermoë om 'n nexus te vorm of te impliseer.

1. Ons kom nou by die moeilike geval waar sowel te en om te as die en 'n ontbreek. Indien die woord 'n implisiete objek het, en ook indien dit bepaal word deur 'n byw. en nie 'n bnw. nie, kan ons dit beskou as 'n inf.

Bv. Hy het vies geword van gedurig koringdra. —— Hul arms was dood van graaf en sooie lig. —— In 1916 het die skip begin met myne uit te sit.

Die inf. kan egter 'n woord wees wat nooit 'n objek neem nie, d.i. onoorganklik. In die geval is die enigste maatstaf die gebruik van 'n byw. as bepaling, en waar dit ontbreek, kan ons nie onderskei nie.

Bv. Die diere word geadverteer vir verkoop. —— Die skip is tot sink gebring. —— Die kelders was in aanbou. —— Hy hou op met gesels.

2. 'n Tweede moeilikheid vind ons by die konstruksies met aan + (die, 't).

Bv. Hulle bly aan babbel. —— Sy is aan die slaap. —— Die volk was aan't uitspan. —— Petrus was iets beters aan doen. Ons merk die volgende op: a) Naas die kom die ouer 't voor en albei kan weggelaat word sonder verlies van betekenis. b) Die wwe. wees, bly, raak, gaan, is byna die enigste wat as geseëgde in hierdie konstruksie optree. c) Slegs in weinige gevalle het die inf. 'n objek; meestal is dit 'n onoorganklike ww.

M.i. is daar drie opvattings moontlik in verband met hierdie konstruksie:

(1) Die historiese verklaring is dat die voorsetsel „aan" wat in die grond van die saak lokatief is, eers gebruik is met snwe na wwe soos „raak, wees, gaan", in 'n bepaalde, meer konkrete sin maar dat dit later slegs met

verbale anwe gebruik is om die inchoatiewe, duratiewe of ingressiewe aspek uit te druk. (Stil. Gr. bls. 354).

Met die verandering in waarde as 'n meer verbale groep het „die, 't" oorbodig geword maar tog gebly soos in baie ander vaste uitdrukkings.

Bv. Aan die regterkant. --- Op regterkant. In die straat. --- Op straat. Hy is verslaaf aan (die) drank, ens.

Hierdie konstruksies is dus gewone voorsetselbepalings, en die gevalle met 'n objek moet beskou word as uitsonderlike uitbreidingsgevalle.

(2) Die konstruksies kan beskou word as geykte uitdrukkings, wat buite die lewende taal staan. Inderdaad pleit vir hierdie opvatting die argaïese vorm 't, maar aan die ander kant is dit nog 'n baie gebruiklike wending om duur van tyd of die begin van 'n handeling aan te dui.

(3) Die betrokke woorde in die konstruksies kan as egte infinitiewe beskou word, en dan is die of 't bloot gewoonteklanke. Hierdie opvatting verklaar die aanwesigheid van 'n objek.

Wat die nexus betref is daar twee moontlikhede:-

a) Die subjek van die gesegde is die implisiete subjek van die inf.

Bv. Daar was 'n kavalkade aan 't nader. --- Sy jong was aldeur aan tamboerslaan. --- Dis die damwal wat ek aan 't maak is. --- Die kloof is aan 't dieper spoel. --- Dis 'n tegniek wat nou aan die ontwikkel is. --- Die honde raak aan blaf. --- Sy het skielik droewig aan huil gegaan. --- Hulle raak aan die blaf.

b) Die objek van die gesegde is die implisiete subjek van die inf.

Bv. G'n mens kan hom aan die loop kry nie. --- En toe kry ek die oubaas vas aan die slaap. --- Steek daardie bos aan die brand.

Par. 31. Hendiadys: Die verbinding van twee wwe deur middel van „en".

Tot dusver het ons konstruksies met die inf. behandel wat histories te beskou is as verbindings van 'n vf. met 'n verbale snw. Hierdie verbale snw. het ontwikkel tot 'n egte werkwoordsvorm (inf.) daardeur dat dit die krag het om 'n nexus te vorm, d.w.s as ondergeskikte predikasie op te tree binne die geheel van 'n onafhanklike predikasie. Die omgekeerde kan ook voorkom, nl. dat 'n onafhanklike predikasie wat verbind is met 'n ander onafhanklike predikasie in 'n ondergeskikte verhouding raak. Dit kom veral by verbindings met en voor. Bv. Die oubaas sit my 'n oomblik so en aanstaar. —— Oom Gerrie staan hom agterna en kyk.

Die verskynsel is, wat Ndl. betref, uitvoerig bespreek deur Overdiep (blss. 530-571), en as 'n algemeen taalkundige probleem deur W. Havers in die artikel „Enumerative Redeweise" (I.F. Heft 45 blss. 229 vlgg.) Havers toon aan dat daar in die meeste tale van Afrika, Europa en Asië 'n neiging voorkom om 'n handeling taalkundig in sy onderdele op te splits en elke onderdeel voor te stel deur 'n sin wat aan die ander geryg word presies in die volgorde waarin die handeling waargeneem is. In Handbuch der Syntax sê hy : „Die der gesprochenen Sprache eigene Parataxis in Fällen wie nhd. „Sei so gut und tun mir den Gefallen"... findet sich in einer erstaunlichen Gleichmässigkeit in den verschiedensten älteren und neueren idg. Sprachen". (Bls. 53)
Die samehang is dus geheel chronologies en aanskoulik, (maar nie kousaal nie).

Hierdie wyse van voorstelling oorheers by primitiewe volkere, maar kom ook in baie ander tale voor, veral wanneer die taal meer gespreek as geskryf word. (Daarom kom die „Enumerative Redeweise" veral in Afrikaans en Mnl. voor, maar in die Ndl. van die Renaissance nie. Die ooreenkoms tussen die twee stadia van Diets is dus eerder sielkundig as histories te verklaar.)

Die bloot aaneenryging verander maklik in 'n onderskikking. Veral die ww. van beweging wat so dikwels allerlei handelings begelei, raak maklik op die agtergrond deur die gedurige herhaling daarvan. Dit blyk uit die volgende vrye weergawe van 'n beskrywing in 'n inboorlingtaal: „Hulle gaan hom vat, hulle gaan hom bind, hulle gaan loop met hom na die Sultan, hy gaan gegryp word waar nie mens was nie, hulle gaan hom gee kos". (I.F.bls. 223) Dit is duidelik hoe so 'n ww. lig gegrammatikaliseer kan word tot wat ons hulpwwe noem.

Voor ek op hierdie kwessie ingaan, wil ek eers daarop wys hoe selfs 'n verband wat ek kan noem konsekutief of finaal (?) op dié wyse aangedui kan word. Dikwels is die verbinding soos by bv. modale ww. + inf.

Overdiep gee die volgende voorbeelde uit die volkstaal : Toen zyn zy heengegaan en zyn begonnen met de ontginning van den eersten polder. --- En toen kwam 't ongeluk, en hy viel dat zyn nek brak. --- Ga eens te werk en breng die palen in de schuur. --- We moeten naar schuur en voeren de koeien. --- Ik wou even komen en helpen je. (Blss. 561, 565).

Uit Afrikaans kan ek die volgende siteer: Hy is kapabel en sê die geld op. --- Waarom wil jy nie vir my luister en kap die spul uit en plant vrugtebome op die grond nie. --- Nou wragtie, ek laat nie my perde van 'n vervloekste leeu vang en ek bly hier lê nie. --- Toe begin die Engelsman en vertel vir ons van die afskeiding.

In Afrikaans is dit veral die wwe. staan, sit, lê, loop, wat as hwwe in dgl. verbindings optree. Dit is nl. die mees algemene woorde vir die beweging of posisie wat 'n handeling begelei. Die woorde kan natuurlik sowel konkreet in hulle oorspronklike betekenis gebruik word as die abstrakte waarde hê van hwwe wat die duratiewe aspek van 'n handeling uitdruk.

Daar bestaan 'n verskil tussen die wwe wanneer hulle a) selfstandig en wanneer hulle b) as hwwe gebruik word. Dit blyk uit die Uitspraak, Woordorde en Vorm.

<u>Uitspraak:</u> Die voegwoorde <u>en</u> het volle klankwaarde ( ) wanneer dit twee sinne verbind, bv. Hy het hier gestaan en gekyk na die huise. Wanneer dit egter die verbinding van hww. en ww. is, is die voegwoorde onbetoond ( ). Bv. Hy het gestaan en kyk na die huise.

Dit is opvallend dat die voegwoord in die Boland dikwels geheel wegval. Bv. Hy het staan kyk na die huise.

<u>Woordorde:</u>

a) Selfstandig gebruik is die volgorde soos aangedui in par. 25.

Hoofsin : S + ww. ... en + (S) + ww. ... (O) + (Bep.) of (A).

Inversie beteken net die omkering : ww. + S.

Bv. Almal sit nog 'n rukkie en bespreek die geval. --- Sy staan nou en wag vir Flip.

Bysin : Aanloop .. S .. ww. + en .... (O) .... ww.

Bv. dat hulle in die bed lê en boeke lees.

b) As hww. gebruik is die volgorde soos aangedui in par. 37 nl. Hoofsin : S + hww. .... (O) of (A) ... en + (Bep.) + ww.

Inversie beteken die omkering „ww. + S".

Bv. Hy staan my so en aangluur. --- Hulle moenie vir hom staan en moeg praat nie. --- Daar staan die tolman sy bakkies op 'n glimlag en trek. --- Die oubaas sit my 'n oomblik en aanstaar. --- Sy sit lui na die musiek en luister.

Bysin : S... (O) ... (A)... hww + en + (Bep.) + ww.

Bv. waar almal jou sit en beskou. --- as hy na Flip sit en kyk. --- waar hul hul slagoffer lê en verslind. --- wat haar mandjie sit en uitpak. ---

'n Enkele keer volg O die hww., aldus :

S.... hww. + O + en + ww.

Bv. waar hul sit hul wonde en lek.

M.i. het ons hier miskien te doen met 'n kontaminasie van die woord in sy selfstandige gebruik en as hww.

Die posisie van O en Bep. verander nie wanneer die verbinding in die verlede tyd staan nie.

Bv. Nadat hy daardie gedagtes in die bed gelê en dink het. --- Hoe hy vir my kom staan en lag het.

Hieruit blyk dat die tweede ww. in die gebruik as hww. die vorm van die inf. het.

Soms het ons 'n geval waar die bepaling van plek anders is as wat ons by die inf. vind.

Bv. Nou spring hy op en loop deur die kamer en verwens homself.

Vorm :

a) Na die hww. „het" kom alle selfstandige wwe. as deelwe voor.

Bv. Hy het by die venster gestaan en na buite gekyk. --- Hy het daar gesit en in die ou boek geblaai. --- Sy het weke gelê en goed uitgerus na die geweldige inspanning. --- Julle het te veel geloop en gespeel.

b) Na die hww. „het" kom die hulpwwe soms in die vorm van 'n deelwoord voor, en soms nie, maar die tweede ww. het steeds die vorm van 'n inf.

Bv. Ons het etlike minute gestaan en wag. --- Thys het so na die water staan en kyk. --- Ek het die oggend gesit en opstelle lees. --- Ek het my soms so sit en verwonder oor Jakob. --- Die vis het bo-op die water lê en spartel. --- Die waar jy gelê en slaap het. --- En die sewe priesters het gedurig geloop en blaas. --- Hy roer die saak aan waaroor ek loop en dink het.

Opm. In die Boland word die en dikwels weggelaat. ...

Bv. Twee ogies staan huil in die winterkoue. ––– Die volk staan wag vir die aanddop. ––– Maar terwyl die ou nog sit babbel, val Hendrik hom in die rede. ––– Dis hy wat daar agter die denneboom sit dreun met sy ghitaar. ––– Toe het hulle somar langs die pad bly lê slaap.

M.i. moet ons die voegwoord en in hierdie konstruksies beskou as 'n vrywel betekenislose oorgangsklank, ongeveer van die waarde van te of om te. Staan, sit, lê en loop is egte hulpwwe van aspek wat gevolg word deur egte infinitiewe, soos blyk uit die woordorde en die vorm.

Par. 32. Hulpwerkwoorde.

Die gangbare opvatting is dat die hwwe wwe is wat hulle betekenis verloor het en slegs in verbinding met sekere werkwoordsvorme (deelw. of inf.) 'n sekere grammatiese waarde behou. (Vgl. Stil. Gr. bls. 439 en Sint. par. 292).

Die hwwe is gegrammatikaliseerde woorde, en soos ek in par. 28 verduidelik het, beteken dit dat hulle in konkrete waarde verloor het en in abstrakte waarde toegeneem het. In par. 31 het ek die geval behandel waar woorde in 'n dubbele gebruik voorkom, met konkrete waarde as selfst. wwe en met abstrakte waarde as hwwe.

In die geval van 'n woord soos „skyn" het die verskil in gebruik daartoe gelei dat die leek twee homonieme vind in „Die son skyn ––– Hy skyn dit nie te weet nie".

Die gebondenheid van die hww. aan ander verbale woorde toon wel ooreenkoms met die gebondenheid van die wwe wat ek in hfstk I behandel het.

Overdiep verklaar verder : „De Inf. is dan niet meer een object of bepaling by het Vf.; integendeel, het Vf. is een bepaling van tyd, aspect of modaliteit by den Inf., het Vf. heeft de functie van hulpwerkw." (Stil. Gr. bls. 439)

Hier het ons weer te maak met die teenstelling psigologies (logies) - grammaties wat ek al bespreek het in par. 4.

Overdiep se voorstelling is wat ons kan noem „psigologies". I.p.v. te sê dat „het Vf. is een bepaling" sou dit veel juister wees om daarop te wys dat die reksie van die inf. die sin bepaal en nie dié van die vf. nie. Dit blyk wel die duidelikste in die geval van die passief. (vgl. par. 43) waar die inf. verander maar nie die vf. nie.

In Ndl. skyn sulke sinne wel voor te kom bv. „den stryd, die 37 jaar geleden door my gevoerd is moeten worden" (W. Kloos). Vergelyk ook die baie voorbeelde daarvan in Stil. Gr. parr. 283 en 145. In Afr. kom die tipe konstruksie voor by „laat".

In die geval van die modale wwe druk die inf. dikwels die tyd uit terwyl die vf. onveranderd bly. (Vgl. par. 29)

<u>Par. 33.</u> <u>Die hulpwerkwoorde van aspek.</u>

Die proses van grammatikalisasie blyk baie sterker by die hww. van aspek as bv. by die modale hwwe. Dit is ook nie vreemd dat juis by hierdie begrip die proses van verslyting en vernuwing duidelik te merk is, want soos Meillet sê „La catégorie de l'aspect est plus concrète que celle du temps". (Ling. hist. bls. 185)

Die opvallendste kenmerk van die hwwe van aspek is hulle weifelende karakter; hulle kom as selfstandige wwe en ook hulpwwe voor. Dit blyk uit hulle betekenis, maar nog duideliker uit hulle gebruik. Ons vind nl. dikwels twee of drie moontlike sintaktiese vorme met geen duidelike verskil in betekenis of waarde nie.

Die belangrikste wwe van hierdie klas is : <u>aanhou</u>, <u>ophou</u>, <u>bly</u>, <u>begin</u>, <u>gaan</u>, <u>kom</u>, <u>loop</u> (die ander hwwe

van aspek het ons reeds onder hendiadys bespreek).

By al hierdie hwwe is die subjek die implisiete subjek van die inf.

Aanhou + inf. Die verbinding geskied met behulp van met, om te, of sonder 'n verbindingswoord.

Bv. Hy hou aan met lol. --- Jy hou aan om dit te sê. --- Hy sal aanhou die esels moor. --- Hy het besluit om aan te hou werk. (Brandw.)

Opm. By hierdie hww. het ons die geval, wat ooreenstem met Overdiep se opvatting, dat die inf. deur die verskuiwing van die aanskoulike geleding dikwels op die voorgrond tree ten koste van die hww. Dit blyk daaruit dat die inf. by sommige sprekers as formele gesegdewoord en die hww. as bywoord gebruik word. D.i. afgesien van die sielkundige faktor, grotendeels te wyte aan die posisie van die woord in sommige sinne.
Bv. „Hy sal aanhou wil afval". Vgl. „Hy sal gedurig wil afval". Dit het gelei tot sinne soos „Hy sê dit aanhou. --- Hoekom vra jy my aanhou dieselfde vraag? --- Die storm het ook saam aanhou tamboer geslaan. (H. Smit).

Ophou + inf.

Die ww. stem ooreen met aanhou in alles behalwe dat dit nooit 'n bywoord kan word nie, omdat die betekenis dit nie toelaat nie.

Bv. Hy hou op met gesels. --- Julle sal nooit ophou om houthakkers en waterputters te wees nie. --- Hou op raas.

Bly + inf.

Daar bestaan 'n neiging om die gegrammatikaliseerde betekenis te skei van die selfstandige betekenis. (=woon, aanbly). In laasg. betekenis word dit met om te as finale bepaling gebruik, en in eersg. betekenis sonder verbinding.

Bv. Hy bly agter om alles weer op te ruim. --- Ons bly in die voorstede om te bespaar. --- Toe staan die son stil en bly die maan staan. --- Ek bly maar kyk na hom. --- Toe bly Oom Gert staan.

Begin + inf.

Dit word met om te, te, of sonder verbinding gebruik, sonder verskil in betekenis. Dit gaan saam met die wisseling van die vorme begin, begint, beginne. M.i. word te bloot as oorgangsklank gevoel, en daarom vind ons óf begin te, óf begint te, óf beginne + inf. maar selde „beginne, begint + om te," behalwe wanneer daar ander woorde tussen die ww. en die inf. staan.

Bv. Vroutjie begint hom lief te kry. --- Die een begin hardloop. --- Die groot bome beginne ook al skaars te word. --- Buite begin dit te skemer. --- Toe stap hy terug en beginne raas.

Gaan, kom + inf.

Soos ek i.v.m. die hendiadys opgemerk het, kan 'n handeling soms opgesplits word in sy dele waarby die beweging gewoonlik 'n begeleidende verskynsel is. Dit verklaar sielkundig waarom wwe van beweging in soveel tale hwwe word, bv. „aller, venir" in Frans, „going to" in Eng.

In Afr. kan die wwe „gaan, kom" selfstandig gebruik word met 'n bepaling van doel ingelei deur „om te", òf as hww. met 'n naakte inf.

Gaan + inf. Die hww. dui veral die ingressiewe aspek aan, soms met sy konkrete waarde en soms met die implikasie dat dit die toekoms aandui. Die juiste waarde hang van die verband af, maar ons kan sê dat die abstrakte waarde om tyd of aspek aan te dui, toeneem, na mate die konkrete waarde verbleek.

Vgl. Jy moet gaan platlê. --- Waarskynlik wou de Wet die kommandos gaan reorganiseer. --- Hy gaan beteuterd staan en kyk. --- Sy sal maar weer gaan trou. --- Pa gaan die plaas binnekort verkoop. --- Ek gaan nie my kop in so 'n ding steek nie. --- As daar iets goeds gaan gebore word.

Kom + inf. Die hww. dui ook die ingressiewe aspek aan, maar as 't ware terloops, want dit bewaar gewoonlik 'n konkrete waarde.

Vgl. Ek sal kom koffiemaak. --- Julle kom hier twis.

Dit is egter van meer belang as 'n modale hww. om 'n bevel of oproep uit te druk wat kollektief bedoel is en die spreker insluit.

Vgl. Kom ons staan buite en kyk of Pa nie kom nie. --- Kom ons dam hom maar weer by. --- Kom ons sing saam.

'n Besonderlike gebruik van „kom" vind ons in verbinding met „kry".

Vgl. Toe hy hom kom kry is hy in sy verbeelding hard besig met planne vir 'n veldtog. --- As 'n mens jou plig doen en oud genoeg word, komkry jy jou naderhand dat jy oupa is. (C.J.Langenhoven).

Hier het „kom" perfektiewe waarde.

„Loop" word met of sonder „om te" met die inf. verbind, maar ek kan die juiste waarde van „loop + inf." nie bepaal nie.

Vgl. Sy het hard geloop om jou nog in te haal. --- Hy loop haal die geweer en gee dit aan Fanie sonder 'n woord.

As kleurling-Afrikaans of minder beskaafde taal moet ons die volgende beskou: „Hulle stap al om die base te loop kyk hang". (Leipoldt).

In „Onderzoekingen over Afrikaanse Syntaxis" (blss 18 tot 31) wys Prof. Bouman op die neiging om die inf. in direkte opvolging na „gaan, kom, loop (ook bly en laat)" te gebruik.

Bv. Gaan verneem tog betyds. --- Lank voor sy bo kom, gaan sit sy. --- Die mossies is besonder mak, en kom tel die brood amper onder jou voet op. --- 'n Windjie kom streel die silwerblare van 'n ou doringboom. --- Hy loop haal die kerse van die rakke.

Prof. Bouman verklaar die ontstaan van hierdie konstruksies as vorme van die gebiedende wys wat in die aantonende wys ingedring het, „toen de imperatieven tegenover slaven en andere kleurlingen gebezigd, de meest voorkomende omgangsvormen waren". (bls. 28.)
Vgl. nog verder par. 34.

**Par. 34. Die hulpwerkwoorde van reksie.**

Onder die reksieverhoudings val die onegte teenstelling aktief-passief. Die passief sal ek nog in parr. 42-44 uitvoeriger bespreek, maar hier wil ek slegs wys op die hww. „laat", waarmee ons die hele reksie verander en wel so dat die subjek die handeling veroorsaak en die objek subjek is van 'n neutrale inf.

Indien die ww. beteken „toelaat" is die implisiete subjek die enigste objek, en indien dit beteken „veroorsaak" is die indirekte objek die implisiete subjek en die direkte objek ook objek van die inf.

1. Toelaat:

Vgl. Hulle het die stad laat oopstaan. --- Ek laat jou nie gaan nie. --- Maar Josua het Ragab laat lewe. --- En so het hulle my dan maar laat ry. ---.

2. Veroorsaak.

Vgl. In die tyd het Josua hulle laat sweer. --- Die versterking van die eilande het hom nie juis rustig laat voel nie. --- Die perskebrandewyn het party van hulle laat lekker voel. --- Dit laat net die begroting styg.

Soms ontbreek die implisiete subjek:

Bv. En Josua en die hele Israel het (die Filistyne) hulle verslaan. --- Hy het (ons) niks laat hoor nie. --- Vanmôre

het Jan al (die meidjie) laat meel leen. --- En nou laat hy (vir my) met sy seun weet. --- Hy laat (sy seun) vra ons moet hom tog help.

Ons vind 'n aantal uitdrukkings waarin „laat + inf." 'n byna onskeibare eenheid vorm.

Vgl. Laat staan my. --- Laat los my hand. --- En toe het hy laat vat, spat, saai, spaander.

Laasg. uitdrukkings wat almal beteken „vlug" of „vinnig weggaan", is geykte wendinge wat alleen histories kan verklaar word.

Of die ww. „los" ontstaan het uit die verbinding „laat los" is ook 'n historiese vraag wat ek buite beskouing laat.

Prof. Bouman bring hierdie woordskikking net soos by „gaan", kom, loop" i.v.m. die gebiedende wys en sy gebruiklikheid in die Kaapkolonie.

Wat ook al die historiese verklaring mag wees, is dit seker dat die hww. op die huidige tydstip 'n baie abstrakte waarde het en byna 'n woordelement is, sodat die geheel in die passief kan gesit word.

Vgl. Volgens die omstandighede is dit duidelik dat die mes laat val is deur die meid. (HG.)---Nadat hierdie plan laat vaar is. --- Die Transvaalse opperbevelhebber se lasgewing was dat die tog na die Kaapkolonie laat vaar moes word. (G.D. Scholtz)

Kruisinga wys op dieselfde verskynsel in Engels: He let the axe slip. --- He let slip the axe...... In the last construction the verb „let" is completely subordinated, both in meaning and phonetic form so that it is little more than a prefix making the following stem transitive, e.g. I let fall a remark. --- It was let slip." (Eng. Accidence and Syntax bls. 435).

I.p.v. „laat" wat dikwels te dubbelsinnig is, vind ons gewestelik verbindings met maak, veral met staan.

Vgl. Maak hulle op hul pote staan, ou swaer. --- Dan maak staan ons die een hier.

Net soos „kom" word ook„laat"as adhortatief gebruik.

Vgl. Laat ons 'n paar entomoloë gaan opsoek. --- Laat ons dit nou optel.

Par. 35. Selfstandige werkwoorde + infinitief.

Naas die verbinding van selfst. wwe + om te of te + inf. (parr. 27. 29), vind ons ook gevalle waar die inf. sonder „te of om te" voorkom. Formeel lyk dit dus op die verbinding van hww. + inf., maar baie van die infinitiewe het die waarde van 'n bysin.

Probeer, help, leer.

Die inf. kom met of sonder „om te" voor.

(1) Die subjek is ook die implisiete subjek van die inf.

Bv. Ek probeer om my aandag by die preek te bepaal. --- Hy wil dit probeer gebruik. -- Jy moet leer om jou hande te gebruik. -- Leer hy al praat?

(2) Die objek is die implisiete subjek van die inf.

Bv. Hulle leer hom allerlei dinge sê. -- Hy leer ons sing. -- Jy moet my help om klaar te maak. -- Hulle het hom help vlug. -- Sy help (hom) soek. -- Ons help (hulle) inspan.

In hierdie konstruksies beteken „leer" „teach", terwyl dit in eersg. konstruksies „learn" beteken. Verder moet daarop gelet word dat dit by „help" lyk asof die subjek ook implisiete subjek is wanneer 'n objek makeer omdat die twee subjekte saam die handeling verrig.

Sien, hoor, voel, vorm saam die wwe van waarneming. Behalwe die konstruksie met 'n inf., wat gewoonlik die accusativus

cum infinitivo genoem word, kan hierdie wwe ook deur 'n bysin gevolg word. Vgl. Ek sien hom alweer. --- Ek sien hy loop alweer.

Die verskil tussen hierdie twee tipes konstruksie lê daarin dat die ww. + inf. 'n aanskoulike waarneming voorstel, terwyl die ww. + bysin 'n abstrakte waarneming aandui.

In verband met die konstruksies kan ek die volgende opmerk:

1) Behalwe die implisiete subjek ($O^1$) kan ook die inf. sy eie objek hê ($O^2$). Die normale volgorde is dan altyd ($O^1$) voor ($O^2$).

Bv. Ek het hom die perd sien ry.--- Ek hoor jou altyd dieselfde storie vertel.

2) Die implisiete subjek kan ontbreek omdat dit bekend is of die algemene („generic") persoon is. Die objek is dan ($O^2$).

Bv. Hoor jy die lied sing? --- Ek sien net vensters ingooi en ruite breek. --- Jy sien net sweet afvee.

3) Albei objekte kan ontbreek omdat alles uit die situasie moet blyk, maar dan benader die inf. ook wel 'n snw.

Bv. Jy hoor net skree. --- Ek voel net ruk en pluk tot die ding sink. --- Sien julle daar wink en waai?

Par. 36. Die modale hulpwerkwoorde.

W. Porzig merk op in 'n beskouing oor die oorsprong van die morfologiese elemente in Idg. „Wenigstens scheint die syntaktische Verwendung des Konjunktivs am besten dadurch erklärt werden zu können dass er ursprünglich ein Modus der ersten Person war". (Atti del III Congresso bls. 298).

Die modale hwwe bring die kwessie van die persoon van die subjek sterk op die voorgrond.

Dit spreek bv. vanself dat wanneer 'n ww. die begeerte van die spreker uitdruk, dit uiters belangrik is of die subjek in die eerste, tweede of derde persoon is, want dit sal selfs die reksie van die ww. verander.

Dit sou a priori nie vreemd wees as sommige modale wwe net in die eerste persoon voorkom nie. (Vgl. Pos in „Het Onbepaalde....." bls. 11, en A. Belic in Atti III bls. 228).

By sommige van hierdie woorde merk ons die modale betekenis minder as by ander, maar almal het sintaktiese eienaardighede.

Durf.

Dit staan halfpad tussen die vorige groep hwwe en hierdie groep wat die sintaksis betref.

Bv. Hy het nie durf weier nie. --- Hy het dit nie gedurf om te kom nie.

In die teenw. tyd vind mens egter nooit die verbinding met „om te" nie.

Behoort, hoef, wil.

Hierdie wwe staan steeds in 'n persoonlike reksie, d.w.s. die sielkundige subjek is steeds die grammatiese subjek.

Bv. Ons behoort hulle te waarsku. --- Ons hoef dit nie te ontken nie. --- Hy wil so graag help.

Kan, mag, moet, sal.

Hier vind ons persoonlike en onpersoonlike reksie.

A. Persoonlike reksie: Kan jy swem?--- Hy mag nie weggaan nie. --- Jy moet goed luister. --- Ek sal self besluit.

B. Onpersoonlike reksie: Hier is die logiese of tematiese subjek 'n nexus bestaande uit grammatiese subjek + inf.

Vgl. Hulle kan naby die sewentig wees. --- 'n Mens

kan al Vondel se werke gelees het. --- Hy mag dit weet. --- Dit mag so gebeur het. --- Jy moet darem moeg voel. --- Hy moet baie snaaks gelyk het. --- Hy sal glo as gasheer optree. --- Hy sal wel die kat uit die boom gekyk het.

Ons kan die sinne logies weergee deur samegestelde sinne van die tipe: Dit is moontlik dat hulle naby die sewentig is. --- Dit is miskien moontlik dat hy dit weet. --- Dit is baie waarskynlik dat jy moeg voel.

Oor die onpersoonlike reksie vergelyk weer par. 10.

Die modale wwe word volledig behandel in hoofstuk 4.

<u>Par. 37.</u> <u>Woordskikking.</u>

Die inf. was oorspronklik 'n snw. wat as bepaling of objek by die ww. gevoeg is. Sy oorsprong merk ons nog gedeeltelik aan die woordskikking, want dit neem ongeveer die posisie in van 'n bepaling of 'n objek.

Die belangrikste algemene reël i.v.m. die inf. is dat die bepaling (Bep.) van die gesegde - in dié geval van die inf. - onmiddellik voor die inf. staan in 'n hoof- of bysin.

<u>Bep. + inf</u>:

Bv. Ek kan nie iets ander uitdink nie. --- 'n Volgende slag wou hy my wegjaag. --- .. waarin ek niks sal afkort nie.

<u>Bep + te + inf</u>.

Bv. Ons hoef nie vir hom weg te loop nie. --- Wat hieruit behoort pad te gee. --- Hoe hy ook probeer om dit weg te redeneer. --- Hy doen sy uiterste om dit stop te sit. --- Ek moes werk om dit bymekaar te skraap. --- Hoe loop jy dan sonder om dag te sê?

In die bysin vind ons dat ook ander bepalings, soos die ongeklassifiseerde tipe A en die objek, dikwels onmiddellik voor die ww. staan.

Bv. Waarom is julle so onnosel om julle te laat tronk-toe neem?--- ...of hy nie van die Helpmekaar kan geld opneem nie. --- ... wat nie wou skuld bely nie. --- ... wat moet huiwerig wees. --- ... voor ek hom kon antwoord gee. --- ... sodat ek kan dood wees. --- ... wat oor die sotste dinge sal vrolik word. --- ... as jy dit mag nodig kry. --- ... waarmee sy taalgebruik moet rekening hou. --- ... wat nie wil Engels praat nie. --- ... dat ons almal moet aan die lewe bly. --- ... as ons nou eenmaal moet hierdie vorms gebruik. --- ... asof ek hom net wil gewaar word. --- ... tot meneer my hoor benoud skree. --- ... of die geheel moet skade ly. --- ... dat ek jou sou aanstoot gee. --- ... waar sy vyf trappe moes op en af klim. --- ... waaroor ons dit kan eens word. --- ... toe jy wou te kenne gee. --- ... dat ek moes aan die slaap raak. --- ... waar ek wil huis aan die kant maak.

Hierdie woordorde kom ooreen met dié van die hoofsin. Ons kan die volgorde dus verklaar as 'n neiging om die woordorde ongewysig te hou. Of ons kan dit beskou as uitbreidings van die skeibare wwe, d.w.s. dat bepalings van die sin (A) verander het in gesegdebepalings (Bep.).

Die tweede belangrike wet i.v.m. die inf. is dat dit in 'n <u>bysin</u> die vf. onmiddellik volg.

<u>Vf. + inf.</u> Bv. Waarom dit die leser sou interesseer. --- ... waarin ek niks van my deugde sal verkort nie. --- ... wat van die wynplase gaan word.

Die gevolg hiervan is dat <u>Vf. + Bep. + Inf.</u> 'n aaneengeslote blok vorm.

<u>Histories.</u>

In Afr. is daar in die bysin geen ander volgorde as <u>vf. + inf.</u> In Ndl. kom die volgorde <u>inf. + vf.</u> voor, al is dit volgens Overdiep "in nauwelyks ¼

der byzinnen". (Stil. Gr. bls. 493)

Steekproewe toon hoe die neiging tot die Afrikaanse vorm reeds voor 1875 sterker geword het, hoewel die invloed van die Nederlandse skryftradisie nog sterk merkbaar is.

Wikar 66 (Soos Nederlandse skryftaal) - 39 (soos Afrikaans); Duminy-Dagboeke 7-31; A.W. Pretorius 14-86; ander Voortrekkers 39-145.

Wat die uitbreiding van die woordskikking van die hoofsin na die bysin betref, vind ons dat dit ook vroeg reeds voorkom. By Wikar o.a.: „dat den vryer zal klaar raaken. --- ... hoe zy in de harde klipgrond kunnen zo diepe gaate graaven. --- ... dat wy moesten beurt om beurt 's nagts wagt houden. --- ... dat ze wil zo lang leven".

In Meurant se Zamenspraak vind ons die volgende: „ .. dat hy toch niet moet myn naam noem nie. --- ... dat hulle help onze geld op te maak. --- ... waarvan hy moet Trustee wees. --- ... wat ons nog moet onder buk. --- ... dat de Doppers zal stil blyve. --- dat ons zonder hulle kan klaarkom.

---

# HOOFSTUK 3.

## D I E   D E E L W O O R D .

### Par. 38. Die deelwoord en sy vorm.

Alle wwe in Afrikaans kan met die hww. het verbind word om saam een gesegde te vorm, d.w.s. die nexus en reksie hang dan van die ww. en nie van „het" af nie, wat kan beskou word as 'n skakelwoord met 'n uiters abstrakte betekenis. ( „Un mot vide" soos Vendryes dit sou noem.)

In die verbinding noem ons die vorm van die ww. die Voltooide Deelwoord. Formeel word dit gekenmerk deur die voorvoegsel ge-. In 'n aantal gevalle bestaan daar egter geen aparte vorm vir hierdie gebruik nie. :

1. Waar die wwe begin met die voorvoegsels: be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-.

2. Waar die wwe begin met die voorvoegsels: aan-, agter-, mis-, om-, onder-, oor-, vol-, voor-, weer-, ens.

Bv. aanskou, agtervolg, misgis, omskrywe, onderdruk, oorweeg, volhard, voorsien, weerhou. Hierdie wwe word gewoonlik „onskeibare wwe" genoem. Na my bespreking van die sg. „skeibare wwe" wat soms 'n bepaling het gelykluidend aan bestaande voorvoegsels - moet dit duidelik wees dat laasg. bestaan uit 'n ww. + 'n ander woord en dat die ww. dus net soos alle ander wwe die voorvoegsel „ge-" neem waar moontlik.

Bv. aangeneem, omgeloop, volgehou, voorgekeer, ens.

3. By wwe met die agtervoegsel - eer word die voorvoegsel soms gebruik en soms nie. In die omgangstaal bestaan daar 'n voorkeur vir die reëlmatige vorm, veral wanneer dit 'n bekende woord is.

Bv. studeer of gestudeer, probeer of geprobeer.

4. Die modale hwwe„kan, mag, moet, sal, wil, hoef, behoort" het geen deelw. nie.

5. Indien enige ww. verbind word in een gesegde met ander wwe, sonder te of om te, dan val die voorvoegsel gewoonlik weg. (Vgl. par. 54)

6. By die hendiadys kan die hwwe „staan, sit, lê, loop" soms met en soms sonder „ge-" gebruik word. In die verbindings sonder en kom die voorvoegsel nooit voor nie.
Bv. Hy het staan kyk wat gebeur.

## Par. 39. Het, word, is, was + deelwoord.

Die indeling van die deelwoorde geskied op grond van hulle reksie, d.w.s. (a) met watter wwe die deelwe kan verbind word, (b) wat die verhouding tot subjek en objek dan is, (c) wat die betekenis van die wwe dan is.

I. Alle deelwe kan met het verbind word.

II. 'n Aantal wwe word 'n enkele keer, sonder subjek, verbind met word, is,was. Meestal word die verbindings ingelui deur daar, maar dit is nie essensiëel nie, want „daar" lui ook wel ander tipes sinne in, nl. hoofsinne met onderwerpsinne: „Daar word verklaar dat die onderhandelinge afgespring het."
Bv. Terwyl die agterhoede agter die ark aan gaan, èn gedurig op die horings geblaas word. — Voordat aan die deur geklop is. — Sy word bang as daar te veel gepraat word. — Dis 'n tyd wanneer min geslaap en veel gesing word. — En al word daar hoe probeer om die nuwe werk met een formule saam te vat. — Daar kan moonlik ooreengekom word tot 'n reëling. — Daar moet weggekom word van sulke idees. — Dis die eerste keer dat daar van hulle kant op 'n aftog aangedring word. — As gelet word op die sametrekking .. word die toestand sorgwekkend. — Maar eers moes gestry word teen die voosheid van die vorige geslag.

Hoewel die aard van die sinne gedeeltelik aangedui is in par. 12 moet ek nog daarop wys dat die sinne

op verskeie maniere kan ontstaan: Eerstens om 'n handeling voor te stel op sigself „sans aucune notion etrangère"; tweedens wanneer die sielkundige subjek nie grammatiese subjek kan wees nie; derdens as die ww. onoorganklik is en 'n subjek dus ontbreek.

III. 'n Aantal wwe kan met is en was verbind word in dieselfde reksieverhouding as met het.

Die opvallendste van hierdie konstruksies is dat die ww. steeds vergesel gaan van 'n bepaling en dat die ww. onoorganklik is.

(a) Bepalings soos „weg, vol, aan, uit, vas, op, dik, dig", ens.

Bv. Eer hulle kan skiet, is hy reeds in die maanlig weggesmelt.— Die rëenwater in die gate was opgedroog. — Onder die welige ranke, wat oor die bossies aaneen gegroei is .., bly hulle onsigbaar. — Hulle sye was ingeval van honger en dors. — Eindelik is die jong mannetjie uitgewoed. (Voorbeelde uit Sangiro.) — Naderhand is hul uitgespeel. — Haar voorlyf is so ongelooflik dik geswel. — Toe is die outjie al dikgevreet. — Hul pensies is volgedrink. — Elkeen verkondig op sy beurt dat ook hy dikgevreet is. — Alles is al lankal doodgeryp. (Uit die Hobsons.)— Die gras is weer uitgegroei teen die tyd. (HG) — 'n Deel van haar sielewese is vasgegroei aan haar man. (Mikro) -- Die kers was uitgebrand. -- tot die been weer aangegroei was. (Langenhoven)— vandat hulle opgegroei was. -- totdat die voëe potdig geswel was. (Malherbe) — Daardie motrëentjie was Saterdagoggend nog nie opgeklaar nie. — Deur die lawaai was ek lankal wakker en aangetrek . (Mostert) — Na 'n ruk was hul bo-op die rug aangeland. (Malherbe)

(b) Die bepaling klaar en al kom dikwels voor.

Bv. Halfpad was sy weer klaar gelaai. (Langenhoven) — My oudste broer wat al klaar geleer was, sou alleen gaan. —

Hulle is al klaar lam gebeur. -- Toe die rooidag breek, was Sluip klaar fees gevier. -- Die luiperds is klaar geëet. -- As die mense klaar gebaai is.(Laasg. drie uit skoolopstelle.) -- Selfs Mooiveld was al glad verhaar. (Boerneef)

(c) Die bepaling kan 'n woordgroep wees.

Bv. Soos iemand wat uit asem geskrik is.

(d) Konstruksies sonder bepaling doen vreemd aan, al tref ons hulle by standaardskrywers aan.

Bv. Die oubaas was waarskynlik verdwaal in sy rigting. (HG.) -- Ek en Vroutjie is byna van honger en dors vergaan. -- Die oë was geswel. -- Byna drie maande was verloop. (Drie voorbeelde uit Langenhoven) -- Dit is gewoonlik wanneer 'n mens vir galjoene gelaai is dat een van die knewels jou aas optel. (Steytler) -- Dit lyk vir my julle is almal van Robbeneiland ontsnap. -- Almal dinge wat gewortel was in die plaaswerksaamhede. (Malherbe)

<u>Opm</u>. In Nederlands word wwe wat 'n verandering van plek of toestand aandui met „zyn" verbind in die verlede tyd. Enkele van bog. voorbeelde sou miskien as 'n voortsetting van hierdie konstruksie beskou kan word, bv. vergaan, geswel, verloop. Origens was die konstruksie reeds in Ndl. nie die enigste nie. Dr. J. du P. Scholtz verklaar : „As ons egter in aanmerking neem dat in die 17e eeuse Nederlands <u>hebben</u> plus die voltooide deelwoord van 'n mutatiewe werkwoord heel gewoon was ..." (HG. 20 - 6 - 1941 bls. 51)
'n Ondersoek van historiese bronne het die volgende resultaat gelewer.: Wikar 19 (hebben) 89 (zyn) ; Voortrekkers 7 (hebben) 90 (zyn).
Die verhouding 4 (hebben) 11 (zyn) in Bezuidenhout se brief is veel meer konserwatief, en ek glo met Dr. Scholtz dat ons dit moet toeskryf aan die sterke invloed van die skryftaal.

IV. 'n Aantal van die neutrale wwe bied die volgende besonderlike geval aan :

a) Kousaal gebruik verander dit die reksie geheel of ons <u>het</u> gebruik, of <u>word</u>, <u>is</u>, <u>was</u>.

Bv. Hy het die lap geskeur. -- Die lap word, is, was deur hom geskeur.

b) Mediaal gebruik is die verbinding met <u>het</u> die enigste.

Bv. Die lap het geskeur.

V. Die oorganklike wwe kan met het verbind word in een reksieverhouding en met word, is, was in 'n ander.

Hierdie vyf groepe verbindings wil ek tans beskou vanuit die standpunt van die aspek en die sg. vorm (aktief en passief.)

## ASPEK.

### Par. 40. Inleiding.

Kruisinga gee die volgende definisie „Aspect is a term borrowed from Slavic philology to denote the meaning of a verbal form in so far as it expresses whether the speaker looks upon an action in its entirety, or with special reference to some part -- chiefly the beginning or the end --. (Handbook Part 11 Vol 1 bls. 221.)

By benadering kan ons sekere aspekte in Afrikaans weergee deur bv. Hy huil. -- Hy gaan aan 't huil.--- Hy is aan 't huil. -- Hy het klaar gehuil.

In sommige Slaviese tale druk verskillende werkwoordsvorme 'n hele stelsel van aspekte uit, maar in Afr. word dit as 't ware toevallig uitgedruk deur die ww. Dit is in Afr. m.a.w. nie 'n grammatiese maar 'n ontologiese (notional) kategorie.

Jespersen verklaar: „Nor have these writers always distinguished the four possible expressions for aspects, (1) the ordinary meaning of the verb itself, (2) the occasional meaning of the verb as occasioned by context or situation, (3) a derivative suffix, and (4) a tense-form." (Phil. of Gr. bls. 286)

Die laaste kwessie wil ek die eerste noem.

Die praesens is in Afr., soos in baie ander tale, die algemeenste. Soos Winkler sê: „Das Präsens ist das Tempus der lebendigen Gegenwart. Als unmittelbares Erlebnistempus aber ist es auch die Zeitform der in die Gegenwart vorweggenommenen Zukunft und der ins Gegenwärtige hineingezogenen Vergangenheit -- wie das Tempus der zeitlichen Allgemeingiltigkeit" (Grundlegung bls. 53) By implikasie is die verlede tyd dus van beperkter krag en geldigheid. Binne die algemene raamwerk van hierdie beperkings moet ons nou die aspek van die ww. sien en daarby die drie ander punte van Jespersen in aanmerking neem.

Par. 41. Die aspek van die deelwoord. (Vgl. par. 39)

I. Die eerste indeling lewer niks op nie omdat dit alle wwe insluit en dus onbepaald moet wees. Die verskil tussen die enkele ww. en „het + deelw." kan ons dus slegs as 'n verskil in tyd beskou.

II. Hierdie konstruksies druk die proses as geheel uit en ons kan dit by gebrek aan iets beters noem die totale aspek. Hierdie konstruksies gee egter geen uitsluitsel oor die aspek van die wwe self nie, want dit sluit wwe van groep I, IV en V in.

III. Soos ek reeds aangedui het in par. 15 kan die bepaling van 'n ww. soms sielkundig die belangrikste deel van 'n gesegde word. Hier het ons nou 'n reeks bepalings van resultaat wat aan die die verbinding as geheel die karakter gee van voltooidheid. Voltooidheid kan egter baie fyner onderskei word in 'n perfekterende aspek „het bereiken van het moment der voltooiing" en 'n perfektiese aspek „het voltooid zyn of het resultaat van een verleden gebeuren." (Stil. Gr. bls. 334). In sy perfektiese aspek verskil die deelw. nouliks van 'n bnw. -- vgl. „hy is oorlede" en „sy oorlede vader" - en dit is uiters moeilik om te beslis of sommige verbindings van „is, was + deelw." verbaal of nominaal is.

Baie van hierdie groepe kan inderdaad ook as attributiewe bnwe gebruik word.

Bv. die aaneengegroeide bossies. --- haar ingevalle wange. --- sy geswelde oë. --- die dikgevrete kleintjies. --- die uitgebrande kers. --- die opgegroeide kinders. --- die aangegroeide arm. --- die doodgerypte groente. --- verdwaalde mense. --- die vergane skepe. --- die ontsnapte matroos. --- 'n verhaarde hond. ens.

Die meeste van hierdie bnwe kom van mutatiese wwe (wwe wat 'n verandering aandui) wat in hul laaste fase noodwendig 'n resultaat of toestand moet aandui. Dit is dan ook te begrype dat die nie - mutatiewe wwe nie so lig as bnwe kan gebruik word nie omdat die bepaling wel die perfekterende aspek vertoon maar die geheel nie resultatief is nie. Volkome irrasioneel is dit dus dat bv. „dikgevreet" as bnw. optree.

IV. Die meeste neutrale wwe dui 'n verandering of wording aan wat òf van buite af veroorsaak word òf hom vanself voltrek, en die deelw. is dus perfekties of perfekterend.

Hierdie onderskeid word gehandhaaf deur die ww. konsekwent oorganklik of konsekwent onoorganklik te gebruik. Daar is bv. nie so iets as 'n oorganklike neutrale ww. sonder objek nie. In die verbindinge met „het" word die onderskeid gehandhaaf.

Die verbinding met „word" is ook eenduidig nl. passiewe gebruik van die kousatiewe ww.

Die probleem ontstaan egter by die verbinding met „is" en „was". Daar kan nl. geen rasionele verskil bestaan tussen 'n resultaat (die perfektiewe of perfektiese aspek) van 'n handeling (kousatief) en die resultaat van 'n wording (mediaal) nie.

Oor die algemeen handhaaf die taal egter tog die verskil tussen die mediale „het" en passiewe „is".

Slegs by „was" verswak die onderskeiding.

Bv. Die hortjies is deur die wind afgeruk. --- Die skok was so groot dat die skroef afgeruk het. --- Die bande was al verslyt. --- Die ratte was verslyt deur jarelange gebruik.

V. Die tradisionele mening oor die deelw. sluit gewoonlik aan by die historiese ontwikkeling. Stoett verklaar bv. „Het partic. praet. heeft actieve beteekenis wanneer het by een intransitief ww. en passieve bet. wanneer het by een transitief ww. behoort." (Mnl. Synt. par. 261)

Ek glo dat die bespreking van groepe II, III en IV reeds enigermate getoon het dat die skeiding in oorganklik - onoorganklik weinig lig werp op probleme wat veel beter kan verklaar word van uit die gesigspunt van aspek.

'n Ww. sonder 'n objek is - afgesien van sy betekenis - onbepaald. Die objek wat bygevoeg word, maak die verbinding bepaald of resultatief. Baie oorganklike wwe is deur die aard van hulle betekenis perfektief of resultatief, maar dit is nie noodwendig so nie. Die objek hoef nl. nie die resultaat of inhoud van die ww. te wees nie; ewemin hoef die objek 'n verandering te ondergaan. M.a.w. die oorganklike wwe kan allerlei soort aspekte vertoon. Die rede waarom die deelw. van oorganklike wwe „passief" genoem is, lê miskien daarin dat baie van hulle van mutatiewe wwe gevorm is, en dus resultatief is. Maar sedert die ontwikkeling van die deelw. as verbale vorm is dit nie meer die geval nie.

Ons kan dus nie die aspek van die wwe as groep bepaal nie, want dit hang dikwels van die verband af, maar een groepie kan afgesonder word. Dit is wwe wat in die vorm van deelwe op besonderlike wyse attributief gebruik word. Ons kan dit die perfektief-duratiewe of „permansive" aspek noem. Vergelyk ons bv. die gewone deelwe soos in „die gewonde soldaat, 'n teleurgestelde vriend, gebakte brood", met die besonderlike aspek in „'n veragte persoon, 'n bedreigde stad" dan vind ons dat die perfektiewe bnw. omskryf kan word as „die soldaat, vriend, brood wat gewond,

teleurgesteld, gebak <u>is</u>", terwyl laasg. deelwe beteken „wat verag, bedreig <u>word</u> òf <u>is</u>."

Die deelw. van hierdie wwe druk dus nie 'n resultaat uit nie, maar eerder 'n deurenee-verhouding ('n totale aspek?) Hiertoe hoort die deelw. van: terg, erken, eer, vrees, bewaar, vermis, beskerm, verlang, bewaar, bewoon, verwaarloos, onderdruk, ens.

---

## <u>DIE PASSIEF.</u>

<u>Par. 42.</u> <u>Waarde.</u>

Die tradisionele opvatting is dat die aktiewe vorm aandui dat die subjek die agens, en dat die passiewe vorm aandui dat die subjek die „objek" is wat die handeling ondergaan.

In die laaste jare is tereg ingesien dat die twee vorme geen suiwere teenstelling uitmaak nie. Schnorr von Carolsfeld verklaar dat daar in Idg. geen algemene vorm vir die passief bestaan het nie. (I.F. 52 bls. 1 vlgg) Die passief is slegs een uit 'n menigte reksieverhoudinge wat ons - in die Wes-Europese tale - veral i.v.m. die transitiewe wwe bring. Paul sê „Der Unterschied zwischen Aktivum und Passivum ist von Hause aus syntaktischer Natur". (bls. 279)

In werklikheid hang die passief nou same met neutrale en onpersoonlike konstruksies (onoorganklike wwe). Logies beskou is daar verskillende verklarings vir die bestaan van so 'n vorm:

1) Die agens is òf te bekend òf te onbepaald om genoem te word, of dit is taboe en ons wil die agens nie noem nie. Bv. Die vee word by die slagpale doodgemaak.— Die vyand is teruggedryf.—Ernstige ontevredenheid word berig.

2) Die konstruksie is wesenlik „onpersoonlik", dit word nie gevoel as 'n handeling nie dog as 'n gebeurtenis. Sodoende kan 'n intransitiewe ww. ongeveer dieselfde uitdruk as 'n passief.

Vgl. „Hul planne verander elke dag, - Hul planne word elke dag verander". Die verskil tussen die twee konstruksies is natuurlik dat die (versweë) agens by die passief gevoeg kan word, maar nie by die onoorganklike ww. nie.

Die passief is nie 'n spesiale funksie van die oorganklike ww. nie, soos blyk uit die verbinding van „word, is, was" met onoorganklike wwe in II.

Dit kom oók voor by onoorganklike wwe wat 'n inhoudsobjek kan neem.

Bv. Lang gape word gegaap.--- Die volmenslike lewe kan nie binne hom geleef word nie. --- Onder sulke omstandighede kon môre-en aandskofte nie gery word nie.

Trouens ons vind ook dat oorganklike wwe sonder subjek gebruik word in die passief asof hulle onoorganklik was. (Vgl. parr. 12 en 39)

Bv. Al word daar gepraat asof die jonger poësie ver van die volk af staan. --- As van strookpaaie gepraat word, word onwillekeurig aan Rhodesië gedink. --- Daaroor kan natuurlik nie besluit word nie. --- As hulle teë word vir die wildvleis word daar geslag van die skape.

Afgesien van sy simboliese waarde is „daar" ook 'n formele middel om die aanvang van 'n sin met 'n ww. te vermy, maar dit kan ook vervang word deur 'n ander woord. Vgl. „Die skip is tot sink gebring, na gemeen word deur 'n duikboot. --- Veral egter moet gewaarsku word teen ooroptimisme".

## <u>Par. 43.</u> <u>Moeilikhede by die geleding van die sin.</u>

In my bespreking van die gebonde bepalings wat 'n essensiële deel uitmaak van die gesegde het ek daarop gewys dat ons grade van gebondenheid vind. In die passief ontstaan die vraag dan dikwels of 'n bepaling deel moet uitmaak van die

gesegde, van die subjek of van 'n bepaling.

a) Indien die ww. gevolg word deur 'n vaste voorsetsel, kan dit as deel van die gesegde in die passiewe konstruksie staan terwyl die snw. of vnw. wat dit regeer het, subjek word.

Bv. Stoom is mé gespot. --- Teen die aand se kant word die troppe omgeloop en op 'n klompie gedruk. (Boerneef).

b) Indien die ww. 'n direkte en 'n indirekte objek neem, kan die indirekte objek as subjek gestel word en die direkte objek as gesegdebepaling bewaar bly.

Bv. Hy is nog nooit in sy lewe die wet voorgeskryf deur minderwaardiges nie. (W.C.Kamp.) --- Ek is baie oor daardie stompkop gespot. --- Hier op die aarde word ek nie eens toegelaat om dit te doen nie. (In dieselfde passasie skryf Langenhoven „maar dis my nie toegelaat nie." )

c) Die ww. kan gevolg word deur 'n inf. of 'n bysin. Wanneer die ww. in die passiewe konstruksie gebring word, is die funksie van die inf. of bysin nie duidelik nie, want eerstens behou dit gewoonlik sy plek in die woordskikking en tweedens word die sin dikwels ingelui deur „daar" net soos by sinne sonder subjek.

Bv. Tans word deur sommige leiers aan die hand gedoen om 'n verdrag te sluit. --- Al word daar hoë probeer om die nuwe werk met een formule saam te bind. --- Gedurende die tweede lesing is gevra waarom die komitee nie so 'n wysiging voorgestel het nie. --- Eerlik moet beken word dat dit baie moeilik is. --- Daar word nie verwag dat die pryse gehandhaaf sal word nie. --- Daar word gehoop dat die afvaardiging spoedig sal terugkeer. --- Daar word ook verklaar dat die eise drie punte insluit. --- Hier word gemeen dat 'n toespraak moontlik aanduiding sal gee. --- Aan Samuel is meegedeel en gesê: Saul het in Karmel aangekom.

Al hierdie konstruksies bied die geleentheid vir allerlei beskouings.

In die eerste plek kan al hierdie sinne beskou word vanuit die standpunt nie net van die gesegde nie, maar ook van die sielkundige subjek. (par. 4) Dit is inderdaad opmerklik dat sommige sinne kan ontstaan het onder invloed van Engels, en Engels juis die taal is waar die sielkundige subjek so dikwels tot grammatiese subjek verhef is. In die genoemde artikel van Mathesius oor die Engelse taaleie wys hy op die voorliefde vir passiewe konstruksies van die aard.

In die tweede plek moet ons die moontlikheid in ag neem dat 'n passiewe konstruksie 'n objek neem. Dit is die standpunt wat sowel Overdiep (Stil. Gr. bls. 451) as Jespersen (Ess. of E. Gr. bls. 121) inneem. Ons kan die eerste sin in b) en almal in c) op die wyse beskou.

Dit is ook nodig om te wys op die geval waar „hww. + inf." in die passief gestel word. Hoewel dit byna as vanselfsprekend beskou word dat die hww. onveranderd bly en slegs die inf. passiewe vorm kry, eis dit tog motivering. M.i. lê dit daarin dat die hwwe onpersoonlik gebruik word. Wackernagel wys egter op historiese gevalle van passiewe hwwe, en in Afr. vind ons dit by „laat". (par. 34) Vgl. ook parr. 32 en 54 Opmerking 2.

__Par. 44.__ __Die waarde van die hulpwerkwoorde.__

'n Belangrike probleem i.v.m. die passief is die feit dat daar teenoor twee vorme van die aktief, drie van die passief staan.

Vgl. __Akt__. Hy sien die man. - Hy het die man gesien.

__Pass__. Die man word, is, was gesien.

As ons die eerste vorme van aktief en passief vergelyk dan vind ons dat die praesens aktief onbepaald is in baie gevalle, terwyl die passief imperfektief is deur die betekenis van „word".

Die verbinding met „het" kan onbepaald of perfekterend wees; dié met „is" is resultatief of soms

perfekterend.

Tenslotte het die verbinding met „was", wat resultatief of perfekties is, geen teenhanger in die aktief nie.

Wat die waarde van die hww. self betref, vorm aktief en passief dus geen parallelle reekse niê. Natuurlik moet die betekenis van die wwe self in aanmerking geneem word, maar dit los gewoonlik nie die moeilikhede op nie. Die taalgemeenskap soek dikwels middele om parallelisme te skep.

Vir die ontbrekende teenhanger tot „was + deelw." vind ons „het + deelw. + gehad".

Bv. Hulle het die deur gesluit gehad. --- Ek het so teen die middag genoeg vis ingesamel gehad vir die hele geselskap. --- Ek het die hele toevalletjie al vergeet gehad.

Die gebruik van „had + deelw." by Langenhoven en Preller lyk my 'n stilistiese (partikuliere) kwessie en daarom wil ek dit nie verder bespreek nie.

Die perfektiese aspek teenoor die imperfektiewe word in die inf. weergegee deur „wees".

Bv. Wanneer daardie klank aanwesig is in die Afrikaanse poësie... dan sal 'n Afrikaanse styl ontwikkel wees. --- Die jagters het die plekkie vir hulle uitgesny ... nie so groot dat hulle versadig kon wees en weggaan voor dagbreek niè.

Hoewel beide „het" en „is" deurgaan as hwwe wat die perfek vorm, word die verbinding met „het" gewoonlik as onbepaald of perfekterend gevoel en dié met „is" as perfekties. Slegs die perfek van „word" self nl. „het of is geword" kan as die teenhanger van „het" gevoel word.

Vgl. Die donker stilte het teruggekeer ewe skielik as dit verbreek geword is. (?) --- Die getal is met nog een verminder geword (?) --- Die hondjies het weggegee geword. --- Hulle het een vir een weggegee geword. (std. VII opstelle). --- Toegang sou hom nie geweier geword het nie. --- Die skip sou enige dae later tot sink gebring geword het. --- Hy sou beskryf geword het. (Boerneef).

Die moeilikheid is nl. dat die verbinding met „is" lig gevoel word as 'n nominale en geen verbale verbinding nie.

Slegs deur toevoeging van die agens of 'n byw. van tyd kan ons die verbale krag weer wek.

Bv. Hy is gewond. (=toestand)

Hy is gister gewond deur 'n aanrander (=perfektiese aspek van 'n handeling).

Dat dit geen geïsoleerde probleme is nie blyk uit die voorbeelde wat W. de Vries in Ndl. opgeteken het:
Ik zou dat niet gezien gehad hebben. --- Ik heb zeker ondervraagd zyn geworden. --- Niet lang na het gebeurde was Haarlem door de troepen van Alva belegerd geworden (N.Tg. 30 bls. 242 vlgg.)
Jespersen wys op die moeilikhede in Engels veral by „conclusive" (perfekterende) wwe, bv. „The house was surrounded by firs and birches. --- Here, in 1823, the Indians were surrounded by the English". (Vgl. Es. of E. Gr. blss. 352-4). In Frans vind ons dieselfde moeilikheid. bv. „Ils sont aimés, = on les aime", maar „La porte est fermée, = on a fermé la porte". (Grammaire Larousse blss. 282,314-5)

Ek het reeds daarop gewys dat die verbinding van neutrale wwe met „het" of „is" ongeveer gelykwaardig is, daarenteen het die verbinding van perfektief-duratiewe wwe met „is" ongeveer die waarde van 'n präsens,bv. „Hulle bewoon die huis = Die huis is bewoon".

Die aspek wat in die ww. se betekenis lê, vermeerder dus die probleme wat deur ongelykwaardige hwwe geskep word.

<u>Opsomming</u>.

In die besproke verbindings het die deelw. verbale krag, d.w.s. die reksieverhoudings hang af van die deelw. en nie van die hww. wat hoofsaaklik die aspek uitdruk, saam met die deelw. self. Vgl. Curme bls. 452.

In verbinding met ander wwe of in ander konstruksies het die deelw. 'n meer weifelende karakter, is dit soms ww. en soms bnw.

---

**Par. 45.** **HISTORIES.**

Hoe die verbinding van „hebben, worden of zyn" met die volt. deelw. ontwikkel het tot 'n vaste grammatiese middel om die verlede tyd uit te druk in Ned. is helder uiteengesit deur J.H. Kern in die verhandeling „De met het Part. Praet. omschreven Werkwoordsvormen in het Nederlandsch" 1912. (Opgesom deur Kluyver in N. Tg. 8 bls. 82 vlgg.)

Die verbale adj. wat ons part. praet. noem, het in Germaans uitgedruk dat iemand of iets in 'n bepaalde toestand gekom het òf deur werking van buite òf deur werking in die persoon of voorwerp self.

Vgl. „Pas op, het geweer is geladen".

Op 'n later stadium het die verbinding die waarde gekry van 'n perf. passief.

Vgl. „Wanneer is het geweer geladen?"

Oorspronklik het sulke verbale adje net by sommige intrans. wwe voorgekom: Die adj. moes uitdruk dat die onderwerp deur die verrigting van die handeling in 'n ander toestand gekom het en daarin bly. Dit is die sg. mutatiewe wwe. Bv. „Hy is ontslapen".

Hierdie verbinding met „zyn" was die oudste in Germ. en die eerste soort. Die tweede soort was hebben + volt. deelw. van trans. ww. Die verbinding het die waarde gehad van iemand of iets in die bepaalde toestand te hê.

As voorbeeld uit Mnl. kan ek noem: Maer die vroede heeft taller stond sine tonge bedwongen in zinen mont = de wyze

houdt altyd zyn tong in bedwang. Vgl. Eng.: The colonel had two horses killed under him. (Stoett par. 18).

Hierdie konstruksie het later die waarde gekry van 'n perf. akt.

Die derde en jongste konstruksie is dié waarby in navolging van die transitiva ook die nie-mutatiewe intransitiva 'n perfektiewe vorm met „hebben" gekry het.

Tot sover ongeveer die uiteensetting van Prof. Kern. Die verdere verloop van die proses kan deur analogie-werking verklaar word.

Dit is van belang om te konstateer dat hierdie ontwikkelingsgang nie beperk is tot Germ. nie maar op merkwaardige wyse ooreenstem met die ontwikkelingsgang in die Romaanse tale.

Vendryes merk op dat wwe met die betekenisse „saisir, tenir, posséder" in baie tale met 'n verbale vorm verbind word om die verlede tyd aan te dui, nie net in Fr., Hd. en Eng. nie, maar ook in Nu-Grieks, Bretons, Iers, en Oud-Persies. Hy meen dat die enigste verklaring van die eenderse konstruksies in tale so wyd apart in ruimte en tyd lê in eenderse behoeftes, „à un besoin général que toutes les langues indo-européennes out éprouvé, celui d'avoir un temps indiquant le but atteint, l'état obtenu, par opposition au passé simple, indiquant que le fait s'est produit sans plus." (Mélanges van Ginneken bls. 89).

Vendryes wys verder daarop dat deur toenemende abstraksie van die betekenis van die ww. die resultatiewe aspek sy krag verloor het en eers bloot perfektief, later niks meer as 'n handeling in die verlede geword het nie. (Mélanges van Ginneken bls. 85).

Hierdie abstraksie (grammatikalisasie) van die hww. verklaar hoe die hww „het" so lig kan verwissel word met „is" soos ons reeds gemerk het in par. 39.

Tenslotte het die konstruksie so 'n omvang

geneem en deur gebruiklikheid as omskrewe verlede tyd so ver van die oorspronklike konstruksie af ontwikkel dat die ou skeiding in die verskillende groepe deelwe volgens aspek heeltemal gewysig is.

Daarom moet ek die opvatting verwerp dat die deelwe kan ingedeel word in aktief en passief. Wat dit betref, <u>is die deelw. in Afr. neutraal</u>.

---

## <u>Ander werkwoorde + die deelwoord</u>.

<u>Par. 46.</u> <u>Inleiding</u>.

Die uitbou van 'n sin bestaande uit subjek en gesegde of subjek, gesegde en objek kan geskied deur aanvullings van die subjek, die gesegde of die objek. Staan die aanvullinge wat verband en posisie betref, binne die kring van die betrokke sinsdele, d.w.s. is dit subjek - , gesegde - of objekbepalings, dan lewer dit geen moeilikheid nie, maar die aanvulling kan losser wees en as 'n soort bystelling by die subjek of die objek staan — amper op die wyse wat sommige bysinne by sinsdele staan.

Dan bestaan daar die moontlikheid dat sulke aanvullings binne die aantrekkingssfeer van die ww. kom en dat die ww. sy nadruklikheid verloor en blote skakelwoord word, bv. Venit invitus = Hy het ongenooid gekom.
In Latyn is die aanvulling bystelling by die subjek blykens die fleksie; in Afr. word dieselfde woord gevoel as aanvulling van die ww. Die derde trap vind ons in Italiaans: „Egli venne accolto bene = Hy het goed ontvang gekom - of - Hy is goed ontvang." Hier is die bepaling die eintlike gesegde en die ww. 'n blote skakel.

Die verskynsel is soortgelyk aan dié wat ek by die gesegdebepalings bespreek het. (Vgl. ook die uiteensetting van Paul in Prinzipien blss. 286-7) Hier wil ek egter alleen die rol van die deelw. in sulke konstruksies nagaan.

## Par. 47. Onoorganklike werkwoorde.

### Bly.

Ons het „bly" reeds teëgekom as hww. in verbinding met die inf. om die duratiewe of imperfektiewe aspek uit te druk. Enigsins dieselfde waarde het die verbinding met 'n deelw. behalwe dat dit nie die voortduring van 'n proses maar van 'n toestand uitdruk. Die perfektiese aspek van die deelw. maak dit soms moeilik om dit van gewone bnwe te onderskei.

Deelw.: Wat hulle gesê het, sal vergeet word en my woorde sal onthou bly. --- Of ons egter altyd so sal verskoon bly, weet 'n mens nie. --- Dit is nodig dat internasionale samewerking gehandhaaf bly. --- Agter in die wa het die ketel vasgemaak gebly. --- Drie paar ogies bly pal op die vuur gerig.

Bnw.: Dit moes sorgvuldig bewaard bly. --- Hy bly onopgemerk. --- Hierdie mense bly vergete in hul sukkelbestaan.

### Kom.

Die ww. „kom" word in Afr. slegs verbind met 'n deelw. wat 'n beweging aandui. Ons vind dieselfde tipe deelw. as in Nederlands bv. „aan + geloop, gery, gekruip, gespring, gestuif, gestap, gestorm, gedraf" maar ook uitgebrei tot „aan + gewaai, gesloof, gewei", en selfs „aan + gesukkel, gespog, gevoel". Ek glo dat ons dit

nie as 'n geval van betekeniswysiging deur die bepaling kan beskou nie, want baie van hierdie verbindinge kom nooit as gesegde voor nie. Hulle beteken ongeveer soveel as die iteratiewe vorm d.w.s. „Hy kom aan sukkel-sukkel, spog-spog, voel-voel".

Die deelw. is dus nie perfekterend of perfekties nie maar imperfektief en verskil in aspek nie van die teensw. deelw. nie.

'n Enkele keer staan die deelw. sonder bepaling: Hy kom gehardloop na die bosse --- Met al sy mag kom hy gespartel tot vlak voor.

Ons vind ook die deelw + in, bv. in + gehardloop, gestorm, gevlieg; uit, bv. uit + gestorm, gespartel, gestap, gesnel; terug, bv. terug + gestap, gehardloop; verby, bv. verby + gestap, af, bv. afgedwaal.

Opmerking.

As algemene hww. van perfektiese, resultatiewe of effektiewe aspek vind ons „kom" in die volgende: „En weet Meester dat daar stene... 'n hele duisternis van bakstene gemaak en gebrand moet kom . (D. Mostert) --- So goed soos kome kan".

Lê. Die oorspronklike betekenis van die woord vind ons nog gedeeltelik in die volgende sinne: Almal het in die ander wa ingekruip en lê daar opmekaar gepak. --- Daar lê hy nou op sy maag uitgestrek. --- Baas L. is dood, hy lê daar vermoor in die agterplaas.

Die deelw. het hier nog die waarde van 'n bystelling, maar in baie sinne word dit die sielkundige gesegde en die ww. dien as ww. van aspek. Die verbinding druk dan 'n toestand uit.

Vgl. Die ope rivierbed lê gesaai van hulle dooies. --- Toe David die stad inkom, lê dit daar met vuur

verbrand. --- Die wa lê tot aan die aste ingeval. --- Die Vlaminge het eenmaal platgedruk gelê as gevolg van miskenning.

Raak.

Die ww. dui aan die bereiking van 'n doel en as hww. veral die eindtoestand van 'n handeling. Dit toon m.a.w. veral die ingressiewe of effektiewe aspek. Baie van die deelwe benader dan die karakter van bnwe - soos ook dikwels uit die vorm blyk.

Vgl. En hulle het Josua agternagejaag en is self van die stad afgesny geraak. --- Julle raak nie vergeet nie. --- As sy eendag moet verloof raak en trou. --- Die ander het so verstrooid geraak dat nie twee bymekaar gebly het nie. --- Is dit daarom 'n wonder dat die Afrikaners so maklik verdeeld kan raak. --- Hy raak nie maklik uitgepraat nie.

M.i. is die deelw. in die volgende nog meer adjektivies: Sy kragte begin uitgeput te raak.--- Dat die oubaas besield raak. --- Ek moet van die man ontslae raak. --- So het die twee aan mekaar verbonde geraak.

Sit.

Net soos „lê" en „staan" kan „sit" optree as hwwe terwyl dit nog sy oorspronklike betekenis grotendeels bewaar.

Betreklik konkreet is die ww. in die volgende sinne: Dis nie verniet dat hy soveel maande aan sy moeder se nekhare vasgeklou gesit het nie. --- Voor dit ophou, sit die outjie al aan sy moeder geklem. --- Die mannetjie sit op die punt van die duin gehurk. ---
Hier het die deelw. wat gewoonlik 'n liggaamlike houding aandui, 'n imperfektiewe waarde net soos die deelwe by „kom".

Perfekterend is die deelwe in die volgende: Hy het weggesak gesit in the leunstoel. --- Dit lyk of hy net dikgevreet sit en rus. --- Hulle sit oorgehaal vir mekaar. --- Hulle sit opgeskeep met hom.

Dit is waarskynlik te wyte aan die perfekterende krag van die bepalings.
Die uiterste grens van abstraktheid bereik die hww in: Sy bome het die heel jaar deur wit van die bloeisels gesit. (=gewees).

Staan.

Ook „staan" word in sy konkrete betekenis gebruik met deelwe van imperfektiewe aspek wat 'n liggaamlike houding aandui.
Bv. Sy maat staan laaggebuk gereed om te spring. --- Hy staan teen een van die pilare geleun. ---

Suiwerder as hww. is „staan" in die volgende sinne: Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? --- Die belange sal egter gekortwiek staan. --- Die twee staan klaar gelaai. --- Hierdie jong staan beskuldig van moorde. --- Toe Herman se ploeg uiteindelik uitgespan staan, is die aandrooi ook al weg.
Staan + bnw. : Beide hy en ek het verwonderd gestaan oor haar skoonheid. --- Sy huis staan onbewoond en toegesluit.

---

Par. 48. Oorganklike werkwoorde.

Soms is die deelw. 'n bepaling van die objek maar staan in nouer samehang met die ww. as met die objek. Dit is dieselfde verskynsel as die verbinding van hebben + objek + deelw. wat op 'n vroeër stadium die begin was van die samegestelde perfektum. (Vgl. par 45) Die wwe wat in sulke verbindinge voorkom, is egter nouliks of glad nie gegrammatikaliseer nie. Dit is opvallend dat die belangrikste wwe ongeveer die grondbegrippe uitdruk was Vendryes noem, t.w. „saisir, tenir, posséder".

Hou.

Bv. Die kamerdeure is gedurig toegesluit gehou. —— Dit hou jou vasgekoppel aan 'n sekere buurt.

Die hww. het hier die oorspronklike waarde van „het" en dit vertoon suiwer die perfektiese aspek.

Kry.

Die hww. het twee verskillende betekenisse:

1. Aantref. Bv. Hy kry Pool en Herman gekniel. (Mikro)
2. Veroorsaak dat iets 'n bepaalde toestand bereik.

Bv. Oom G. was aan die sukkel om 'n taaibos uitgesteek te kry. —— Ek kan my ongelukkige geaardheid nie verander kry nie. —— Dis swaar om so 'n kind in 'n regeringsinrigting geplaas te kry. —— Maar hoe om dit gedruk te kry? —— Ek weet nie wanneer ons die ellendige roesgoed afgesny kry nie. —— dat hy die regte soort afgeskaf sal kry. —— as ek die grammofoon nie kan verkoop kry nie. —— Hoe sal hulle ooit die kiste afgelaai kry. —— Dit was haar kommer om haar dogters getroud te kry. —— dat Kruger die anneksasie ongedaan sal kry.

In laasg. twee gevalle sien ons hoe die bnw. die perfektiese aspek van 'n deelw. benader.

Maak.

Dit is moeilik om te beslis of die deelwe in hierdie verbindings nog enige verbale krag het en of hulle suiwer adjektivies is.

Bv. Kom ons maak die laaste stukkie pad sommer gou-gou gedaan. —— Hy het homself gehaat gemaak.

Die wwe. sien, vind, kry (1), ag, druk verwante begrippe uit en ook hier is dit moeilik om te beslis of die deelw. nog verbale krag het en of dit suiwer adjektivies is. Ek glo dat ons hier wel met werkwoordsvorms te maak het in die perfektiese aspek.

Sien.: Bv. Die vos sien sy vooruitsigte wreed versteur. ——

Hy wil dit nie bekend gemaak sien nie. --- Hy sou graag die platteland versterk wou sien. (Die Burger).

Hierdie tipe konstruksie staan moontlik onder Engelse invloed. Vgl. par. 4.

Vind.: Bv. Hy vind sy halfsak meel veilig gebêre in die karbak. --- Ons vind Hoogeerwaarde half vermoor in die kerker. --- Hulle vind hulleself bedreig. --- Ons het die baadjie belaai gevind met dié stof.

Ag.: Bv. Dat hy sy strewe beloon kan ag.

Voel.

Dit is in Ndl. 'n transitiewe ww. wat in Afr. mediaal gebruik word sonder toonwoord. In die mediale verbinding is die deelw. 'n bnw. maar in die transitiewe verbinding het die deelw. verbale krag.

Bv. Hy voel bedruk en verstote. --- Hy voel gesteurd. --- Die bevolking voel gegrief. --- Hy voel bedwelmd. --- Hy voel moreel versterk daardeur. --- 'n Vreemdeling sou hom verlate gevoel het. --- Hy voel hom deur 'n lewendige eetlus aangespoor. --- Ek voel alreeds die las van my hart gelig.

Par. 49. Die verbale krag van die deelwoord.

Soos ek reeds opgemerk het, herken ons die verbale krag van die deelw. gedeeltelik aan sy reksie en sy nexus-vormende krag.

In 'n hele aantal konstruksies is die deelw. nie te onderskei van die bnw. deur spesiale woordskikking of verband met 'n hww. nie; slegs die feit dat dit 'n nexus impliseer en die waarde het van „an abridged clause" (Curme) onderskei dit.

A. Die deelw. as predikatiewe bepaling van die subjek.

Die deelw. wat as bepaling van die subjek optree, kan soms in sy perfekterende aspek dien as 'n soort nexus

met die subjek, dan het dit ongeveer die waarde van 'n byv. bysin.

Bv. 'n Byna onmerkbare wending van die kop en die ore skielik vorentoe gegooi, is al teken. —— Die skrik hom deur die skoot aangejaag, het terselfdertyd sy toorn laat opbruis. —— Die ore half platgetrek en die stertkwas wat saggies beweeg, verraai sy ontevredenheid. —— Maar sy poging en die middel aangewend om hulle te mislei, het misluk.

B. Die deelw. as bystelling by die subjek.

Ons onderskei die bystellings volgens die woordskikking.

Die implisiete nexus het die waarde van 'n byw. bysin.

1. Die bystelling gaan die subjek vooraf.

Bystelling + ww. + subjek. A.. O..

As lyfarts deur Hoogeerwaarde self aangestel, is dit my plig. —— Deur sy vrolikheid aangesteek roep Breggie ook geesdriftig. —— By die meul gekom, begin Faans weer werk. —— Deur P. behoorlik opgehelder oor die geval, het Tys besluit. —— Eensaam, verswak van siekte, omring van moeilikhede, slaap my moeder. —— Tuis gekom gaan hy eers na die stal toe. —— Op die gebrul van die maanhaar gisteraand tot digby gekom, het hulle vir die skietery terug geskrik. —— Eindelik van sy skrik bekom, het die ou wolf genoeg moed geskep om uit die verte te boe.

2. Indien die bystelling die subjek volg, vind ons die volgende moontlikhede:

a). Die bystelling staan tussen subjek en ww. Dit kan alleen voorkom as die subjek 'n snw. is.

Bv. Die jagters voorafgegaan deur hulle honde, kry nou die leeuspore.

b) Die bystelling staan tussen ww. en objek of bepalings.

Bv. Werklik sou die ou sterkte deur die maanhaar daardie eerste dag uitgesoek hulle hierdie keer nog dien. —— Daar was grawe en vurke, almal blinkgeslyp, geleun teen die keldermuur. —— 'n Oomblik later gly hy, gevolg deur die ander leeus, teen die berg af.

c) Die bystelling staan agter die sin.

Hy het vir haar neergegooi, hewig ontsteld. --- Ver onder ... was die jaggebied deur die twee leeus gekies. --- Voor die huis is 'n mooi blomtuin, met sifdraad teen vee beveilig. --- Hulle sal wel daar teen die kranse lê agter die beeste weggekruip. --- Daar staan 'n toonbank van goedkoop planke aanmekaar getimmer.

C. <u>Die deelw. as bepaling of bystelling by die objek.</u>
Vgl. Hy begin die skoene soos 'n erfporsie vir hom bedoel te beskou. --- Lesse eenmaal geleer, vergeet hy ook nie. --- Môre omtrent sulke tyd sal ek hulle, almal verslaan, aan Israel oorgee. --- Gemeng met vrees het sy nog aanbidding vir haar man.

D. <u>Die deelw. is bepaling by 'n bepaling.</u>

Die implisiete nexus het ongeveer die waarde van 'n byv. bysin of byw. bysin van omstandighede. Die bepaling word ingelei deur „met".
Vgl. Onder die moerbeiboom sit 'n vader met hande gevou en geboë hoof. --- Teen die aand kom K. met 'n esselwa swaar gelaai met koring van die Baai af. --- Daar loop ou Borrie met die sweep hoog in die lug gehou. --- Hy is op, met sy vuis om die wynkruik se nek geklem.

Soms ontbreek „met".
Vgl. Voor hy kan gryp of byt is die wyfie op sy rug, haar naels weerskante in sy sye vasgeslaan, die tande diep in sy nekvleis ingebyt. --- Hulle lê in vaste slaap, die voetjies na elke rigting uitgestoot. --- In een van hierdie slootjies, ruig toegewas met struike en ranke, lê ons leeufamilie.

E. <u>Die deelw. word los gebruik.</u>

(1) Soms het die deelw. geen duidelike verband met die sin nie, dit het dan ongeveer die waarde van 'n bysin

van omstandighede of voorwaarde.

Vgl. Skemerdonker die vee en alles versorg, kom die familie bymekaar.

(2) Soms het die verbinding met die deelw. ongeveer die waarde van 'n hoofsin. In sulke gevalle kan ons die deelw. ook deur 'n inf. vervang.

Vgl. Nog net 'n paar gerwe.. ingedruk. --- Die eerste kyk : sy perd is weg. Toe maar aangestap huis-toe. --- Maar as ons nou weet van 'n goeie middel, waarom nie gebruik gemaak nie. --- Wat nou aangevang?

In die volgende spreekwoord het die deelw. dieselfde waarde as 'n inf. : Dis makliker gesê as gedaan.

---

Par. 50. Woordskikking.

Die algemene wette vir die woordskikking wat ek in hoofstuk 1 opgesom het, geld natuurlik ook hier met dien verstande dat die hwwe die formele gesegde (VF.) is.

Die enigste kwessie wat ek afsonderlik hier moet noem, is die posisie van bep. en deelw.

1. In hoofsinne en bysinne.

Die bepaling staan onmiddellik voor die deelw.

Bep. + deelw. Vgl. Die jonges het eers aangesit. --- Die eerste dop word vinnig weggesluk. --- Hy kom met die emmer aangestap. --- Hy raak nie uitgepraat nie. --- Voor die dier hom losgewerk het.

2. In bysinne.

Die deelw. word onmiddellik gevolg deur die vf.:

Bep. + deelw. + vf.

Vgl. Dat dit gehandhaaf bly. --- terwyl G. in die straat

op gehardloop het. --- dat hy reeds sy plan uitgewerk het.

Histories.

Overdiep verklaar dat die volgorde V. Vf. in nouliks ¼ van die bysinne in die Hollandse volkstaal voorkom, en hy voeg daarby dat mens dié volgorde eerder sal aantref by Hollanders („beneden 't Y") as V.'n deelw. is dan wanneer dit 'n inf. is. (Stil. Gr. bls. 493)

Daarmee sê Overdiep egter nie hoe gebruiklik die volgorde deelw. + vf. is nie. In Afr. het hierdie neiging in elk geval 'n wet geword en ons sien die vermeerdering van die tipe in historiese bronne : (Eers on-Afrikaanse dan Afrikaanse volgorde). Duminy - Dagboeke 6 - 3; Pretorius 75 - 56; ander Voortrekkers 172 - 95.

Par. 51. Deelwoord of byvoeglike naamwoord?

In verbinding met is, was en die wwe wat in par. 47 en 48 genoem word, is dit soms moeilik om te beslis of 'n woord 'n deelw. dan wel 'n bnw. is. Soos ek aangedui het verskil die ww. in sy perfektiese aspek dikwels weinig van 'n bnw. en ons is dus geregtig om 'n groep te erken wat ongedifferensiëerd is, d.w.s. ewe goed werkwoordelik as naamwoordelik gebruik kan word, bv. gewond, voltooi, gebreek, ens. Die verbale karakter blyk dan altyd duidelik wanneer ons 'n instrumentalis of 'n bepaling van tyd byvoeg.

Bv. Hy is gister gewond. --- Die werk is deur hom voltooi.

Natuurlik is die funksie suiwer naamwoordelik wanneer die woord attributief gebruik word, en dit blyk ook meestal deur die uitgange -e, - de, -te, bv. gewonde, voltooide, gebreekte. Wanneer woorde egter nooit anders as predikatief gebruik word nie, soos „begaan, geheg, geneig" ens. is dit moeilik om te beslis oor die werkwoordelike dan

wel die naamwoordelike karakter van die woord. Die woord is dan neutraal in hierdie opsig, òf 'n bnw.

Ons vind nl. dat daar drie groepe woorde is wat uiterlik kan ooreenkom:

1) suiwer werkwoordelike vorme, wat veral met het verbind word;
2) die reeds besproke neutrale groep;
3) bnwe wat op deelwoorde lyk.

Oor die derde groep wil ek enkele opmerkinge maak.

Uitgesproke bnwe is :

a) Woorde wat vir die gewone spreker nie saamhang met enige ww. nie, selfs waar daar etimologiese samehang bestaan en dit besonder nou is.

Bv. Bekend, begaan, gesien, belese, gespanne, gedugte, bemiddelde, gegoed, gerus, verskuldig, ens.

Ten spyte hiervan bewaar „oorlede en gebore" nog enigsins hulle verbale waarde. Bv. Wanneer is hy gebore? - Hy is gister oorlede.

(Die etimologie speel hier geen rol behalwe waar taalboeke dit inprent nie).

b) Woorde met die voorvoegsel on.-

Bv. Onbespreke, ongeroerd, ongesteld, ongereeld, ongewoond,

c) Woorde wat deur vokaalverandering verskil van verwante deelwe. (Die sg. sterk voltooide deelwe).

Bv. aangenome, bekrompe, geskonde, uitgesproke, ens.

d) Woorde wat selfs predikatief deur 'n uitgang onderskei word.

Bv. gelate, geleerd, verwonderd, ens.

Opmerking.

In „Die Huisgenoot" van 9 Mei 1941 skryf Prof. D.B. Bosman i.v.m. die finale d of t : „Hierdie (d) is in Afrikaans alleen geregverdig by adjektiwies gebruikte verlede deelwoorde van werkwoorde waarvan die stam uitgaan op l,m,n,ng en r, 'n klinker of 'n tweeklank. En selfs hier is die (d) dikwels onnodig".

# HOOFSTUK 4.

## Die hulpwerkwoorde in onderlinge verbinding. Die modale hulpwerkwoorde.

### Par. 52. Inleiding.

Die hulpwwe het ek reeds in hoofstukke 2 en 3 bespreek, maar hier wil ek wys op hulle vorm - fleksie en woordskikking - wanneer hul met mekaar verbind word, en ook aantoon watter verbindings moontlik is. Dit hang af van tradisionele d.w.s. irrasionele faktore, maar ook van die betekenis wat hulle reksie bepaal. Bv. Die betekenis van „kan" en „mag" ; „moet" en „wil" ; „durf en hoef", ens. sluit die moontlikheid uit dat dié woorde met mekaar verbind word.

Dit sal blyk dat die ww. van een groep met dié van 'n ander groep verbind kan word, maar slegs in 'n beperkte mate met wwe van dieselfde groep. Hierdie feit probeer ek verduidelik aan die hand van voorbeelde; dit is vir my egter nie moontlik om wette neer te lê nie omdat sommige verbindings miskien wel moontlik is dog so selde voorkom dat ek toevallig geen voorbeelde aangetref het nie.

Om die volle waarde uit hierdie feite te haal, sou dit nodig wees om hulle te beskou uit 'n ander standpunt as wat ek gekies het. Ek bedoel dat ek sou moes uitgaan van sulke begrippe soos Modaliteit, Aspek en Tempus.

Eersgenoemde begrip behandel ek betreklik uitvoerig i.v.m. die modale wwe (parr. 56-79); Aspek kom ter sprake in parr. 40 en 41, maar 'n volledige behandeling volgens hierdie gesigspunte val buite die bestek van my werk. Ter verduideliking: Die waarde van bv. „gaan" as hww. van aspek of tyd naas „sal" word enigsins aangedui deur die feit dat die twee wwe kan verbind word, maar 'n volledige bespreking van die Toekomende Tyd eis die behandeling van

J. J. le Roux – Oor die Afr. Sintaksis.

§ 193. §391 'n Volsin is die kleinste klankverbinding wat onder die praat as selfstandige mededeling diens doen. (Duitse definisie v. Delbrück.)

bls. 194: 'n Volsin dien dus om 'n selfstandige mededeling te doen; 'n woord het 'n selfstandige, enkelvoudige betekenisinhoud; woordgroepe het 'n selfstandige samegestelde betekenisinhoud. 'n Volsin kan dus slegs bestaan uit 'n enkele woord of woordgroep.

§392. 'n Bysin is 'n klankverbinding (een of meer woorde) met selfstandige betekenisinhoud wat die geleding van 'n volsin vertoon, hoewel dit nie dien om 'n selfstandige mededeling te doen nie, maar deel uitmaak v. 'n volsin.

§255 (2, 3)

Meyer bls 20.

Selfstandige Subjekte § 4.

Meyer bls 34.

" " 92

bywoorde van tyd, die verhouding tussen hoof - en bysinne, die verband tussen modaliteit en tyd, ens.

As ons die hwwe sintakties, d.w.s. volgens reksie, fleksie en woordskikking beskou, vind ons die volgende groepe:

I. Die modale hwwe kan, mag, moet, sal, wil, durf, behoort, hoef.

II. Die hwwe van aspek het, word, wees, ens.

III. Die gemengde groep:

a) Aanhou, ophou, begin, bly, gaan, kom, loop.

b) Laat, leer, help.

c) Probeer, (help).

d) Sien, hoor, voel.

IV. Die hendiadys met staan, sit, lê, loop.

Hoewel groep III (d) geen hwwe is nie behandel ek hulle saam met egte hwwe omdat hulle sintakties daarby aansluit.

Die modale wwe het ek in hfst. 2 vlugtig bespreek, maar ek wil hul hier uit die gesigspunt van Modaliteit so volledig moontlik behandel, omdat hulle enersyds slegs as samehangende groep kan gesien word en andersyds ieder afsonderlik as 'n aparte modaliteit moet bespreek word. Hiermee vul ek dus aan wat ek in hfste 2 en 3 afgekort of verswyg het. Weens die afgeslotenheid van hierdie behandeling staan die modale wwe laaste.

Van die ander groepe laat ek groep IV weg omdat dit reeds volledig bespreek is in par. 31.

Groep II behandel ek as afhanklike ww. (inf.) in die tipe „modale ww. + deelw. + het" onder die modale wwe. Die orige verbindings van groepe II en III word beknop opgesom in die eerste deel van hierdie hfst.

Die moontlikhede t.o.v. die groepe is beperk : Groep I regeer in verbindings met II, III en IV; groep II regeer in verbindings met III IV en 'n enkele keer I; groep

III regeer in verbindings met III en IV.

## GROEPE II en III.

**Par. 53. (Hww. I +) hww. III + hww. III of IV + inf.**

Onder groep III is dit veral „gaan" wat met byna alle hwwe van hierdie groep en groep IV verbind kan word. Dit is veral die ingressiewe aspek wat tot uiting kom in hierdie konstruksies, maar hierdie aspek verleen hom ook tot die uitdrukking van die toekomende tyd.

Bv. Mnr Roux gaan hom laat voel hoe onmisbaar hy, Mnr Roux, is. --- Gaan jy ook jou bes probeer? --- Hy gaan beteuterd staan en kyk. --- Ons gaan hom hoor sing. --- Sal jy hom gaan help soek? --- Wanneer gaan julle begin werk?

Sommige van die hwwe het ek nooit in verbinding met ander hwwe aangetref nie, en waar 'n verbinding voorkom, is dit meestal van a) of c) met wwe van die ander onderafdelings. Soos ek egter reeds opgemerk het, vereis hierdie kwessie 'n uitvoerige behandeling wat alleen vanuit die gesigspunt van die aspek kan geskied.

Vgl. nog: Jy moet hom sien met die mense saam gaan visvang of gaan jag.---Hy sal probeer aanhou om die spitwerk te verskuif.---Toe kom Kobatjie by my staan en neul.--- Die perskebrandewyn begin party lekker te laat voel.---Skielik voel ek my lyn begin lig.---Sy probeer hulle leer lees.

**Par. 54. Het + hww. III + inf.**

Meestal word die wwe van groep III nie vervoeg na „het" as hulle in 'n verbale verbinding staan nie. (Vgl. par. 38)

Bv. Ek het aanhou speel met die ou kleintjies. --- Die

vrekte onder die lammers het al begin afneem. --- Naderhand het ek bly lê waar ek geval het. --- Toe het ons gaan speel. --- Vanmelewe het ons hierdie erf kom bewoon. --- Hulle het nie van hul laat hoor nie. --- Ek het hom goed leer ken. --- Sy het hom sy smart help dra. --- Sy het dit met geweld probeer wurg. --- Ek het nooit voorheen sulke visse sien loop nie. --- Dis wat ek jou hoor sê het.

Die belangrikste uitsonderings is „aangehou, opgehou + om te of met".

Bv. Hy het Mnr. W. aangehou vra om die skare te bedaar. --- Die vis het opgehou met byt.

Juis in verbinding met „het" verander „aanhou" lig in 'n byw.

Bv. Die storm het ook saam aanhou tamboer geslaan. (H. Smit)

Ook „begin" word dikwels meer selfstandig gebruik met „te".

Bv. Vroutjie het hom begint kos te gee. --- Party mense het al begin te praat van Stokwil.

Die merkwaardigste is „aangehou, opgehou, geleer, gehelp, gesien, gehoor, e.a. + inf. - sonder te of om te".

Bv. Die weerglas het toe al twee dae lank aangehou sak. --- En jy het hom geleer was en fatsoenlik wees. --- Een van hulle het 'n sesduimkanon gehelp hanteer. --- Hulle het hom gesien uitklouter teen die krans. --- U het hom nie gehoor snork nie. --- Toe het hy opgehou skree.

Opmerking.

1. Die gebruik van hierdie vorme is hoofsaaklik 'n stilistiese kwessie. By Langenhoven het ek in 'n steekproef gevind:- laat, sien, hoor, leer (4), geleer om te (3), begin te (17) begin om te (2), geprobeer om te (3); by C.M. van den Heever 'n enkele geval van geleer, begin, probeer + om te. By skrywers soos N.P. van Wyk Louw en Hettie Smit kom die vorme met ge- selde of ooit voor.
2. Nog 'n merkwaardigheid is die besproke tipe verbinding in die passief. Prof. Bouman siteer die verbindings

„laat tuis voel word - laat sak word". Ek het opgeteken uit Die Burger en Die Huisgenoot „dat die mes laat val is. --- dat hy gaan haal is. --- mans is gesien vlug uit die stad".
M.i. het ons hier te maak met die gevolge van vertaling uit Engels.
Vgl. par. 34.

**Par. 55.** **Hww. II + Hww. I.**

Waar „het + modale hww" die verlede tyd aandui, het ons in die skryftaal miskien te doen met Nederlandse invloed.

Bv. Hoe het sy die mededeling moet verskuiwe? (D.F. Malherbe) --- Ek het 'n vreeslike tyd moes deurmaak. (Die Huisgenoot). --- Ek het dit tot my leedwese moet bemerk (L. Maré). --- Ek het my nooit kon voorstel dat mens sulke Fariseërs kon kry nie. --- Hulle het hul nog nie los kon maak van die ou opvatting nie (H. du P. Scholtz). --- Eminenza het dit self so wil hê. --- het ek nooit kon droom dat die voorreg my sou te beurt val nie. (Boerneef). --- Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak. (Psalm 3)

Volgens die voorbeelde lyk Prof. le Roux se bewering onjuis dat die enigste korrekte vorm is „het + kon, moes, wou". (Sint. bls. 156). Dit is egter moeilik om hieroor te beslis omdat die tipe konstruksie slegs in 'n paar wendinge - en dan nog nie dikwels nie - voorkom, bv. „het kon dink, het moes doen".

In par. 79 bespreek ek hierdie tipe konstruksie en sy plaasvervangers.

## Die modale hulpwerkwoorde.

**Par. 58. Modaliteit.**

Modaliteit dui aan die verhouding van 'n spreker tot 'n situasie in soverre die verhouding uit sy taalvorm blyk. 'n Spreker kan emosioneel teenoor iets staan en sy uiting is dan miskien 'n uitroep of 'n wens. Slegs wanneer sy uiting so objektief is dat dit die vorm van 'n sin neem, soos ek dit omskryf het, kan ons dit behoorlik grammaties ontleed. Dit kan dan ook gebeur dat sy emosionele verhouding objektiewe uiting vind as 'n wens - of bevelsin, ens. Naas die modus van die mededelende sin, vind ons verskeie ander modi. Dit kan blyk uit die vorm van die sin, intonasie, woordkeuse, woordskikking en ook uit die gebruik van modale woorde, waaronder die modale hwwe. Die modale hwwe druk iedereen 'n ander modus uit en het dikwels ook aparte reksie-verhoudinge.

Die wwe van groep I met uitsondering van „behoort, durf, hoef" het naas die primêre vorme : kan, mag, moet, sal, wil ook sekondêre vorme: kon, mog, moes, sou, wou.

Hierdie sekondêre vorme dui nie tyd maar modaliteit aan, soos ook in Engels. „May, might, shall, should, must and ought are not now felt as belonging to a conjugational system like other verbs. They indicate present or future time when associated with the present infinitive, but point to the past when associated with the perfect infinitive, so that it is not they, but the infinitive that indicates time". (Curme bls. 410) T.a.p. sê Curme dat die inf. die gesegde - en tydverhoudinge dra terwyl die modale wwe „only give a touch of colour to the statement" (bls. 411)

Bv. Die verlede tyd van die koppelwerkwoord <u>skyn</u> word uitgedruk deur 'n voltooide inf. "te + deelw. + het" : hy skyn dit te geweet het.

Soos "hoef" en "behoort" druk "skyn" naamlik 'n modaliteit uit en die tyd kom tot uiting in die samegestelde inf. wat bestaan uit "deelw. + het".

<u>Opm</u>. Die moontlikheid dat die sekondêre vorm wat ons in sekere verbindings aantref. bv. "sou + kon" ens. teruggaan op 'n wisselvorm van die inf. "connen" moet in die oog gehou word. Dan moet ons egter nog "wou" en "moes" verklaar.

## <u>Par. 57.</u> <u>Die tipes verbinding</u>.

Ons vind die volgende tipes verbinding :-

1) a) Hww. I prim. of sek. (+ hww. III of IV ens.) + inf.

Bv. Die leser kan op Oudtshoorn gaan verneem. --- Hy wou baie graag leer Engels praat.

b) Hww. I prim. of sek. + hww. I prim. (+ hww. III ens.) + inf.

Bv. Jy sal dit nie kan sê nie.

c) Hww. I sek. + hww. I sek. of prim. (+ hww. III ens.) + inf.

Bv. Dis die enigste soort lewe wat ek sou kan lei. --- Dan sou jy van my moes hou. --- Mens sou die vrae moes kon stel.

2) a) Hww. I prim. (+ hww. I prim. + III, ens.) + deelw. + het (of passief).

Bv. Hoe kan jy jou hande aan Louis gesit het? --- Dit kan regstreeks oorgeplant gewees het.

b) Hww. I sek. (+ hww. II sek. + III ens.) + deelw. + het (of passief).

Bv. Hulle kon gedink het dis 'n grap. --- Geen predikant sou kon voorgebly het nie. --- Dinge wat in hulle werk self geså moes gewees het.

Die hwwe durf, behoort, hoef verskil van die ander modale wwe op sintaktiese gebied en word eers behandel as 'n soort oorgang tot die wwe met primêre en sekondêre vorms.

Par. 58. Durf.

Histories behoort die ww. tot dieselfde onreëlmatige groep as die modale wwe (Schönfeld bls 167-8), maar in Afr. toon dit die sintaktiese kenmerke van groep III. Deur die verlies van 'n sekondêre vorm „dorste" vind ons 'n weifeling in die verlede tyd tussen het + gedurf + om te, het + durf + inf., durf + inf.

Bv. Hoe het jy gedurf om voor te gee ek verstaan. (Hettie Smit) --- 'n volk so heg soos ons hom nooit durf droom het nie. (van Wyk Louw) --- Ons had tamelik woelige vergaderings destyds. As iemand durf opstaan met die onskuldigste beswaar..., dan moes hy mishandeling verlief neem. (Langenhoven)

Dit is opvallend dat ons in die teenw. tyd slegs „durf + inf." vind.

Bv. Hy alleen durf vereer word.

Weens die weifeling in die verlede tyd verkies baie skrywers „gewaag + om te."

Par. 59. Behoort.

In soverre hierdie ww. uitdruk die spreker se opvatting van wat reg is, kan ons verwag dat dit geen verlede

of toekomende tyd het nie.

Hoewel dit gevaarlik sou wees om die verlies van die Nederlandse imperfek „(be)hoorde" toe te skryf aan die logika, is dit tog opvallend dat in Engels <u>ought</u>, 'n modale vorm van „owe", ook tydloos is.

Die verbinding „behoort + deelw. + het" druk dus nie die verlede tyd uit nie, maar 'n veronderstelling omtrent iets wat reeds plaasgevind het, d.w.s. 'n <u>irrealis</u> of onwerklike stelling.

Logies is die subjek 'n nexus bestaande uit „subjek + deelw. + het" en die gesegde „behoort" alleen.

Bv. Hy behoort nou al hier te gewees het.

Subjek : Hy nou al hier te gewees het.

Gesegde : behoort.

So ook.: Dis so koud. Jy behoort vir ons ook kole te gemaak het. --- Hulle behoort nie te geslaan het nie. --- Jy behoort dit te geweet het

<u>Par. 60</u>. <u>Hoef</u>.

Soos „behoort" druk dit 'n modaliteit uit, n.l. noodsaaklikheid, maar anders as die vorige ww. sluit die betekenis nie 'n verlede of toekomende tyd uit nie.

M.i. kan die verdwyning van die imperfek „hoefde" verklaar word as 'n gevolg van die klankwette t.o.v. die auslaut in Afr. Dit is egter opmerklik dat in Eng. die hww. „need" geen imperfek het nie en ook sy verlede tyd omskrywe. Bv. It was not necessary for him to say it.

Die verlede tyd word op verskillende wyse uitgedruk:

a) <u>Hoef + deelw. + het</u>.

Bv. Jy hoef die werk nie te gedoen het nie.

Hierdie sin kan ook 'n irrealis wees, soos die Engels „You need not have done it." Daarnaas kan ons 'n egte verlede tyd stel: Die Vryburgers het plase gekry om te bewerk vir drie jaar,

hulle hoef nie belastings te betaal het nie, maar na drie jaar moes hulle 'n tiende van die graan aan die Kompanjie gee. (Skoolopstel)

b) <u>Dit was (nie) nodig</u>.

Bv. Dit was nie vir my nodig om dit te doen nie.

c) <u>Was (nie) verplig</u>.

Bv. Hy was nie verplig om te bedank nie.

Die ww. kom slegs in bepaalde verbindinge voor, meestal met „nie", 'n enkele keer met 'n ander beperkende of negatiewe woord.

Bv. Ons hoef nie nou al te groet nie. --- Al die manskappe hoef nie op te trek nie. --- Hy vind dat hy hom min hoef te bekommer. --- 'n Plan wat net in kleiner besonderhede gewysig hoef te woord. --- 'n Mens hoef maar net jou oog daaroor te laat gaan om dit te besef.

As 'n uitsonderlike verbinding kan ons die volgende beskou: Partymaal moet dit, maar partymaal hoef dit nie te moet nie. (Langenhoven).

<u>Sal en sou</u>.

Die onderskeid tussen „sal" en „sou" is in die eerste plek modaal, d.w.s. die sekondêre vorm druk dieselfde uit as die primêre vorm maar op 'n versagte wyse.

<u>Par. 61</u>. <u>Sal + inf</u>.

1. Die wil, bereidverklaring of versekering van die spreker in 'n hoofsin, of van die subjek van die hoofsin in 'n bysin.

Hoofsin. Bv. Ek seg jy sal nie skiet nie. --- Ek sal dit nie wegsteek nie; ons moet trek. --- Julle sal nie sterf nie. --- Ek sal nie juis sê hulle lieg nie.

Bysin. Bv. Hy besluit dat hy nie terug sal antwoord nie. ---

Hy eis dat sy sal gehoor gee. --- Hulle beveel dat niemand by hom sal bly nie.

2. Die wil of versekering of dwang van 'n ander.

Bv. Hoekom sal ek bedaard wees. --- Hulle sal glo nuwe bevele ontvang. --- Teen die tyd sal hy dit wel insien. --- Is dit reg dat 'n biskop so sal geherberg word?

3. Versterking.

Bv. Hy vat hom soos 'n draer 'n gerf sal vat.

4. Uit hierdie algemene waarde het ontstaan die spesifieke gebruik om die <u>toekoms</u> aan te dui, maar dit moet steeds in die oog gehou word dat die woord in die eerste plek iets anders beteken. Die futurum is in baie tale verbonde aan 'n modale gebruik. „(Der reine Zeitbegriff des Futurums) ist dem niederen Volke wohl kaum in einer Spache sonderlich geläufig. Wenn immer steht der gemeine Mann den kommenden Dingen eher wollend, wunschend, hoffend und fürchtend als rein beschaulich, erkennend oder gar wissend gegenüber." (Winkler bls. 49)

Ten spyte van sy gebruik as temporale woord bly dit 'n modale hww. Teenoor die <u>wilsmoment</u> in „sal" staan die <u>ingressiewe aspek</u> van „gaan" as hww. vir die futurum.

<u>Par. 62.</u> <u>Sou + inf.</u>

1. Verlede tyd van „sal", veral in betekenis 4.

Bv. Daardie aand sou ons gaan slaap. --- Hy het 'n groot werk gehad. Dit sou hom 'n maand neem. -- Hulle was begaan dat hy 'n goeie prys sou kry. --- Hulle het aangeneem dat ons sou probeer oortrek. --- Hulle was oortuig dat Transvaal sy vryheid sou terugkry.

Let op die gebruik waar 'n verteller sy verhaal vooruitloop.

Bv. Vanmiddag het L. die brief geskrywe, die brief wat so 'n geweldige betekenis vir haar sou hê. --- Dit het die nasie gestaal vir die stryd wat hy later sou moes voortsit. --- Hulle het gespartel om voor te bly maar sou dit helaas nie

lank volhou nie.

2. Om vae moontlikheid in die teenw. of verlede tyd uit te druk, of as blote versagting. Hierdie gebruik vind ons veral in voorwaardelike sinne.

Bv. Dit sou hulle 'n fortuintjie inbring as hulle dit sou verkoop. --- Ek sou min stemme kry as ek sou staan. --- As hulle dit later sou sê, dan sal ons sê. --- Dit sou te lank duur om alles op te noem. --- Wat sou die fout wees? dink hy.

Par. 63. Sal en sou + ander hwwe.

Uiteraard kan ons die hww. verbind met baie ander hwwe veral wanneer dit temporaal gebruik word: (Vgl. par 52)

1. sal, sou + hww. III.

Bv. Hy sal aanhou die esels moor. --- Hy sal aanhou wil afval. --- Hoe sal ek aan die olifant gaan skiet.? --- Hy sal bly vet word. --- Jy sal hierdie volk die land laat erwe. --- Hy sal nog leer werk. --- Julle sal nooit ophou om houtkappers te wees nie. --- Woorde wat hy nie graag sou sien opneem nie. --- Hy sou hom help om die indruk te skep.

2. sal + hww. I prim.

Bv. Jy sal dit nie kan sê nie. --- Ons sal hulle tog moet doodmaak. --- dat die vergadering sal hoef terug te keer nie, ens.

As hww. van tyd kan „sal" met al die ander modale wwe verbind word.

3. sou + hww. I prim. of sek.

Prof. le Roux beskou die sekondêre vorm in hierdie soort verbindings as verpligtend (Sint. bls. 156). Ek meen dat die voorbeelde toon dat hierdie mening oordrewe is.

Vgl. Hieruit sou 'n mens kan aflei dat dit hy was. --- 'n Mens sou graag agter die skuilname wil kom. --- Ek wonder of hy onder die filosowe sou moet kom. --- Sy sou hom kon vermoor. --- As ek dit gedink het, sou ek nooit 'n versie wou

maak nie. --- Dan sou jy van my moes hou.

**Par. 64. Modale hwws + deelw. + het.**

Die verbinding van „sal - sou" met „deelw. + het" stem geheel ooreen met die verbindinge „moet - moes, kan - kon, + deelw. + het". Wat ek na aanleiding van die le ww. sê, geld mutatis mutandis ook vir die ander twee wwe.

**Par. 65 Sal + deelw. + het.**

Die grammatici noem hierdie verbinding die Voltooid Toekomende Tyd en Bouman en Pienaar gee die volgende voorbeeld daarvan: „Volgende week sal ons die eksamen klaar geskryf het". (Afrikaanse Spraakkuns bls. 101) Hoewel so 'n sin my volkome aanneemlik voorkom moet ek erken dat ek heel weinige gevalle daarvan teëgekom het. Daarenteen het ek 'n aantal gevalle gevind van hierdie konstruksie met 'n geheel ander waarde. Waar die ww. in die genoemde sin persoonlike reksie vertoon, het ek dit nl. steeds met onpersoonlike reksie gevind soos bv. in „As hy dit sê, dan sal dit so wees." In verbinding met die deelw. + „het" druk dit uit 'n versekering of hipotese omtrent 'n voltooide feit. Bv. Die kranse sal anders gelyk het toe die eerste watertjies daarbo begint het. --- Ek glo dat hy dit destyds sal gedoen het. Jafta is maar een wat baie onnutsig is, en hy sal maar weer iets ongehoords aangevang het. --- Selfs in Kaapstad sal die kennis van Engels nog glad nie algemeen gewees het nie.

Die onpersoonlike reksie blyk duidelik wanneer ons bv. die laaste bysin as volg ontleed :

Subjek - hy gedoen het

Gesegde - sal.

**Par. 66. Sou + deelw. + het.**

A. **Onpersoonlike Reksie**

Waar „sal" versekering aandui, het die sekondêre vorm die waarde van 'n vermoede of vae hipotese oor 'n voltooide feit. Ons kan dit dus beskou as 'n versagte vorm van die sinne in par. 65. Dit kom heel dikwels in die joernalistiek voor, maar ook in letterkundige werke.

Bv. A. sou belowe het om versterkings te stuur. --- Die minister sou dit beweer het. --- Waarom sou hy die naam gegee het? --- Sou hy afgeluister het? --- Hoe sou die eerste mens op die uitvindsel gekom het?

B. **Persoonlike Reksie.**

In gebruik 2 van „sou" (par. 63) vind ons dat die hww. 'n vae moontlikheid uitdruk; dieselfde moontlikheid word, as dit in die verlede tyd gestel is, <u>'n onwerklikheid</u> of <u>irrealis</u>. Dit is dus lig te begryp dat die verbinding van „sou" met „deelw. + het" hierdie waarde het. Dié modus kom meestal in voorwaardelike sinne voor, maar staan ook alleen.

Bv. 'n Mens sou gedink het dat dit hom sou belet het. --- As jy gewillig sou gewees het dan het ek ja gesê. --- As dit vyande was, sou hulle dit smoor gehad het. --- Hy sou vandag 'n dertig jaar gewees het. --- Om skuilplek te soek sou niks gehelp het nie.

Wanneer „sou" met die ander modale hwwe in die irrealis gebruik word, vind ons steeds die sekondêre vorms, <u>kon</u>, <u>moes</u>, <u>wou</u>.

Bv. Hy sou graag die gaselle agterna wou gesit het. --- Hy sou hulle liewer alleen wou gehad het. --- Had 'n ryk man gekom om die boom te koop... hy sou my nie genoeg kon aangebied het nie. --- Ons sou anders groot kuns kon gehad het, selfs as ons nie 'n nasie was nie. --- Jy wou moes uitgeklim het. --- Hoeveel weke sou ons dan nie

moes gewerk het nie. ---

Wanneer „sou" verbind word met hww. III dan vind ons geen deelw. nie: Dit sou begin woel het. --- Ek sou dit nie durf verwag het nie.

'n Analogiese uitbreiding hiervan vind ons in die volgende geval: Hulle sou honger wou ly het as hulle 'n huisie kon besit het.

## Moet en Moes.

Die onderskeid tussen die primêre en sekondêre vorms is modaal net soos by „sal" en „sou".

### Par. 67. Moet + inf.

A. Persoonlike reksie.

1. Bevel van spreker aan hoorder.

Bv. Dan moet julle opstaan en die stad inneem. --- Jy moet sorg daarvoor.

In verbinding met „nie" is dit die gewone vorm vir 'n verbod.

Bv. Moenie staan en neul nie. --- Moenie jou steur aan sy praatjies nie.

2. Begeerte van spreker in die hoofsin, of van die subjek van die hoofsin in 'n bysin.

Bv. Sy moet tog nie ingee nie. --- Sy moet tog net gesond word. --- Oubaas moet die eerste wees om melk van ons te kry. --- Ek wil hê hul moet jou vang. --- Hy het gesê ek moet ophou. --- Dis sy verlange dat sy moet terug kom.

3. Versekering van spreker.

Bv. As ons dit uitborsel dan moet jy 'n ding sien.

B. Onpersoonlike reksie.

1. Plig of noodsaak. Die verskil van A is in sommige gevalle gering.

Bv. Sy baas sal hom daaraan moet herinner. —— Hy sal afskeid neem al moet dit smart gebeur. —— Jy moet dit sommer dadelik kan sê.

2. Hipotese. Die ww. druk 'n logiese noodsaaklikheid uit.

Bv. Die saers moet glo al op tweede asem wees. —— Ek verbeel my hy moet verbouereerd voel.

**Par. 68.** **Moes + inf.**

Dit is die verlede tyd of 'n modale vorm van „moet" in sowel gebruik A as gebruik B, d.w.s. sowel persoonlik as onpersoonlik.

Bv. Hy moes hom so voordoen. —— Jy het besef dat dit beloon moes word. —— Ek sou gedink het jy moes weet daarvan. —— Hy het aan die hand gegee dat geen hulp moes verleen word nie. —— Hy het die wens uitgespreek dat ek 'n plan moes maak. —— Ek het gedwing dat Neef moes saamgaan. —— Hulle het nie besef dat ons Boere moes wees nie. —— Wat sou van my geword het as ek moes weggaan.

Terwyl die sekondêre vorm „sou" met primêre of sekondêre vorme van die modale wwe kan verbind word, vind ons dat die sekondêre vorm „moes" slegs met 'n ander sekondêre vorm - in casu „kon" - kan verbind word.

Bv. Ek moes jou eintlik ongesien kon beloer.

Verbindings met ander hwwe van groep III is betreklik gewoon.

Bv. Ek moet nou ophou skrywe. —— Ons moet hom kom help. —— Ek moes maar bly opsit met hom. —— ... wat jy hom moet help dra.

**Par. 69.** **Moet + deelw. + het.**

**Onpersoonlike reksie.**

Hier het ons 'n nexus-subjek met die hww. as gesegde soos by „sal" (vgl. par. 65 ). Die verbinding

het ook ongeveer dieselfde waarde, d.w.s. logiese noodsaaklikheid. Die geheel druk uit 'n hipotese omtrent 'n voltooide gebeure.

Bv. Hy moet glo baie bars met ou Willem gepraat het, want die ou se lus is somar weg. --- Die bedrag moet nou al opgeloop het.

Par. 70. Moes + deelw. + het.

A. Onpersoonlike reksie.

Hoewel die logika die noodsaaklikheid as tydloos beskou en dit dus lyk asof „moet + deelw. + het" die aangewese vorm is om 'n hipotese omtrent 'n voltooide gebeure uit te druk, vind ons tog dat die meeste sprekers die voorkeur gee aan „moes" i.p.v. „moet" in hierdie konstruksie. (In Ndl. vind ons ook albei vorme naas mekaar met dieselfde waarde. Vgl. par. 79) Aangesien daar hoegenaamd geen verskil bestaan tussen die twee konstruksies nie meen ek dat ons laasg. tipe kan beskou as 'n geval van kongruensie, d.w.s. van die aantrekkingskrag van die verlede tydsvorm.

Bv. Daar moes soldate gepatrolleer het, want toe twee burgers die draad knip, bars daar 'n skietery los. --- Rondom die jaar 1858 moes dit vir die jonger digters 'n lewe gewees het. --- Hulle moes baie mooi gewees het in hulle jeug. --- Ek moes al ses pype uitgerook gehad het, maar my seekatjie het nog rondgeflenter.

B. Persoonlike reksie.

Op presies dieselfde wyse as „sou + deelw. + het" (vgl. par.66 B) druk dit 'n irrealis uit.

Bv. As daar een mens gelukkig moes gewees het dan was dit Sarie. --- Die gesig moes nooit myne gewees het nie.

Verbindings met hwwe van groep III is betreklik gewoon, maar van die modale wwe het ek slegs „kon" gevind.

Bv. Jy moes Jakkals snags by hom sien slaap het. --- Jy moes hom gesien spook het. --- ... wat hy moes laat bly het. --- Jy moes hom van vooraf kon gesien het.

Prof. le Roux noem ook 'n verbinding met „wil" : .. moes wil gedoen het. (Sint. bls. 156)

Opmerking. Die onderskeid tussen A en B word in par. 79 weer bespreek, maar hier wil ek daarop wys dat die vorm van die irrealis in die omgangstaal dikwels gebruik word om die gewone verlede tyd uit te druk, i.p.v. „moes + inf". Uit die feit dat ek dit haas nooit - ek kon slegs twee of drie voorbeelde vind --- by ons standaardskrywers teëgekom het nie, lei ek af dat hierdie gebruik nie moet beskou word as 'n variant vir die verlede tyd nie maar 'n onjuiste vorm wat te wyte is aan slordige taalgebruik. Bv. Die watertjies kon hy nie loop om te gaan haal nie - ek moes dit daar gebring het vir hom. (Langenhoven) --- Dit het meer vernedering te weeggebring as wat 'n party ooit ondervind het en moes verduur het.(Suiderstem). --- Fiela moes altyd net gekeer het dat Moffie hulle nie seer maak nie. (Opstel std. 7.)

Soms vind ons selfs „moet + deelw. + het". Bv. Toe hy die aand by die huis kom moet hy eers die donkies gaan afwas het.(Opstel std.7).

## Kan en kon.

Die onderskeid is modaal soos by „sal -- sou, moet -- moes".

## Par. 71. Kan + inf.

A. Persoonlike reksie.

1. Vermoë, in staat wees.

Bv. Die skape kan nie deur nie. --- Daarom kan ek jou iets sê wat ek nie sou waag om aan ander te beken nie. --- Ek wens dat ek kan saamstap. --- Rig die steen op sodat dit 'n teken kan wees.

2. Erkenning of begeerte van spreker.

Bv. Julle kan op T. drink, maar ek sal op K. drink. --- Dis 'n voorbeeld wat die Unie kan navolg.

B. Onpersoonlike reksie.

Moontlikheid.

Bv. Dit kan nie meer lank duur nie. --- Hulle kan naby die sewentig wees. --- Hoe kan dit wees, die ou sit dan

in sy winkel?

**Par. 72.** **Kon + inf.**

1. Verlede tyd van „kan" A en B, d.w.s. persoonlik en onpersoonlik.

Bv. Hoe kon Leonore verstaan wat hy wou hê? --- Hy het geweet dat daar moeilikheid kon kom. --- Sy moes haar bes doen sodat die dame kon sien dat die Afrikaners kan kook. --- Hulle kon so aanhou met praat.

2. Modale vorm wat dieselfde begrip as „kan" op versagte wyse uitdruk, en dus vae moontlikheid of onwaarskynlikheid aandui.

Bv. Hoe sal haar moeder glimlag as sy haar kon sien. --- Sy wens dat dit al Saterdag was dat sy kon wegkom. --- Ek sou twintig pond betaal as ek dit kon kry. --- Hulle kon maar nie ophou om na haar te kyk nie.

„Kan" word verbind met „wil", en „kon" met „wou".

Bv. Jy kan dit tog nie wil sê nie. --- Wat kon haar pa haar wou vertel?

**Par. 73.** **Kan + deelw. + het.**

**Onpersoonlike reksie.**

Moontlikheid van 'n voltooide gebeure, gelyksoortig aan die verbindings in parr. 65, 69.

Bv. Wat daar met haar gebeur het, kan oorgeplant gewees het in sy siel. --- 'n Mens kan al Vondel se werke gelees het en tog niks van letterkunde weet nie.

**Par. 74.** **Kon + deelw. + het.**

**A. Onpersoonlike reksie.**

Dié konstruksie is gebruikliker as die logies meer juiste verbinding met „kan". Soms is die onderskeid

tussen A en B onduidelik.

Bv. Daar verskyn feitlik geen natuurbeskrywings meer nie. En tog kon die natuurliefde nie doodgegaan het nie. —— Die Trekkers kon tog nie anders gewees het as enige ander groep boeremense nie.

B. Persoonlike reksie.

Irrealis.

Bv. As ek nie half bedwelmd was nie, kon ek amper geskrik het. —— Ek wens ek kon nog meer gelaai het vanmôre.

Prof. le Roux noem 'n verbinding met „wil": kon wil gedoen het. (Sint. bls. 156). Ek het dit nie teëgekom nie.

In die omgangstaal — en 'n enkele keer in die skryftaal — word die vorm van die irrealis soms gebruik vir die verlede tyd. (perfek) i.p.v. „kon + inf".

Bv. Ek is bly dat hy moet oppas, want Bart kon vroeër lelik spek geskiet het. —— Haar oudste broer het so gewigtig gepraat as haar vader dit nooit kon gedoen het nie. —— Hy was 'n man wat baie kon geneul het. (std.VII). —— Sy kon nie regtig gepraat het nie, maar hy het haar bewegings verstaan.

Vgl. ook Opm. par. 70.

## Mag en mog.

Hoewel die onderskeid modaal is soos by die voorafgaande hwwe is daar dié verskil dat „mog" byna uitgesterf het en aandoen as boeketaal.

## Par. 75. Mag + inf.

A. Persoonlike reksie.

Begeerte of verlof van die spreker in die hoofsin of van die subjek van die hoofsin in 'n bysin. Indien die subjek in die eerste persoon is, is dit die begeerte

of verlof van 'n ander.

Bv. Hulle sal nie, hulle mag nie sterwe nie. --- Mag hy beter hardloop volgende keer! --- sodat julle die Here mag vrees. --- Hy wens dat julle dit mag voel. --- Ek mag nie eens my baard laat groei nie.

B. Onpersoonlike reksie.

Vae moontlikheid. Die onderskeid van „kan" of „kon" is moeilik om aan te gee.

Bv. Hy het verklaar dat voorstelle wat gedoen mag word, ondersoek sou word. --- Ek mag in staat wees om hulp te verskaf. --- Daar mag meer as drie wees. --- Hy het 'n vrees dat dit mag gebeur. --- Hulle het geen benul gehad van waar dit mag te voorskyn kom nie.

Par. 76. Mog + inf.

Dit kom selde voor.

A. Persoonlike reksie.

1. Verlede tyd. Bv. Dit mog nie gebeur nie.
2. Modale vorm. Bv. Hy wens dat die dag van môre duisende myle ver mog wees. --- Ek sou aanhou met sak as dit nodig mog wees. (Langenhoven)

B. Onpersoonlike reksie.

Verlede tyd van „mag".

Bv. Die doel was om die batterye wat daar mog wees te vernietig. --- Eers daarna was sy vry om die veranderings wat sy nodig mog ag, aan te bring.

Par. 77. Mag + deelw. + het.

A. Onpersoonlike reksie.

Dit dui die vae moontlikheid van 'n voltooide feit aan.

Bv. Dit soort lewe mag vir die Hollanders mooi gewees het. --- Wie dit ook al mag gegooi het. --- Die

grootste kritici was nie wetenskaplik nie, hoe suiwer hulle oordeel ook mag gewees het.

B. Persoonlike reksie.

1. Verlede tyd.

Bv. Die slawe moes goed na gekyk word en geeneen mag die slawe mishandel het nie. (std. VII).

2. Irrealis.

Bv. Ek mag dit nie gedoen het nie. Ek moes haar laat bly het. (van Melle).

Par. 78. Wil en wou.

Die onderskeid is eerder temporaal as modaal. Die ww. kom slegs persoonlik voor en druk steeds die begeerte van die subjek uit.

Dit word nie verbind met ander wwe van groep I nie.

Wil + inf.

Bv. Ek wil amper gaan sê in ander lande ook. --- Wat wil jy hê?

Wou + inf.

1. Verlede tyd.

Bv. Hy het aangedring dat hy hulp wou hê.

2. Modale vorm.

Bv. Ek wou dat ek uit die land is.

Wou + deelw. + het.

1. 'n Versagtende vorm uit beleefdheid.

Bv. Ek wou gevra het of ek 'n kortpad mag loop.

2. Irrealis.

Bv. Ek wou net gaan slaap het. --- Ek wou al lankal geskryf het.

Dit is uiters moeilik om die onderskeid tussen die irrealis en die verlede tyd van "wil" te bepaal en gevolglik word die bostaande vorm dikwels vir die verlede tyd gebruik.

Bv. Die oubaas wou die hondjies weggegee het, maar hy wou een outjie oorgehou het. (Std. VII).

Ons vind selfs sulke gevalle met "wil".

Bv. Enigeen kon uitgesoek word behalwe die een wat die baas self wil gehad het. (Std. VII).

Par. 79. Irrealis en onpersoonlike reksie.

Ek het in parr. 64-66 gewys op die onderskeid tussen twee sinne soos „Hulle moes baie mooi gewees het in hulle jeug." (Onpersoonlike reksie — 'n hipotese). — „Jy moes hom gehelp het". (Persoonlike reksie — 'n irrealis).

In hierdie voorbeelde word die logiese of semantiese verskil nie deur aparte vorme aangetoon nie. Dog dit is wel moontlik om die onderskeid deur twee reekse vorme teenoor mekaar te stel nl. „sal, moet, kan + deelw. + het" vir 'n hipotese; en „sou, moes, kon, + deelw. + het" vir 'n irrealis.

Eersgenoemde reeks het slegs die een funksie, met die uitsondering van „sal" wat soms vir die voltooid toekomende tyd dien. (Vgl. parr. 65, 69, 73).

Verder word „mag, wou, hoef, behoort + deelw. + het" elk steeds net op een manier gebruik vir 'n besonderlike skakering van modaliteit of aspek. (Vgl. parr. 59, 60, 77, 78).

Die moeilikheid ontstaan eers waar dieselfde vorm „sou, moes, kon, + deelw. + het" gebruik word vir sowel 'n hipotese as 'n irrealis. (Vgl. parr. 66, 70, 74).

Met die oog hierop werk dit verhelderend om die ooreenkomstige vorme in Ndl. daarnaas te stel.

Onpersoonlike reksie (hipotese) :

Die Groot Nederlandsch Woordenboek verklaar „... een zin met kunnen kan dan worden vervangen door een zin met wellicht, allicht, misschien mogelyk.

Bv. Nog geene drie dagen kon onze held gevaren hebben of hy zag in de verte een eilandje liggen. --- Het kan zelfs nog erger zyn geweest. --- Er kan iets zeer onbetamelyks en laakbaars gebeurd zyn. --- Hy kan de trein gemist hebben".

„Evenals kunnen wordt ook mogen gebruikt in zinnen waardoor iets wenschelyks of noodigs wordt aangeduid.

Bv. Koo mogt my dat wel geschreven hebben.

Een zin met mogen kan dan worden vervangen door een zin met wellicht, allicht, misschien, waarschynlik.

Bv. Wie mag hem deze anecdoten hebben meegedeeld."

Moeten. „Ter aanduiding dat men iets logisch noodzakelyk acht.

Bv. Houdt gy u niet overtuigd dat... zy .. geestiger en beminnelyker geweest moet zyn dan zy zich in de brieven aan u voordoet? ––– Eenige tyd van beraad .... zal daar moeten verstreken zyn, voordat hy... kon terugkeeren. ––– Er wordt uitgemaakt dat de schilder dronken geweest moest zyn. "

Persoonlike reksie. (irrealis).

Overdiep wys daarop dat die verlede tyd konjunktief gebruik word vir die irrealis. (Stil. Gr. par. 177), maar in par. 173 verklaar hy dat die konjunktief met weinig uitsonderinge in Ndl. uitgesterf het.

Die irrealis word dus gewoonlik deur ander middele uitgedruk en wel deur die plusquamperfectum.

Bv. Dat had je moeten weten... hier had ik nog van dienst kunnen zyn. ––– Je had nog erover willen praten met Paul maar die had niet gewacht. ––– Ik had 't ook niet in 't Concert-gebouw moeten doen. ––– Als hy 't niet beneden gevonden had, zou hy nu zoo iets niet zeggen". (Armoede).

Die enigste Nederlandse vorm wat ooreenstem met die irrealis in Afr. is die met „zou": Hy zou alles hebben gegeven om haar nu niet te hoeven ontmoeten.

Van waar kom die Afrikaanse vorm van die irrealis dan?

M.i. moet ons nie die verklaring slegs langs een weg soek nie. Daar is eerstens die moontlike invloed van „sou" as voorbeeld; tweedens die moontlikheid dat dieselfde vorm in die volkstaal bestaan het. Ek het bv. in die Groot Nederlandsch Woordenboek teëgekom: „Een schurk die al lang moest zyn opgehangen worden". Die derde moontlikheid lê in die woordskikking. Prof. Bosman het my nl. daarop attent gemaak dat daar in van Riebeeck

se Dagboek bysinne voorkom met die volgende afwykende woordorde: den steenoven die wy laten metselen hebben. —— gelyck (hy?) voor desen ook moeten doen had".

Hier vind ons die volgorde hww. I of III + ww. + hww. II waar dit in die Algemeen Beschaafd sou wees hww. II + hww. I of III + ww. Die woordorde by van Riebeeck stem dus ooreen met die irrealis in Afr., maar die regerende ww. (vf.) is in van Riebeeck se sinne die hww. II en in Afr. die hww. I. Dit is egter moontlik dat met die defleksie van die ww. die eerste ww. as vf. beskou is en die ww. later as deelw. i.p.v. inf. behandel is.

Tenslotte wil ek wys op die ooreenkoms met Engels „should, ought, need + have + participle".

Par. 80. Woordskikking.

Die tipes woordskikking het ons in hoofstukke II en III reeds behandel; hier volg slegs 'n aanvulling daarvan.

A. Hww. I of III + Hww. I of III.

Hoofsin.

1. S + Vf. (of Vf. + S)...O... Inf. + Inf. (+Inf).

Bv. Jy sal hierdie volk die land laat erwe. —— Jy sal vir vannag 'n ander skouburg moet gaan soek.

2. S + Vf.(of Vf.+S)... Inf. + O of Bep. + Inf.

Bv. Hy sal aanhou die esels moor. —— Sy sal bly vet word. —— ... want jy sal by die mense wil troos soek. —— Ons sal nie so stilletjies kan te werk gaan nie.

By laat staan O soms agter die verbale groep. (Vgl. par.34)

Bv. Maar kom ons laat staan dit.

Bysin.

1. S... O... Vf. + Inf. + inf. (+ Inf.)

Bv. ... dat niemand ooit die haan kan hoor kraai nie. —— .. dat Somerset sy taalordinnansies ook op die Kerk

van toepassing sou wil maak.

3. S... Vf. + O of Bep. + inf.

Bv. Hy eis dat sy sal gehoor gee. --- ... dat 'n biskop so sal geherberg word. --- ... waardeur ek my sou skuldig maak.

B. Hww. I + (Hww. I of III) + Ww. + Het.

Hoofsin.

1. S + Vf. (of Vf. + S.).. O ..(Inf. I +) Deelw. (+ Deelw.) + Het.

Bv. 'n Man kan al Vondel se werke gelees het. --- Jy kon jou nek gebreek het. --- Die baadjies moes gesteel gewees het. --- Hy sou nie genoeg kon aangebied het nie. ---

2. S + Vf. (of Vf. + S) .. O .. Inf. III + Inf. + Het.

Bv. Jy moes Jakkals snags by hom sien slaap het. --- Al daardie lesinge kon ek self gaan nalees het. --- Dit sou in hom begin woel het. --- Ek moes dit laat staan het.

Waarskynlik is dit na analogie hiervan dat ons vind „Hulle sou honger wou ly het".

Net soos by die vorige tipes vind ons dat 'n sinsbepaling (A) as gesegdebepaling beskou kan word (Bep.) En toe moes ek dit verder gaan korter saag het.

Bysin.

(1) S.. O .. Vf. + (Inf. I +) Deelw. + Het.

Bv. .. of sy ooit moes gekom het. --- ... dat alleen 'n geoefende oog hulle sou kon beken het.

(2) S.. O .. Vf. + Inf. + Inf. + Het.

Bv. .. dat hy hulle sou gaan roep het.

C. Het + Hww. III + Ww.

Hoofsin.

S + Het .. O .. Hww. III + Inf.

Bv. Hulle het nie weer van hulle laat hoor nie. --- Sy het ons probeer oortuig.

Ook hier kan 'n ander sinsdeel as Bep. beskou word. Bv. „dat hy gaan visvang het".

Bysin.

S.. O .. Vf. III + Inf. + Het.

Bv. Dis wat ek jou hoor sê het. —— dat hulle reeds gaan slaap het.

Soms staan die objek tussen die infinitiewe as dit beskou word as Bep.

Bv. ... dat hy moedswillig kom sonde soek het.

Slotsom.

Ons kan al die konstruksies onder enkele hoofde saamvat:

(1) In die hoofsin staan al die verbale vorme met uitsondering van die Vf. in direkte opvolging.

(2) In die bysin staan al die verbale vorme - Vf. inkluis - in direkte opvolging.

(3) In alle konstruksies word 'n bepaling indien dit as gesegdebepaling gevoel word, geplaas onmiddellik voor die betrokke ww.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE PUBLIKASIES.


Actes du I Congrès international de linguistes. Leiden 1928

Actes du II Congrès international de linguistes. Paris 1933.

Atti del III congresso internazionale dei linguistes. Firenzi 1935.

Ammann, H. Die mensliche Rede. I und II Teil Lahr i.B.1925,1928.

Belic, A. De la nature du mot. Atti bls.227 vlg.

Bloomfield, L. Language. London 1935.

Bosman, D.B. Afrikaanse Spraakkuns deur Dr. A.C. Bouman en Dr. E.C. Pienaar. T.vir W. en K. 3e jg.bls.30 vlg.

" " " Oor grammatika en nog wat. T. vir W. en K. 3e jg. bls. 152 vlg.

" " " Die Hollandse (D). H.G. 9 Mei 1941.

Bouman, A.C. Over reduplicatie en de woordsoorten. N. Tg.33 bls. 337 vlg.

" " " Oor die Afrikaanse Sintaksis van J.J. le Roux.(T.vir W. en K. 6e jg.)

" " " Het probleem van de "inwendige taalvorm". N. Tg.22 blss 24, 293, en vlg.

" " " Onderzoekingen over Afrikaanse syntaxis. Annale van die Universiteit Stellenbosch. 1926.

Bouman, A.C. en Pienaar, E.C. Prinsipiële opmerkinge oor 'n Afrikaanse Spraakkuns. T. vir W. en K. III bls.99 vlg.

Broendal, V. L'autonomie de la syntaxe. Psychologie bls.217 vlg.

" " " Le système de la grammaire. Miscellany bls.291 vlg.

" " " Ordklasserne. Avec un résumè en francais. Kjobnhavn 1928.

Brunot, F. La pensée et la langue. Paris 1922.

Brusendorff, A. The relative aspect of the verb in English. Miscellan

Bühler, K. Sprachtheorie. Jena 1934.

Cassirer, E. Le langage et la construction du monde des objects. Psychologie bls.9 vlg.

" " " Philosophie der symbolischen Formen. I.Teil: die Sprache. Berlin 1923 (1).

Curme, G.O. Syntax. (Grammar of the English LanguageIII). New York 1931.

de Boer, C. Sur quelques noms d'eléments syntaxiques. Mélanges de Grave.

Delacroix, H. Au seuil du langage. Psychologie bls.8 vlg.

" " " Le langage et la Pensée. Paris 1930 (2).

de Munter, J. Naar een nieuwe sinthese in de Linguistiek.('n Bespreking van A. Reichling: Het Woord). Kultuurleven Julie 1937, Sept. 1936.

de Saussure, F. Cours de linguistique générale. Paris 1922 (2)

de Vooys, C. De zogenaamde tussenwerpsels. N. Tg. XXIV bls.40.

de Vries, W. Invloed van de neiging tot beknoptheid op de vorming en betekenis van verba. N. Tg. 19 bls.82.

" " " Opmerkingen over Nederlandsche Syntaxis I. Usurpaties. Tydschrift voor Nederlandsche Taal-en Letterkunde 1910,3e deel bls.122-165.

" " " Er (d'r) zonder duidelyke betekenis. N.Tg. 16 bls. 195 vlg.

" " " Losse opmerkingen over het werkwoord. N.Tg.20 bls.

" " " Opmerkingen over ontleding. N.Tg.16 bls. 19 vlg.

Frei. H. La Grammaire des fautes. 1929. Paris-Geneve-Leipzig.

Funke, O. Studien zur Geschichte der Sprachphilosophie. Bern '27

Gardiner, A.H. The theory of Speech and Language. Oxford 1932.

Guillaume, G. Immanence et transcendance, dans la categorie du verbe. Esquisse d'une theôrie. Psychologie de l'aspect. Psychologie.

Hammerich, L. Nexus. Subjekt und Objekt. Aktiv und Passiv. Miscellany.

Havers, W. Enumerative Redeweise. I.F.45 bls.229 vlg.

" " " Handbuch der erklärenden Syntax. Heidelberg 1931.

Hirt, H. Uber den Ursprung der Verbalflexion im Idg. I.F. 17, bls.36.

Hjelmslev, L. Principes de grammaire générale. Copenhague 1928

Horn, W. Sprachkörper und Sprachfunktion. Leipzig 1923 (2).

Jespersen, O. The Philosophy of Grammar. London-New York. 1924.

" " " (offered to) A Grammatical Miscellany. Copenhagen-London 1930.

" " " The system of grammar. London-Copenhagen. 1933.

" " " Essentials of English Grammar. London 1933.

" " " Analytic syntax. Copenhagen 1937.

Journal de psycholögie normale et pathologique, XXXe Année; Paris 1933. Numero exceptionnel: Psychologie du langage.

Junker, H.F.J. Die indogermanische und die allgemeine Sprachwissenschaft. (bls.1 vlg. Stand und Aufgaben der Sprachwissenschaft). Heidelberg 1924.

Kalepky, T. Neuaufbau der Grammatik. Leipzig 1928.

Kluyver A. Historische studie der syntaxis. N. Tg.8 bls.82-87. (J.H.Kern: De met het Participium Praeteriti omschreven Werkwoordsvormen in 't Nederlandsch. 1912).

Kruisinga, E. English Accidence and syntax. Handbook of present-day English. Groningen 1931.

Langeveld, M.J. Taal en Denken. Groningen, Den Haag; Batavia 1934.

" " " Karl Bühler en de Taalpsychologie. N.Tg. XXIII bls254

" " " De zogenaamde tussenwerpsels. N.Tg.XXV bls. 279½

" " " Abstract en Concreet. N. Tg. XXVI bls.128.

Langeveld, M.J. Jespersen's theorie der Ranks. N.Tg. XXVIII bls.257

" " " Taal en Spraak. N.Tg. XXIX bls.74.

" " " Karl Bühler's nieuwste boek. N.Tg.XXIX bls. 38.

" " " Reichling's Woordtheorie. Een inleidende studie. N. Tg.XXX bls. 363.

le Roux, J.J. Oor die Afrikaanse Sintaksis. Amsterdam 1923.

Mathesius, V. On linguistic Characterology with illustrations from Modern English. Actes du I Congres bls. 56-63

Meillet, A. Linguistique historique et linguistique générale. Paris 1926.(2)

Nederlandsche Spelling, geslacht, en verbuiging. Opstellen 1932.

Nienaber, G.S. Oor die Afrikaanse Taal. Amsterdam 1934.

Otto, E. Grundfragen der Linguistik. I.F. 52 bls. 177.

Overdiep, G.S. Stilistische methode in de Nederlandsche Taal en Letterkunde. Groningen 1929.

" " " Stilistische Grammatika van het moderne Nederlandsch- Zwolle 1937.

" " " De studie der Nederlandsche syntaxis. N.Tg.XIX, 182

" " " Vorm, beteekenis en functie. N.Tg. XX bls. 11.

Paul, H. Prinzipien der Sprachgeschichte. Fünfte Auflage. Halle a S. 1920.

Piaget, J. Le langage et la pensée chez l'enfant. Neuchâtel-Paris. 1923.

Pierson, J.L. Een poging om te komen tot een grondslag voor een vergelykende grammatika. Leiden 1935.

Porzig, W. Aufgaben der indogermanischen Syntax. (Stand und Aufgaben). Streitberg-Festschrift. Heidelberg. 1924, bls. 126 vlg.

Pos, H.J. Het onbepaalde in de taal en in de taalkunde. Amsterdam 1929.

" " " Inleiding tot de taalwetenschap. Haarlem 1926.

" " " Remarques sur les particules, leurs fonctions logiques et affectives. Atti del III Congresso Internazionale dei Linguisti½

" " " Enige opmerkingen over het adjectief. Donum natalicum Schrynen, 102-111. Urecht 1929.

Porzig, W. Se e in quanto si possa tornare a indagare l'origine degli elementi morfologici nelle lingue arioeuropee. -Relazione ufficiale 291-297. Atti III.

Psychologie du Langage. Numero exceptionel, van Journal de psychologie normale et pathologique. XXX Année Paris 1933.

Regula, M. Das Problem der Impersonalia in gegenstandstheoretischer u.stilistischer Beleuchtung. I.F. 52 bls. 196 vlg.

Reichling, A.J.B. Het Woord. Nymegen. 1935.

" " " Enkele notities by de syntakties-stylistiese methode. N.Tg.XXVII bls. 164 vlg.en 212 vlg.

" " " Het handelingskarakter van het woord. N.Tg.XXXI,308

Reichling, A.J.B. Over essentiële en toevallige grammatica-regels. Groningen-Batavia. 1939.

Ries, J. Beiträge zur Grundlegung der Syntax.
1. Was ist Syntax? Prag 1927.
11. Zur Wortgruppenlehre Prag 1928.
111. Was ist ein Satz? Prag 1931.

Royen, Gerlach. Spraak en Taal. Amsterdam 1933.

" " " Reichling:Langeveld. N.Tg. XXX bls.351.

" " "
1. Vervangingen aanduiding. N.Tg. XXVII bls.157.
2. Funktie-verschillen. N.Tg. XXVII bls.202.
3. Haar-kultuur. N.Tg.XXVII bls.289.
4. Aanwas van Hy c.s. N.Tg. XXVIII bls.33.
5. Kongruentie en Bygedagte. N.Tg.XXVIII bls.170.
6. Seksualizering en Seksualiteit.N.Tg.XXVIII, 206.

Salverda de Grave, J.J. Mélanges de philologie. Groningen 1933.

Sapir, E. Language. New York. 1921.

Schnorr von Carolsfeld,H. Transitivum und Intransitivum. I.F.52,lvl

Scholtz, J.du P. Meurant se Afrikaans in 1844-50.H.G. 22,29 Augustus 1941.

" " " 'n Afrikaanse Brief van 1851. H.G.18,20,27 Junie/1941

Schrynen, J. Donum Natalicum. Nymegen - Utrecht 1929.

Schuchardt, H. Über den aktivischen und passivischen Charakter des Transitivs. I.F. 18 bls.528

Sechehaye, A Essai sur la structure logique de la phrase. Paris 1926.

Simons,Ph.J. De term(betekenen) in en buiten de Kleuter-roman. N.Tg.XV bls.43, 65vlg.

" " " Etymologie en Syntaxis in onderlinge vergelyking Kenniskritiese Beschouwingen II.N.Tg 16 bls 84-.

" " " Hy of zy of het? Feiten en beschouwingen omtrent aanduiding en geslacht. (Nederlandse spelling, geslacht en verbuiging. 1932.

Smuts, J. Die werkwoordelike vormleer van Louis Trichardt se taal. M.A.skripsie U.K. 1940 (getik).

Streitberg, W. Stand und Aufgaben der Sprachwissenschaft. Heidelberg 1924.

Stutterheim,C.F.P. Iets over het woord als phonetisch-semantisch en als functioneel-element. Tydschrift voor T. en L. 24, le afl.

" " " Het woord en de woordsoorten. Levende Talen 1934 bls.86 vlg.

van Ginneken, J. De Roman van een Kleuter. Nymegen 1917.

" " " Mélanges de linguistique et de Philologie, offert à.... Paris 1937.

" " " 11. Taalkundige afdwalingen. Utrecht 1923.

" " " Het Woord. (Onze Taaltuin. 5,bls.97,193,225vlg.

van Haeringen,C.B. Grammaticaal systeem van Jespersen. N.Tg.XIX,113.

van Wyk, N.J. De Nederlandsche taal. (3). Zwolle 1913.

" " " Aspect en Aktionsart. N.Tg.22,bls.225.

van Wyk, N.J. Grammatika en Woordvorming. N.Tg. 28, bls. 262 vlg.

Vendryes, J. Le Langage. Paris 1921.

" " " Sur l'emploi de l'auxiliaire „avoir" pour marquer le passé. Mélanges, bls.85 vlg.

Vossler, K. Sprachphilosophie. Gesammelte Aufsätze zur... Munchen 1923.

" " " Idealistische Neuphilologie. Festschrift für... Heidelberg 1922.

Wackernagel, J. Vorlesungen über Syntax I. Basel 1920.

Weerenbeek, B.H.J. L'infinitif prepositionel sans sujet. Mélanges de Grave.

Winkler, E. Grundlegung der Stilistik. Leipzig 1929.

---

LYS AFKORTINGS.

Atti................ sien Atti del 111e congresso.

Essentials......... " Jespersen.

Es. of E. Gr....... " id.

Het Onbepaalde..... " Pos

Inleiding......... " id.

La pensée.......... " Brunot.

Ling. hist......... " Meillet.

Mélanges........... " van Ginneken.

Miscellany......... " Jespersen.

Phil. of Gr. ...... " id.

Prinzipien......... " Paul.

Psychologie........ " Journal.

Sint.............. " le Roux.

Stil. Gr........... " Overdiep.

Syntax............. " Curme.

Syst. of Gr........ " Jespersen.

Vorlesungen........ " Wackernagel.

---

Tydskrifte, ens.

I.F................ " Indogermanische Forschungen.
H.G................ Die Huisgenoot.
D.B................ Die Burger.
N.Tg............... De Nieuwe Taalgids.
T.vir W. en K..... Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.

---